


TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Des. 1961

IN HIERDIE UITGAWE

- GEDIGTE: Abr. Fouché, Eugeni Ferreira, Vincent van der Westhuizen, P. A. de W. Meyer, Roy le Roux.
- VERHALE: Jac. J. Brits, Johan Daisne.
- LETTERKUNDIG: André Demedts, B. le Roux, P. D. van der Walt.
- ARTIKELS: F. J. Suijman, F. C. Fensham, Abr. Fouché.
- BY DIE JONGERES.
- OOR BOEKE.



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad vir die Afrikaanse Skrywerskring

Redakteur: ABEL COETZEE

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe
P. C. Schoonees
W. A. de Klerk
M. S. B. Kritzinger
B. Kok
P. J. Nienaber
B. Conradie
J. Kromhout
André Demedts

Desember 1961

Jaargang 11

Nommer 4

Intekengeld: R2.00 per jaargang, posvry.

- Let wel:* a. **Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Escombe-laan 51, Parktown, Johannesburg.**
- b. **Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.**

I N H O U D

	<i>Bladsy</i>
WASGOED EN WOLKE, Abraham Fouché	1
DIE LEWE IS MEER AS DIE VOEDSEL, F. J. Snijman	2
DIE DROOM, Jac. J. Brits	14
BLINDE KRING, Engemi Ferreira	25
LETTERKUNDIGE SKOONHEID VAN DIE BYBEL, F. C. Fensham	26
LEGIO, V. van der Westhuizen	38
DE VIERDE ENGEL, Johan Daisne	42
MEEUE, e.a. GEDIGTE, P. A. DE W. VENTER	54
EINDEJAARSOVERZICHT, André Demedts	55
GEBED, Roy le Roux	61
BEDIENDELOSE HUISE, Abraham Fouché	62
DIE VENYN IS UIT DIE ANGEL, B. le Roux	73
STEEKPROEF UIT STREUVELS, P. D. van der Walt	80
BY DIE JONGERES	86
OOR BOEKE	90

ABRAHAM FOUCHÉ :

Wasgoed en Wolke

*Dit is wolke daarbo,
dit is wasgoed hieronder
en ek staan my soos 'n kind
in die son en verwonder
oor die hemelse lakens wat
hoog kartel en dein,
ewe veel oor die wasgoed
aan die lyn.
My oë van die hoogtes
na die laagste daal:
ewe veel punte het
hulle behaal!*

*Dit is wolke daarbo,
dit is wasgoed hieronder
en ek staan my soos 'n kind
in die son en verwonder
oor die skoonheid wat
daar oor . . . en hier voor
my ontvou,
my hart soos vir 'n kiewiet
in sy hande hou!*

*Al hoe meer laai daar krag
in die wolkgolwe op;
my hart en die wasgoed
soos sweepklappe klop:*

*Dan dat ek, ek verrukte
skeidregter beken
die wasgoed het vèr voor
die wedloop gewen!*

F. J. SNIJMAN :

Die Lewe Is Meer As Die Voedsel

Met twee insigte het Jannie in die gelyknamige, half outobiografiese novelle van dr. P. C. Schoonees sy jeug van hom afgeskud. Die een is vervat in die Bybelwoord: die lewe is meer as die voedsel, en die ander in 'n spreuk van Spinoza: die gees is ewig, vir sover dit die dinge uit die gesigspunt van die ewigheid begryp. Albei tref reeds in gewone omstandighede as uitdrukking van 'n lewensiening wat die primaat van die gees handhaaf. Maar wanneer iemand daarmee uit die newels en konflikte van sy jeugdige onsekerheid tree, dan is hul meer as treffende uitsprake: hul word 'n verworpenheid wat neerkom op 'n selfontdekking. Ek meen dan ook dat die lewe en werk van dr. Schoonees tot op groot hoogte in die aspek van hierdie insigte 'n eenheidsaksent vertoon. Dit is 'n aspek wat 'n waarde- met 'n handelingsbeginsel verenig en dit spreek haas vanself dat iemand wat so 'n geestelike toerusting het en oor die nodige vitaliteit beskik, hom nie onbetuig sal laat in sy omgewing en op die gebiede waarop hy hom beweeg nie. In die geval van dr. Schoonees is dit veral die opvoeding, die letterkunde en die leksikografie — almal in diens van die botydlike waardes verteenwoordig deur die Afrikaanse volk en kultuur.

Pieter Cornelis Schoonees sal aan die end van hierdie jaar sewentig word. Op die Karoodorpie Uniondale is hy op 23 Desember 1891 gebore en hier het hy ook sy kinder- en seunsjare deurgebring in die huis by die populiere, waarvan hy later sou sê: „Die sagte ritselgeruis van duisende populierblaartjies by my kop moet op een of ander manier ook langsamerhand in my onderwussyn ingesluit het, want selfs nou nog, na lange jare, is daar geen ander geluid, wat so onmiddellik 'n helder beeld oproep van die ouerlike tuiste nie, as die sagte blaargewriemel van 'n populierboom” (vgl. Kleingoed, p. 88). Dit was die onrustige tyd in en om die Tweede Vryheidsoorlog, 'n tyd wat selfs die kalme lewensgang van hierdie dorpie nie ongereg gelaat het nie, soos die keer toe kommandant Scheepers op 'n rustige Sondagmiddag die „Town Guard” verras, die magistraat en ander amptenare in die tronk opgesluit en met die dorp se perde en nuwe voorrade weer stillettjies die wyk geneem het. Saam



Dr. P. C. Schoones

met die ander seuns het die jong Pieter oorloggie gespeel. Maar origens het hy behalwe sy skoolwerk ook ander vaste pligte gehad, want in die ouerhuis is ledigheid nie geduld nie. Daar was genoeg tuinwerk, drinkwater moes van die straatpomp af aangery word en reëlmatig moes *De Koningsbode* en *De Wakker* by intekenaars afgelewer word. Op Saterdag en Sondag was daar weer besondere pligte in die kerk.

Liefde vir die literatuur het al hier ontwaak, danksy die inspirerende lesse van die Skot, mnr. J. Pattison, wat in 1907 hoof van die nuwe „Uniondale Public School” geword het. Maar belangstelling en aanleg in hierdie rigting blyk ook uit die stukkie wat hy na *Ons Land* gestuur het en die ontvangs van ’n Taalbondprys in 1909. In hierdie jaar was hy egter reeds op Stellenbosch as Intermediêre student aan die Victoriakollege, met die gedagte om later miskien predikant te word.

Hy ontvang hier les o.a. van dr. W. J. Viljoen en dr. D. F. Malherbe en kom sterk onder die invloed van die A.T.V.-manne. „In hierdie periode, toe daar so van alle kante volop aansporings gekom het om ons jong letterkunde op te bou, het die rymkoors my ook beetgepak” (*Verskeidenhede*, p. 56). Van sy digproewe stuur hy aan Jan Celliers ter beoordeling en ontvang o.m. die „uitstekende raad”: „In plaas van te *wil* dig sou u namelik, sonder veel moeite dadelik al uw energie kan gee aan goeie *prosa*, wat net so nodig is als gedig(te)” (a.w., p. 57).

Swak gesondheid het verhinder dat sy vroeë ideaal om predikant te word in vervulling kon gaan. Sy belangstelling in kerksake sou hy egter behou. In 1910 moes hy sy studie onderbreek en na huis terugkeer. Die jaar daarop aanvaar hy ’n betrekking aan die Hoërskool van Utrecht in Natal, waar hy tot 1914 as Hollandse onderwyser diens doen.

Dit is die herinneringe uit hierdie eerste ontwikkelingsfase wat die stof gelewer het vir die verhaal van *Jannie*.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is hy in Pietermaritzburg werkzaam aan verskillende onderwysinrigtings, o.a. aan die Pietermaritzburg College. In 1916 tree hy in die huwelik met mej. Elizabeth Crawford. Hy begin nou ook weer met erns sy studie te hervat en behaal privaat die grade B.A. en M.A. Hoofsaaklik deur die aanmoediging van prof. G. Besselaar besluit hy in 1919 om in die ou stamland Nederland sy studie voort te sit, en so vertrek hulle na Amsterdam. Dit was net na die oorlog en in *Kleingoesd* vind

ons so hier en daar 'n verwysing na die toestand wat des-tyds geheers het. Die woningnood was op sy ergste en hulle kon van geluk spreek om 'n bohuis in 'n arbeidersbuurt te huur te kry. Hier was die lawaai egter so erg dat daar soms „'n paar sterk gekruide dialekwoorde van suiwer Amsterdamse maaksel tussen die Oud-Hoog-Duitse aantekeninge” ingesluip het (*Kleingoed*, p. 76). Maar verder het Amsterdam sy kultuurskatte en bekoring, en met die studie aan die Gemeentelike Universiteit o.a. onder die professore J. Prinsen, F. A. Stoett en R. C. Boer vorder dit na wens. In 1922 promoveer hy onder eersgenoemde op die proefskrif *Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*.

Dit is 'n proefskrif wat ingeslaan het nie alleen deur die geesdrif en strydvaardigheid waarmee hy hom inwerp by die strewe na kulturele wasdom wat as aankondiging verneem word in die prestasies van die „Afrikaanse Renaissance” na die Tweede Vryheidsoorlog nie, maar ook en veral deur die genadelose blootlegging van swakhede en die bepleiting en toepassing van internasionaal aanvaarde norme by die beoordeling van die letterkundige produkte van die tyd, met name die prosa. Hy vereenselwig hom met die uitspraak van Jacob Geel: „Laat ons het Proza bewerken: de echte Poëzie zelve zal er bij winnen” (eerste druk, p. 25). Tiperend vir sy militante idealisme is die formulering van sy kritiese standpunt: „Noudat die taalstryd feitlik afgeloop is, word dit tyd om vas te stel, wat ons tot dusverre bereik het; om te waardeer wat skoon is, om te laak wat gebrekkig is. Tyd ook, om die voortbrengrsels van ons kuns te meet aan die meesterstukke van die buiteland. Want ons wil vorentoe beur! Ons wil Suid-Afrika ,hoog opstooten midden in de vaart der volken'. Ons wil nie 'n pieperig-bleek kasplantjie hê nie, wat alleen 'n sukkelbestaan kan voortsleep in 'n vaderlandse broeiatmosfeer. Dit moet 'n *kan-nie-dood* wees, wat ook die kritiek van ons Dietse stamgenote nie kan ontwortel nie, in vaderlandse bodem geplant, maar tog bestand teen alle wind en weer” (p. 26).

Sy kritiese metode word nie met soveel woorde uiteengesit nie. Maar 'n beskouing van die verskillende kritieke self skyn daarop te wys dat hy hom in hoofsaak bedien het van 'n drievoudige maatstaf. Ten eerste word 'n tipemaatstaf aangê, 'n algemene norm wat geld vir 'n bepaalde werk of die werk van 'n bepaalde skrywer, soos dié maatstaf gegee word in die uitsprake van gesaghebbendes. Dit stel daartoe in staat om 'n gewone werk in perspektief te bring.

'n Aanduiding van die tweede is vervat in die „raak opmerking” van M. H. van Kampen „dat kunst het *zichtbaar worden der noodwendigheid in 't voorgesteld gebeuren* ten gevolge heeft, en dat het blyken dier noodwendigheid de schoonheid van 't *voorgesteld gebeuren* uitmaakt” (p. 147). Wesenlik kom dit neer op 'n soort toets van „interne kongruensie”, waarby logies en psigologies nagegaan word in hoeverre die werklike opset en uitbeelding saamval met die immanente, strukturerende waardes en dinamiek van die gegewe komponente. Soos hier aangewend, d.w.s. meer intuïtief as objektief sistematies, lewer dié norm by opvallende afwykinge sy grootste resultate. Die volgende kort voorbeeld gee 'n aanduiding van die vernietigende trefsekerheid waarmee hierdie kritiese instrument gehanteer word: „By die uitbeelding van Dirk Liebenberg gee Van Bruggen 'n psigologiese uiteenrafeling, maar sy afkeer van die skepsel van sy eie verbeelding is só groot, dat dit hom nie geluk om onpartydig teenoor die figuur te staan nie . . . Reeds in die eerste hoofstuk verraaï hy deur 'n kwasi-twyfel sy vooroordeel. „Ons huiwer om hom so wreed te beskuldig, *want ons ken sy verlede nie in besonderhede nie*. Miskien sal die toekoms 'n gedagte aan die moontlikheid daarvan regvaardig.’ Nou weet ons al: Dirk gaan die sondebok word, en die ongeregtigheid word dan ook by wavrage op hom gelaai! Maar let wel, Van Bruggen sêlf *ken nie sy verlede in besonderhede nie*. Hoe kan so 'n persoon nou ooit fel-lewend vir ons word? Met 'n sug van verligting neem die outeur afskeid van hom . . . Hy het só boos geword, dat hy hom, na 'n paar kwaai trappe vir ou-laas, uit die verhaal bons! Dit is mos bruilofstyd en daarby pas Dirk, die suïplap met sy ‚valse gryns’ nie. Maar dis 'n oplossing, wat ons nie bevredig nie” (p. 165).

Die derde maatstaf bestaan in taalkundige en stilistiese detailkritiek soos die volgende: „In sy natuurbeskrywing is (hy) onbeholpe en banaal . . . Die ganse moot brei uit *in sombere somerweelde*’. Sulke niksseggende frases laat ons heeltemal koud. Nie deur die woord *somber* ontstaan die indruk van somberte nie . . . En dan vervolg hy met valse, ondeurvoelde beeldspraak: ‚Uit egaal donkergroen *spreek* nou eenselfde stemmige gedagte, waar uitgeswelde ryphed elke deeltjie van die *ernstige* boskasie herinner aan verwelking’. Dit is viesie-verknoeiing. ‚Die stemming deel sig onbewus mee aan die twee . . .’ Juis, *onbewus*, want hoe dit gebeur bly vir ons 'n raaisel” (p. 168-9).

Soos uit die „kritiese standpunt” blyk, staan hierdie skerp kritiek (waarvan die felheid dui op invloed van Van Deysel) in diens van die kulturele strewe om, in die woorde van Celliers, die Afrikaner „te lei tot hoër dinge” (p. 6). Daarom dat hy kan verklaar „dat die meeste behandelde werke, wat ook al hul gebreke mag wees, en hoe primitief hul ook dikwels mag skyn . . . tog almal, byna sonder uitsondering, voortreflike dienste in ons taal- en kultuurstryd bewys het” (p. 25).

Die literêre historiese waarde van hierdie werk en die daaropvolgende herdrukke word deur prof. G. Dekker (Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1961, p. 51) soos volg saamgevat: „Die verskyning van P. C. Schoonees se *Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging* (1922 — derde bygewerkte druk 1939) het groot beroering veroorsaak. Hierdie skrywer moes harde waarhede sê oor nog lewende en by die groot publiek gevierde skrywers: hy het dit soms ook te hard en met te weinig piëteit gedoen, maar hy het ’n belangrike bydrae gelewer tot die verkryging van ’n juister perspektief. Die boek het gelei tot ’n hele reeks polemieke: met De Waal, Langenhoven, F. E. J. Malherbe en nog verskillende ander. In die tweede druk (1926) is Schoonees minder skerp en negatief en gee hy ’n meer sintetiese kyk op ons prosa in sy ontwikkeling”.

Daar is by hierdie proefskrif enigsins uitvoerig stilgestaan omdat dit grondliggend en rigtinggewend is ten opsigte van die leidende aandeel wat hy hierna in die prosakritiek gehad het en ook omdat dit tekenend is vir sy idealisme. Daar kan nog vermeld word dat ’n bloemlesing *Afrikaanse Prosabundel* gelyktydig met die proefskrif verskyn het.

Na sy terugkeer uit Amsterdam is hy vir ses maande waarnemende professor in Nederlands-Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand. Van 1923 tot 1925 is hy weer in Pietermaritzburg, verbonde aan die Opleidingskollege, en help ook deelyds vir prof. Besselaar. En dan, in 1926, vestig hy hom op Vryheid in Natal as hoof van die plaaslike Hoërskool. Hy bly hier werksaam tot in 1946, toe die pos van hoofredakteur van *Die Afrikaanse Woordeboek* hom aangebied is.

Gedurende hierdie tydperk gaan sy aktiwiteite in verskeie rigtings wat almal min of meer in verband staan met die letterkunde en die opvoedkunde in enger en breër sin.

Dat sy belangstelling op die gebied van die opvoedkunde 'n vrugbare veld sou vind, is lig te begrype. Hier immers is die terrein vir die kweek van „hoër dinge”.

In die twintig jaar wat hy op Vryheid werksaam was, is die skool ontwikkel en uitgebrei, in so 'n mate dat dit selfs van buite die provinsie leerlinge getrek het. „As opvoedkundige het (hy) in weerwil van die swaard van 'n departementele Damokles die stryd om moedertaalmedium-onderwys . . . onverskrokke help stry” en die juistheid van die beginsel met die behaalde resultate gedemonstreer en tuisgebring (aangehaal uit 'n adres aangebied deur die Saamwerkunie by geleentheid van sy 32ste jaarkongres, 1947).

Dit is egter ook te begrype dat 'n dinamiese gees wat „die yl bloue bande van die ver-verre rande” as kulturele simbool opwerp (vgl. Kleingoed, p. 149) hom nie ten volle kan werklik binne die eng bestek van 'n skool nie, hoe belangrik dit ook as sodanig mag wees. 'n Geleentheid tot breër ont-plooiing skeep hy al gou in sy onmiddellike omgewing deur die stigting van die „Afrikanerkring”. Van hier uit het sy invloed hom verder uitgebrei in diens van die bevordering van die Afrikanersaak in Natal. Die Kring self was 'n beslote organisasie met 'n beperkte aantal vertroude en verteenwoordigende lede wat in die stilte gewerk en georganiseer het om die belange van die Afrikaanse gemeenskap te dien. So is 'n museum vir oudhede opgerig, seggenskap is in die stadsraad verkry, geld is ingesamel vir volksake, volksfeeste is georganiseer, ens. By sulke volksfeeste tree hy dikwels as feesredenaar op, ook buite Natal.

Die Saamwerkunie van Afrikaanse Kultuurverenigings in Natal geniet van die begin af sy steun. „Sedert die stigting van die Saamwerk-Unie”, lui dit in die reeds genoemde adres „het u dié liggaam onafgebroke gedien, eers as gewone lid, later as Voorsitter en Onder-Voorsitter en as lid van verskeie onderkommissies. U leiding op meer as een gebied en by meer as een geleentheid toe die stryd so fel gewoed het en die vooruitsigte op sukses so donker was, was altyd 'n besieling”. In hierdie liggaam is hy ook medeverantwoordelik vir die instelling van 'n sentrale biblioteekdiens. Dit was 'n praktiese stap in die gees van sy dikwels herhaalde pleit om beter leesgewoontes by die Afrikaner. In *Dink vir Jouself* (p. 20) word selfs die idee van 'n „Nasionale Biblio-teekstelsel” gepropageer.

Beskouinge en gedagtes, voordragte, ens. oor opvoeding, letterkunde en leesstof, en ander sake waarmee hy hom in

hierdie tyd besighou, is vervat in die didaktiese bundels *Kleingoed* (1929), *Dink vir Jouself* (1940) en *Verskeidenhede* (1948). Invloed van Langenhoven kan soms bespeur word. Die aard en strekking van hierdie bundels word deur die volgende geïllustreer: „Die evangelie van die arbeid moet in ons land gepreek word. *Trek jou baadjie uit, rol jou moue op, werk en word sterk!*” (*Kleingoed*, p. 95). Uit 'n Dingaansdagoordenking: „Voor ons volk lê 'n reusetaak om 'n egte Afrikaanse kultuur op te bou. Ons is aan die begin van ons volksbestemming. Op die bergtoppe blink die glorie van die liggende rooidag van ons nasie . . . Ons (moet) die lendene omgord en begin te arbeid aan ons taak . . . Ons moet arbeid in die wingerd van ons vadere, maar ons moet ook intrek in die wydgestrekte landskap van die gees” (*Kleingoed*, p. 183). En wat betref die lees van goeie boeke: „Wanneer ons die roep van die ruimte hoor, hoef ons nie moedeloos te sit en treur in ons baksteenhoukies nie. Ons kan uitgaan om hulle (die grootste geeste in hul geskrewe woord) te ontmoet, in die gees verre reis aflê en verfris terugkeer na die ou pliggie wat die naaste lê. Hulle kan ons leer hoe om die kwellinge van ons sleurbestaan uit die standpunt van die ewigheid te betrag” (*Verskeidenhede*, p. 241).

Op sy eie vakterrein hou hy hom veral besig met literêre kritiek en die voorsiening van geskikte studie- en leerboeke. Die prosakritiek word voortgesit, veral in *Die Huisgenoot*, en in herdrukke van die proefskrif geïnkorporeer. Afsonderlik verskyn in 1950 *Tien Jaar Prosa*.

Dit is interessant om te weet dat *Jannie* (1926) ontstaan het gedeeltelik as gevolg van 'n uitdaging, na aanleiding van die kritiek, wat daarop neergekom het dat dit lofliker is om te demonstree as om te kritiseer. In hierdie novelle, waarvan 'n vierde druk in 1959 verskyn het, word innerlike ontwikkeling, tweestryd en spanning op gevoelige wyse tot 'n hoogtepunt gevoer. In sy outobiografiese aspek is *Groenfontein se Mense* (1953) onder die skuilnaam Jan Kloppers geskryf, 'n vervolg hierop. Sy werk op Vryheid vorm hierin die tema. Maar deur die ietwat dokumentêre indruk wat dit laat, veral deur die afwesigheid van 'n deurlopende innerlike spanning, bereik dit nie dieselfde peil as *Jannie* nie.

Spesiaal vir studiegebruik is bedoel die *Inleiding tot die Studie van Letterkunde* (1925 — 4de druk 1942), opgestel in samewerking met dr. J. R. L. van Bruggen. En in samewerking met dr. J. J. le Roux word in 1943 (4de druk 1950) *Die Nuwe Taal- en Stylgids vir die Hoërskool* gepubliseer.

Soos uit die herdrukke blyk, het hierdie boeke stellig 'n belangrike invloed uitgeoefen op die insigte van die opkomende generasie.

Ook vir skoolgebruik is die reeks *Juta se Afrikaanse Leesboeke*, wat in samewerking met J. J. Jordaan en dr. C. L. Leipoldt in 1931 verskyn. In 1955 word hierdie reeks vervang deur *Juta se Fonteinreeks*, waaraan o.a. dr. J. Heyl en Nico Uys meegewerk het.

Verder kan nog melding gemaak word van vertalings en bewerkings al dan nie met die oog op skoolgebruik, waaronder *Beatrys* (1939), *Siegfried* (1942) en *Eiko van Reigershof* (1947).

Naas hierdie omvangryke bedrywighede gaan sy belangstelling ook vroeg reeds in die rigting van die leksikografie. Die vertalende *Groot Woordeboek*, opgestel in samewerking met dr. M. S. B. Kritzinger, H. A. Steyn en U. J. Cronjé, verskyn al in 1926. Sedertdien is dit voortdurend bygewerk en telkens herdruk (8ste druk 1959). Op versoek van prof. J. J. Smith, wat in 1926 belas is met die opstel van die Verklarende Afrikaanse Woordeboek, verstrek hy sy sienswyse in verband met opsetvraagstukke, begin self woorde en uitdrukings in Natal te versamel en wek in dié verband die aktiewe belangstelling van lede van die Saamwerkunie. Hy was dus nie onvoorbereid of ontoegerus toe hy in 1946, na die aftrede van prof. Smith in 1945, deur die Raad van Beheer oor die Afrikaanse Woordeboek versoek word om die voortsetting van hierdie taak op sy skouers te neem nie.

Uit die aard van sy besondere samestel volg dat dit 'n taak was wat sy gees sou bekoor. Hier was 'n arbeid van hoë kulturele belang wat die hele Afrikaanse taalgebied omvat en bowendien gekenmerk word deur 'n kwaliteit van blywendheid wat uitgaan bo die onmiddellike werklikheid waaruit dit getrek word; 'n arbeid wat die volgehoue bundeling van alle kapasiteite eis en regverdig.

Aan die ander kant het die Woordeboek hom in 'n situasie bevind waarby die idealistiese aspekte in 'n groot mate oorskadu is deur praktiese. Die Broeksmakommissie, wat na die aftrede van prof. Smith ondersoek ingestel het, het sy verslag uitgebring. Onder die aanvanklik genaderde taalkundiges van die Akademie was slegs dr. J. J. le Roux bereid om die voortsetting van die taak op hom te neem; maar hy is spoedig daarop oorlede. In feite het die toestand by die Woordeboek daarop neergekom dat 'n uitgebreide basiese versameling woorde en uitdrukings aanwesig was, opge-

teken op sowat 230,000 kaarte (vgl. „Feite uit die Geskiedenis van Die Afrikaanse Woordeboek” in *Rondom die Woordeboek*, 1958, p. 121). Verder was reeds ’n aansienlike hoeveelheid voorbereidende werk gedoen: die letters B, E, F, G, J, K, L, N was in eerste bewerking klaar en gedeeltelik ook D, H, I en M. Maar hierdie werk was nog nie hersien en finaal geredigeer nie en tegniese definisies was nie deur deskundiges gekeur en gekontroleer nie. Daarby was die hele onderneming op die basis van ’n opdrag met tydsbeperking.

Dr. Schoonees het hom met deurtastende ywer op sy taak gewerp. Hy moes opnuut besluit oor beginselsake soos opset, omvang en metode. Van belang is in hierdie opsig die volgende: „Die geskiedenis van *Die Afrikaanse Woordeboek*, soos kortliks opgeteken in die Inleiding tot Deel I, toon aan hoe moeilik dit was om die omvang daarvan te bepaal. Die Parlement wou ’n volledige en gesaghebbende woordeboek’ hê en prof. Smith se woordeversameling is op breë grondslag aangelê om aan hierdie vereiste te voldoen. In 1937 het die Woordeboekkommissie hom opdrag gegee om ,voorlopig sy ondersoek in verband met nuwe woorde te staak en die materiaal wat reeds versamel is te verwerk en persklaar te maak met die doel om ’n wel nie heeltemal volledige nie maar as geheel afgeronde woordeboek binne ’n redelike tydperk (drie jaar) uit te gee’. In 1945 wil die Broeksmakommissie ’n standaardwoordeboek hê met ’n omvang ,ongeveer soos Van Dale se sesde druk of soos *The Shorter Oxford Dictionary*’. In 1947 het die nuwe hoofredakteur besluit om uitvoering te gee aan die oorspronklike opdrag, dit wil sê om so volledig moontlik die hele Afrikaanse woordeskat op te teken” (*Rondom die Woordeboek*, p. 50).

Met die hulp van die here M. F. Toerien en N. van Blerk, die twee assistente wat intussen met die werk voortgegaan het, het hy besluit om opnuut en van voor af te begin. Die letter A is gepak, B is vir sover nodig omgewerk en met C daarby was die inhoud van die eerste deel voltooi.

Die beleid van dr. Schoonees as hoofredakteur word verai gekenmerk deur die uitvoeriger making van die omskrywings, min of meer volgens Amerikaanse model, die opvoering van die werktempo met die oog op deelsgewyse publikasie, ontwikkeling van die werkmetodes, modernisering en uitbreiding van die apparaat, uitbreiding van personeel, bestendinging van die Woordeboekkantoor as instelling en popularisering van die onderneming as volksaak.

Tot die ontwikkeling van die werkmodes behoort die mettertyd ingevoerde stelsel van kontrolering van tegniese definisies deur deskundiges aan universiteit en staatsinstellings. Verder, om alfabetiese invoegings te vergemaklik en tikwerk te verminder, is die metode om soveel moontlik op elke vel papier te skryf, vervang deur die stelsel om slegs een definisie op 'n vel te skryf. Hierdie velle word dan genommer na die drukker gestuur.

Reeds in die tweede jaar na sy diensaanvaarding het hy 'n reis na Europa onderneem om 'n studie te maak van metodes van woordbehandeling, -versameling en -keuring. Daarby het hy ook van die geleentheid gebruik gemaak om 'n groot aantal naslaanwerke aan te koop ter aanvulling van die kern wat reeds aanwesig was. Sedertdien is die biblioteek op alle gebiede uitgebrei, sodat dit tans byna die groot sentrale ruimte vul van die nuwe Woordeboekkantoor wat deur die Universiteit van Stellenbosch spesiaal ingerig is met die oog op die besondere vereistes van die werk.

Intussen is ook die personeel uitgebrei. Die drie redaksielede van 1947 het in 1951 tot tien vermeerder en daarby moes nog 'n tegniese assistente aangestel word om die groot aantal kaartjies van medewerkers te hanteer. Wat nog belangriker is, die Woordeboekkantoor het ongemerk 'n „instelling” geword.

Die instroming van taalmateriaal was die resultaat van die beleid om deur oproepe in die pers, populêre artikels, toesprake en radiopraatjies in alle kringe belangstelling te wek en medewerkers te werf. Talle persone het medewerkers geword en hul bydrae is erken in die lys van medewerkers voor in elke deel van die Woordeboek. Tans is die kaartversameling op pad na die miljoenkerf.

Prof. Smith het in 1920 geskryf dat „die voltooiing van die eerste min of meer volledige Afrikaanse woordeboek 'n volksgebeurtenis (sal) wees” (vgl. *Rondom die Woordeboek*, p. 120). Hoe juis hy die algemene gevoel gepeil het, kan afgelei word uit die ontvangs wat die eerste deel in 1951 te beurt geval het. Die vernaamste Afrikaanse en Engelse dagblaai het artikels daaraan gewy — *Die Burger* selfs 'n vermaaklike spotprent „Wat is ‚Apartheid?’” Die hoogtepunt is egter gevorm by die oorhandiging van prageksemplare aan die Goewerneur-generaal, die Eerste Minister en lede van die Kabinet en die leier van die Opposisie. Ook buite Suid-Afrika is in leksikografiese kringe met belangstelling van hierdie eerste deel kennis geneem.

Ook die volgende dele, wat blyk gee van die verbeterde werkmetodes, uitgebreider apparaat asook van die voordeel wat getrek is uit die kritiek op Deel I, is met soortgelyke geesdrif ontvang.

Vier dele van die Woordeboek (A-C, 1951; D-F, 1955; G, 1957 en H-I, 1961) is sedert 1947 voltooi. In hierdie veertien jaar het dr. Schoonees hom onvermoeid aan sy taak gewy en sy mederedakteurs tot dergelyke inspanning aangevuur. Aan die einde van die jaar sal hy die amptelike aftreeleef-tyd by die Woordeboek met vyf jaar verbystee. Hy sal kan terugkyk op 'n bedrywige en sinvol gerigte lewe. Dat sy idealistiese strewe openbare waardering gevind het, blyk onder andere uit sy lidmaatskap van belangrike liggame soos die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Raad van die Universiteit van S.A., die Raad van die Universiteit van Natal en De Maatschappij der Nederlandse Letterkunde. Wat Die Afrikaanse Woordeboek betref, hy het hom ingespan om die volk daartoe te bring om daaraan mee te werk en om dit te aanvaar as sy trotse besit. Die eer wat hy wederkerig ontvang het, is om in breë kring met die Woordeboek geïdentifiseer te word.

Met sy arbeid en strewe het hy op sy eie wyse gestalte gegee aan die Bybelwoord: „Die lewe is meer as die voedsel”, en nog as toegif ontvang wat vervat is in die wens: „Geseënd is hy . . . wat met die klim van die jare nog iets oorhou van die bruisende geesdrif van sy jeug” (*Verskeidenhede*, p. 6).

BIBLIOGRAFIE

1. Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging (Pretoria, Kaapstad, 1922 — 3de omgewerkte en vermeerderde druk 1939).
2. Afrikaanse Prosabundel (Id., 1922).
3. Inleiding tot die Studie van Letterkunde — in samewerking met dr. J. R. L. van Bruggen (Kaapstad, Pretoria, 1925 — 4de hersiene druk 1942).
4. Mooi Annie — 'n vertaling (Kaapstad, 1925 — 10de druk 1945).
5. Jannie (Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1926 — 4de druk 1959).
6. Groot Woordeboek — in samewerking met M. S. B. Kritzinger, H. A. Steyn en U. J. Cronjé (Pretoria, 1926 — 8ste druk 1959).
7. Kleingoed (Pietermaritzburg, 1929).
8. Juta se Afrikaanse Leesboeke — in samewerking met J. J. Jordaan en C. L. Leipoldt (Kaapstad, Johannesburg, 1926) — In 1955 vervang deur Juta se Fonteinreeks.
9. Beatrys — 'n vertaling (Pretoria, 1939).
10. Dink vir Jouself (Pretoria, 1940).
11. Siegfried — 'n vertaling (Kaapstad, Johannesburg, 1942).

12. Die Nuwe Taal- en Stylgids — in samewerking met J. J. le Roux (Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth, 1943 — 4de druk 1950).
13. Eiko van Reigerhof — 'n vertaling (Kaapstad, 1947; 2de druk 1959).
14. Verskeidenhede (Johannesburg, 1948).
15. Tien Jaar Prosa (Id., 1950).
16. Groenfontein se Mense (Jan Kloppers) (Kaapstad, Pretoria, 1953).
17. Juta se Fonteinreeks — in samewerking met J. Heyl, Nico Uys, e.a. (Kaapstad, Johannesburg, 1955).
18. Rondom die Woordeboek (Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1958).
19. 'n Aantal Nederlandse bloemlesings en werke met aantekeninge: Bloemlesing uit die Gedigte van P. A. De Génestet (Pretoria, 1934); Nederlandse Verhalen (Kaapstad, Bloemfontien, Johannesburg — 3de druk 1949); Erik (Kaapstad, Bloemfontien, Port Elizabeth, 1950); Scheepsjongens van Bontekoe ('s-Gravenhage, 1950); Uit de Nederlandse Verhaalkunst (Pretoria, 2de druk 1956).
20. Bydraes tot versamelwerke, soos die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner en Gedenkboek C. M. van den Heever.

Die Droom

Eers toe oom Fanie sy woorde vir die tweede keer herhaal, kyk tant Maryna op. En selfs toe kon hy sien dat haar gedagtes ver rond dwaal.

„Het jy gepraat, ou man?”

Oom Fanie wil hom eers vererg vir die ontydige dromery, maar hy bedwing hom.

„Ek hoop die kinders gaan nie weer vannag tot wie-weet-watter tyd lawaai maak nie,” sê hy nors. „Verlede keer kon ek g'n oog toemaak nie.”

Tant Maryna antwoord nie. Daar is 'n gewydheid in haar houding sedert gisteroggend toe Faans, na 'n jaar se afwesigheid, vir sy vakansie huis toe gekom het. Dit was of sy na maande van rusteloosheid en verwagting plotseling rus gevind het en niks meer verlang nie. Byna of Faans se teenwoordigheid haar op 'n hoogte plaas waar alles drome is.

„Het hy gesê hoe lank hy hierdie keer gaan bly?” vra oom Fanie. „Hy praat mos nie met my nie.”

„'n Week,” antwoord tant Maryna. „Hy sê hy wil vir 'n paar dae see toe gaan.”

Oom Fanie snork. „Verlede keer het hy ook gesê hy gaan ag dae bly,” sê hy veragkend. „En wat gebeur toe? Die duiwel kon hom nie wegkry nie.”

Oom Fanie se onverbloemde veragting maak haar seer. Daar is 'n wilde verset in haar. Waarom kan hy nooit iets goeds in hulle seun sien nie? Is hulle dan nie bloedfamilie nie?

Sy wil antwoord, maar as sy in sy uitdrukkinglose oë kyk, huiwer sy. Hy verstaan nie haar hart nie. Faans is vir hom nie so onmisbaar soos vir haar nie.

Sy probeer glimlag in oom Fanie se strak gesig.

„Ek wonder of Faans van die partytjie sal hou?” sê sy onrustig.

„Natuurlik sal hy,” blaas om Fanie. „Jy weet mos hoe hy is: Gee hom net 'n partytjie en hy is soos 'n aap op 'n paal.”

Daar is bitterheid in haar man se stem, maar sy skuif sy woorde angsvallig weg. Vandag ken geen verwyte of bitterheid nie. Vanmôre toe sy wakkerskrik na 'n lang nag van wens en wag, en sy aan sy kamerdeur klop met 'n koppie koffie, was dit soos lank gelede toe Faans klein was. En toe

hy sê: „Mams is mos vroeg op; ek sien Mams het nog nie verander nie,” was dit of sy stem ’n innigheid dra wat haar ryk maak. En die rykdom het gegroei totdat dit nou oorweldigend is en alles omsluit.

Sy trek haar voorskoot reg en gaan na die voorkamer. Daar staan sy lank na die koek op die tafel en kyk. En die blomme wat sy so goed moontlik gerangskik het. Faans hou mos van blomme. ’n Plotselinge trots laat haar glimlag. Dit is alles vir Faans . . . haar seun met sy groot, sterk liggaamsbou en grys oë soos sy oorlede oupa . . . En . . .

Sy glimlag dof. Vir ’n oomblik staan sy en luister na die skuifgeluide wat uit sy kamer kom. Dan klop sy skugter aan die deur.

„Faans.”

„Ja, Ma?” Sy stem is kortaf, asof hy vererg is oor die steuring.

„Hoe laat kom die mense?”

„Half-ag, Ma, ek het mos gesê half-ag.”

Sy staan besluiteloos, wonder wat om te sê.

„Ek sal in die kombuis wees as jy my nodig het, Faans.”

„Goed, Ma.”

In die kombuis tref sy oom Fanie aan. Daar is ’n rusteloosheid in sy houding sedert Faans aangekom het.

„Ek stap gou oor na Stefaans-hulle,” sê hy toonloos, en klop sy pyp onnodig uit.

Tant Maryna knik net. Oom Fanie merk die afgetrokkenheid maar hy vra nie uit nie. Jare van saamleef met haar het hom geleer watter invloed Faans op haar het.

Eers toe sy die voorhekkie hoor toeklap, kyk sy hom agterna. En vir die soveelste keer is daar ’n vreemdheid in haar. Dis of die man wat daar loop ’n onbekende is wat los staan van haar.

Faans se bonkige skaduwee val oor haar.

„Waarheen is Pa nou weer?” vra hy.

Sy merk die koudheid in sy stem en kyk huiwerend na hom.

„Pa is ook nooit by die huis nie,” sê hy sonder om op haar antwoord te wag. „Mens sal nie sê ek was vir ’n jaar weg nie. Mens sou sê ek bestaan nie. Ek wil met hom praat.”

Sy staan vasgevang in die stilte wat volg. Vir ’n enkele oomblik is daar ’n onrus in haar. Maar sy stoot dit angsvallig weg. Faans is hier. Sy kan hom sien . . . sy kan hom voel. En onwillekeurig lê sy haar hande op sy bors.

„Jy het ons nog nie eers vertel hoe dit met jou werk gaan nie,” sê sy.

Sy merk nie hoe die spiere van sy gesig saamtrek nie. Sy hoor slegs sy onverskillige, joviale stem en voel sy arm om haar skouers.

„Dis vanaand partytjie, Ma. Wie praat van werk as daar geëet en gedrink moet word?”

Sy lag, helder en kinderlik, asof dit 'n grap is.

„Jy moet die mense ontvang en tuis laat voel, Faans. Jy weet ek is maar dom. Ek is nie 'n mens vir sulke dinge nie.”

Faans soen haar op die voorhoof.

„Laat dit maar aan my oor, Ma,” lag hy hoogmoedig. „Ma ken my nog nie. Ek het al baie gasheer gespeel.”

Sy lag, sonder om te weet waaroor. En op daardie oomblik is sy gelukkig.

* * *

Die jongklomp het voor half-ag begin opdaag. Sy kon die geroesemoes van hulle stemme hoor, die uitgelatenheid waarmee elke nuwe aankomeling begroet word. En nog het sy in die kombuis gesit, roerloos, afwagtend, asof die nag 'n boodskap inhou wat netnou duidelik sal word.

Eenmaal verman sy haar en loer versigtig by die middel-deur in. Faans sit voor die huisorreltjie en sing, tot vermaak van die ander. Sy wil buite gesig tree, maar dan sien hy haar.

„As dit nie my ou moeder is nie!” roep hy uit, met 'n oordrewe stembuiging. „Kom binne, neem deel aan die pret.”

Dit lok gelag van die ander uit, en sy tree vinnig agteruit, asof sy 'n verbode plek betree het en betrap is.

„Kom wys vir ons hoe om die maltrap te dans,” hou Faans aan.

Maar Maryna glimlag net, sien met trots dat Faans groter is as al die ander in die vertrek. Selfs Stefaans du Preez se seun wat so baie van homself dink, lyk soos 'n dwergie langs haar seun se reusagtige gestalte.

„Ek het al verleer, my kind,” maak sy flou verskoning. „Jy weet mos ek dans nie meer nie.”

Maar niemand hoor haar blykbaar nie. Die jong klomp se aandag is al weer elders. Faans het 'n meisie op sy skoot en probeer haar soen.

Maryna staan verslae, uitgeslote. Sy gaan stadig na die kombuis, druk die deur toe en sit in die vaal skemer van die vroeë aand. Die geluide slaan dof deur haar brein, ver weg

en vreemd, soos stemme uit haar herinnering. En plotseling is dit of die hede teruggryp na die afgeleefde verlede en haar saamvoer totdat sy ondergaan in die draaikolk van rustelose gedagtes.

Dit was alles lank al verby. Daardie dag toe oom Fanie haar op Sandfontein kom haal het om sy bruid te wees hier op Diepkloof. Daardie dag toe sy met weemoed, maar sonder spyt haar ouerhuis verlaat het. Want hulle was 'n groot gesin en die lewe was nie maklik nie. Oom Fanie se koms het haar weggeruk van 'n armsalige bestaan en haar op 'n nuwe vlak geplaas.

Noudat sy terugdink, noudat sy alles in perspektief kan sien, nou weet sy dat sy gelukkig was. Intens gelukkig deur al die jare. Totdat Faans besluit het om weg te gaan.

„Ons moenie in die kind se pad staan nie,” het oom Fanie nugter geredeneer. „As hy wil gaan, laat hom gaan, sê ek.”

Sy het geweet dis reg wat hy sê. Kinders val af van hulle ouers soos herfsblare van 'n boom. Dis die wet van die onverbiddelike lewe. Maar sy kon dit nie sommerso aanvaar nie.

„Maar hy sal alleen wees,” het sy haar angsgedagte uitgespreek.

„Hy is nie 'n kind nie,” was oom Fanie se kortaf verweer. „Hy kan na homself kyk.”

Ja, sy het geweet dis waar. Maar hoe aanvaar mens die vernietiging van jou lewe? Hoe neem mens afskeid van jou geluk asof dit niks is nie? Want Dries se koms, drie-en-twintig jaar gelede, na jare van onvrugbaarheid, was die een groot oomblik waaraan haar herinnering vasgeklem het. Dit was soos die verlossing uit 'n angsdroom. Daar was die sewe jaar na hulle troue, die eensame, leë, onvervulde ure van wag, totdat haar hoop vervloei het soos die ryp op die gras in die strale van die son. Sy het nie omgee om jaar-in en jaar-uit so ver van haar familie te bly nie. Maar die lang ure van alleen-wees bedags wanneer oom Fanie en die Kleurlinge op die pad werk, was ondraaglik.

Daar was weinig wat sy kon doen. Die huiswerk was gou afgehandel, en die ekstra takies wat sy haarself opgelê het, kon haar nie besighou nie. Soms het sy, in 'n oomblik van vertwyfeling, die Kleurlinglokasie ingestap en 'n geselsie met die Kleurlingvroue aangeknoop. Die klonkies se ronde mae en verwonderde oë het haar vreemd bevredig.

Met Faans se weggaan het al hierdie ou onrus teruggekeer. Dit was vergete herinnerings, drome wat vervul is

en dus nie meer bestaan het nie. Maar Faans se onverwagte besluit om vir homself 'n pad oop te skop, weg van hulle, het alles herstel. En die vervulling het weer droom geword, 'n vae hunkering van vervulling. Want Dries was meer as 'n seun. Hy was die antwoord op 'n fluistergebed. Hy was die kroon wat haar leë lewe versier het.

As hy net getroud was, het sy toe skielik gedink. Miskien sou hy dán hier bly. Maar die oerbegeerte dat Dries vir haar 'n kleinkind moet gee, het plotseling nie meer so aantreklik gelyk nie. Honderd-en-een gedagtes het deur haar brein gevlam. Sê nou maar hy was getroud en sy vrou was daarteen? Dan sou hy ongelukkig gewees het. Hy sou nie onafhanklik kon kies nie. En sy sou haarself nooit kon vergewe nie. Was dit dan nie sý wat hom elke dag aangepor het om te trou nie?

Hierdie gedagte is soos die strelende son op 'n wintersmôre. Dit laat haar warm en tevrede voel, soos 'n kind wat hom inleef in 'n verbeeldingspel. Dis of die lewe 'n nou sirkel om haar trek en alles daarbuite uitsluit: die pyn, die verwagting, die eensaamheid. En plotseling besef Maryna hoe Faans se geluk al haar gedagtes oorheers, hoe intens sy toekoms vasgeweef is aan haar oumensdrome.

Maar dis nie die enigste gedagtes wat van haar besit neem nie. Asof in 'n droom onthou sy die rusteloosheid wat hom lank voor sy weggaan gepak het. Sy sien hom saans op die voorstoep sit, sy gedagtes ver van sy omgewing, soos 'n trekker wat staanplek soek. En sy onthou hoe vraend haar hart geklop het wanneer hy op haar bekommerde vrae antwoord. Daar was 'n toonloosheid in sy stem wat hom vreemd en afsydig gemaak het. En dit bring pyn, intens en dwingend soos dié van 'n inwendige wond.

Maar slegs vir 'n oomblik. Dan is die ou trots weer in haar. Faans sal almal nog wys. In sy laaste brief het hy juis geskryf hoe tevrede die baas is met sy werk. „Die baas sê ek is sy tweede regterhand,” het hy geskryf.

Ja, Faans is besig om vir hom 'n pad in die stad oop te skop, dis nou nie altemit nie. Het Dominee dan nie self so gesê nie? 'n Man wat die wêreld in die gesig kyk en aandurf, toon wilskrag, het Dominee gesê. En nog baie ander dinge ook, die helfte waarvan sy nie eers verstaan het nie.

Presies watter soort werk Faans gedoen het, het sy nie geweet nie. Hoe hy almal sou „wys” was ook nie duidelik nie. En dat Faans gedurende die twee jaar dat hy in die stad werk, verskeie keer van werk verander het, het blyk-

baar ook nie tot haar eenvoudige verstand deurgedring nie. Die wete dat mense soos Dominee en die skoolhoof haar seun prys, was genoeg. Maryna het reeds in die toekoms geleef. En die hede met sy droewige werklikheid, het na die agtergrond geskuif.

„Dink jy hy sal goeie werk in die stad kan kry?” het sy vir oom Fanie gevra, asof die toekoms reeds hede is. Hulle was in die bed, en die sluimer het oom Fanie reeds gevang.

„Slaap tog, vrou,” was sy kortaf antwoord. „Dit help nie om daaroor te dink nie.”

„Ons moet maar die paar pond by die poskantoor gaan trek” het sy gemyster. Die „paar pond” het vyf-en-sewentig getel, en oom Fanie het sy asem opgetrek oor haar skielike besluit.

„Die kind kan tog nie sonder geld in die stad aankom nie, ou man. Dit sal 'n sonde wees. Buitendien, hy moet nuwe klere koop. Ek wil nie hê hy moet armoedig lyk nie. En miskien moet hy 'n fiets ook koop as hy ver is van die werk.”

Oom Fanie wou nie redeneer nie. Hy het haar te goed geken. „Slaap tog, vrou,” het hy bars herhaal. „Waarvoor bekommer jy jou so?”

Maar tant Maryna wou seker maak voordat sy haar oorgee aan die slaap. „Sal jy die geld môre gaan trek?”

Oom Fanie was gesteld op sy slaap, en tant Maryna se geneul was darem oordrewe.

„Maar ek het mos gesê ek sal die geld gaan trek, vrou,” het hy ontplof. „Wat neul jy nes 'n kind.”

Sy was nie seergemaak deur oom Fanie se teregwysing nie. Sy was tevrede.

* * *

Die middeldeur gaan oop en stemme golf oor haar gedagtes.

„Wat is dit, Faans?” vra sy verskrik.

Hy lag gerusstellend, goedig, en druk die deur toe.

„Ek gaan gou vir Ria wegbring, Ma,” kondig hy onverskillig aan, asof hy haar 'n guns doen om haar daarvan te vertel. „Ek sal nie lank wegbly nie.”

Sy is verslae. Het die tyd so gou omgegaan?

„Is julle dan klaar?”

„Dis amper elfuur,” antwoord hy, asof dit genoegsame antwoord is.

Die stilte skei hulle.

„Waarom steek Ma nie die lamp aan nie?” wil hy weet.

„Ek sal dit netnou aansteek, my kind. Ek het nie lig nodig nie.”

Almal loer om die middeldeur en sê goeienag. Maryna staan nie op nie, antwoord in 'n toonlose stem, en sit dan asemloos en luister hoedat die voordeur toegaan en 'n leegte laat.

Faans se binnekoms het haar verstrooide gedagtes uit die verlede geskeur. Sy dink daaraan dat sy maar moet gaan slaap, sy het tog niks te doen nie, maar sy staan nie op nie. En plotseling wonder sy waar oom Fanie is. Hy is ure al weg. Dis nie sy gewoonte om so laat te kuier nie.

Dan hoor sy 'n skuifgeluid op die agterstoep.

„Ou man,” roep sy, „is dit jy?”

Sy voetstappe kom nader, bekende voetstappe wat met die jare aan haar lewenspatroon vasgegroeï het. En dit klink ver en naby tegelyk soos die roep van 'n uil. Hy kom binne en steek die lamp swygsaam aan.

„Was jy al die tyd by Stefaans?” vra sy.

„Nee, ek het sommer buite op die stoep gesit, vrou.”

„Dis . . . dis 'n heerlike aand,” sê sy. „Die kinders is weg. Hulle het seker 'n entjie gaan stap. Faans sê hy sal nie laat wees nie.” Na 'n oomblik voeg sy heimlik by: „Ek dink hy is net danig oor Ria Vermaak.”

Maar dit kan oom Fanie weinig skeel of Faans danig is en met wie. Hy klop sy pyp langsaam uit en stop dit. Sy gebrek aan belangstelling grief haar.

„Faans sê hy wil met jou praat,” sê sy.

„Waaroor?”

„Hy het nie gesê nie.”

„Hm,” sê oom Fanie, en suig aan sy pyp.

Vir die eerste keer in jare is sy bitter jeens haar man se traak-my-nie-agtigheid. Dis of oom Fanie se onvermoë om hulle seun lief te hê, 'n bedreiging inhou.

„Jy moenie so wees nie, Fanie,” verwyf sy met 'n hees stem.

Oom Fanie kyk verbaas op. Die klank in haar stem het hom nie ontgaan nie.

„Hoe is ek?” wil hy lakonies weet.

Maar tant Maryna weet nie hoe om te verduidelik nie. Daar is iets verkeerd, sy weet dit. Dis soos 'n breë rivier wat hulle skei. En omdat sy onmagtig is om haar gevoelens in woorde om te sit, is daar verset in haar, 'n oorweldigende begeerte om oom Fanie te verwyf totdat hy sien en verstaan.

Maar as sy na sy stil, peinsende figuur kyk, weet sy plotseling met 'n diep skuldbesef dat sy hom dikwels te kort gedoen het. Daardie geld wat sy vir Faans gegee het, was die vrug op haar man se jarelange arbeid. Hy het altyd sy hart daarop gesit om 'n stukkie tuingrond te koop. En nie net ter wille van homself nie. Nee, dit was vir haar ook, sodat hulle inkomste groter kan wees.

Hy was seergemaak, sy kon dit sien. Meer as een dag het daar harde woorde geval, maar sy het verstaan. Want soms het sy ook snaaks gevoel oor Faans niks van die geld skryf nie. Dit was of hy hulle vergeet het.

Soms het die uitdrukkingloosheid in oom Fanie se oë vir haar te veel geword. Dan wou sy, sy grys, ylwordende hare streel en sê sy verstaan hoe hy voel. Maar iets in haar het altyd gekeer, asof haar begeerte 'n sonde is, en bedek moet bly. Sy en oom Fanie het 'n leeftyd saam-saam geloop, het sy dan gedink. Hulle het hulle deel gehad. Maar Faans is jonk, sy toekoms lê nog agter die verste bult en wag. En dis hulle plig, ja, hulle dure, ouerlike plig en voorreg om hom met raad en daad by te staan.

Maar oom Fanie het verander. Sy kan dit sien. Dis of hy alle vertrouwe in hulle kind verloor het. Partykeer, soos netnou, voel sy bitter. Maar dis 'n bitterheid wat drome bring, nuwe verwagting, nuwe hoop. Eendag, het haar eenvoudige verstand 'n saadjie in haar ontvanklike siel gesaai, eendag sal oom Fanie sien hoe verkeerd hy geoordeel het. En hulle sal saam dankbaar wees oor die groot gawe wat die onselfsugtige lewe hulle gegun het.

En terwyl hierdie gedagtes haar vasvang, kyk sy na haar afgetrokke man.

„Ek wonder wat Faans vir jou wil sê,” dink sy hardop.
„Hy sê hy wil met jou praat.”

* * *

Hulle sit swygsaam teenoor mekaar, soos doofstom mense wie se bewussyn van mekaar op sigself 'n gesprek is. Die nag was stil en het kalm voor die venster gehang, asof hy saam met hulle wag op . . . niks.

Faans het 'n uur later binnegekom. Sy sit afwagtend, asemloos en luister hoe sy voetstappe na sy kamer gaan en voor die deur huiwer.

„Faans,” roep sy.

Daar is 'n pouse. „Ja, Ma?”

„Wil jy koffie hê, my kind? Dis vars gemaak.”

Hy verskyn in die middeldeur. Die skemerlig van die

lamp laat hom nors en afsydig lyk. Hy kyk sydelings na oom Fanie wat ongesteurd aan sy pyp sit en suig.

„Waarom is Ma-hulle nog op?” wil hy weet.

„Ons sit sommer, Faans. Dis so 'n heerlike aand. Het . . . het jy die partytjie darem geniet?”

„Natuurlik, Ma. Dit was lekker om al my ou vriende weer te sien.”

„Was daar darem genoeg om te eet en te drink?”

„Natuurlik, Ma, die helfte daarvan het oorgebly. Ek het Ma gesê dis te veel.”

Sy swyg, innerlik dankbaar dat hy tevrede is met alles, dat sy in staat was om hom vir 'n uur of twee gelukkig te maak.

„Wil jy koffie hê?” herhaal sy haar vraag.

„As daar is,” sê hy toonloos.

Hy staan met sy rug teen die deur geleun soos 'n vreemdeling wat ontuis voel. Tant Maryna skink vir hom en oom Fanie. Haar hande bewe, net of sy bang is dat iets vreesliks skielik sal gebeur. Waarom is hulle al twee so stil dink sy wanhopig. 'n Vader en sy seun praat mos met mekaar . . . soos Christene!

„Waaroor wou jy met jou pa praat, Faans?” vra sy skielik as die gedagte haar tref.

„Daar is nog tyd, Ma,” antwoord hy onverskillig en kyk weg. „Dit kan wag tot môre.”

„Werk jy nog lekker in die stad?” vra sy huiwerig.

„Waarom lol Ma so oor die werk?” vra hy onbeskof. „Ek is vaak, ek wil gaan slaap. Ek het nie nou lus vir geselskap nie.”

„Maar Faans . . . ” begin sy.

„Olraait, Ma,” bars hy los, „as Ma dan so graag wil weet: ek het bedank.”

Die aankondiging is soos 'n knal uit 'n geweer. Oom Fanie kom onwillekeurig orent.

„Wat?” skreeu hy. „Wat het jy gesê?”

Faans het so 'n reaksie nie verwag nie. Maar hy bly roerloos staan, sy oë op sy vader se ongelowige gesig.

„Maar Faans,” sê tant Marina swak, „jy het dan al so baie keer bedank. Dit was so 'n goeie werk. Jy het self so gesê. Jy het geskryf die baas is so tevrede met jou werk . . . ”

„Wat daarvan?” vra hy brutaal. „Ek is nie 'n kind nie. Ek is my eie baas. Ek sal bedank wanneer ek wil.”

„Jy moet weet met wie jy praat, Faans,” roep oom Fanie bewend uit. „Jou ma is nie jou bediende nie.”

„Ag, Pa, moenie inmeng nie!”

Die bloed stoot na oom Fanie se kop. Maar hy bedwing hom. Die stilte druk benoud op sy bors.

„Wat gaan jy nou doen, my kind?” vra tant Maryna hees.

„Ek weet nie, Ma. Ek het nog nie besluit nie.”

„Gaan jy hier bly?”

„Ja . . . miskien.”

Sy strak gesig is onpersoonlik. Sy staar na hom, asof sy hom vir die eerste keer sien.

„Chris Marais het ’n man nodig om agter sy winkel se toonbank te help,” sê sy huiwerig. Maar sy besef haar flater dadelik.

„Wat?” roep hy uit. „Dink Ma ek wil dáár gaan werk? In ’n winkel?”

„Wat is verkeerd met ’n winkel?” wil oom Fanie stryd-
lustig weet. „Dis eerbare werk. Of dink jy te veel van
jouself?”

Faans se lippe plooi veragterend.

„Ja, Pa,” sê hy stadig, met klem, „ek dink te veel van
myself.”

Oom Fanie se hoof druis. In ’n oomblik van bitterheid
sluit hy sy oë. Here, wat het hy gesondig om so ’n karakter-
lose kind te hê? Hy was van kleins af ’n deurbringer wat
net aan homself dink.

„Al waarvoor jy goed is, is geld mors,” sê hy hees, mag-
teloos. „Partytjies hou, rondkerjakkert, dis jou kos.”

„O, Pa dink nog steeds aan daardie ou paar pennies wat
Pa my geleen het,” kom dit honend. „Mens sal sweer ek is
’n miljoenêr. Ander ouers het iets vir hulle kinders oor,
maar nie myne nie. Gedurig moet ek hoor hoe baie Pa en
Ma vir my doen. Ek is moeg daarvan.”

Oom Fanie bewe van woede. Al die opgekropte bitterheid
van jare stoot in hom op.

„Jy is ons nie werd nie,” hyg hy. „Jy is jou moeder nie
werd nie. Jy het ons nog niks anders as verdriet besorg nie.
Jy dink jy kan hier kom leeglê, maar ek sal dit nie toelaat
nie. Ek sal dit waaragtig nie toelaat nie.”

Faans plaas sy koppie hardhandig op die tafel neer.

„As Pa-hulle my nie hier wil hê nie, sal ek gaan,” skreeu
hy. „Ek is nie verleë nie.”

Die deur het hard agter hom toegeklap toe hy na buite
gaan. Die stilte wat hulle omring, is eng en eensaam. Sy
luister soos in ’n droom hoe sy voetstappe oor die gruis

knars, hoedat die tuinhekkie oopgaan en wild terugswaai. En toe is daar 'n aaklige leegte waarin sy wegsink.

Tant Maryna het nie woorde nie. Haar oë het volgeskiet, maar sy wend geen poging aan om die trane te keer nie. Sy sit net wesenloos, en die sout van haar trane brand op haar wange, en drup-drup op haar voorskoot.

In 'n vlietende oomblik breek die herinnering aan die verlede deur haar gedagtes. Sy staan weer in die leë dae, met haar drome as haar enigste metgesel. Dan sien sy oom Fanie in die agtergrond. En dis of hy vreemd en veraf is, iemand wat sy ken en tog ook nie.

Die gesig laat haar na haar asem snak. Haar lewenslange droom oor haar seun is plotseling afskrikwekkend. Was sy dan blind? En sien sy nou? Here, is haar oë nou geopen?

In 'n oomblik van angs gryp haar gees, haar hele siel na die een ligpunt wat sy in die duisternis herken: Fanie is nog daar. Haar man met sy stil aanvaarding. Haar man wat sy hele lewe lank in homself gelewe het omdat sy al haar liefde aan hulle seun wou gee. Haar man wat nou losgebreek het soos 'n wilde dier uit 'n hok.

Sy hoor sy vinnige, onreëlmatige asemhaling.

„Dis omdat jy hom te veel opgepiep het,” hoor sy hom bitter sê. „Ek het vir jou honderd-en-tien maal gesê, maar jy wou nie hoor nie. Dis omdat jy hom behandel net soos 'n kind, en gedurig partytjies gee vir elke bakatel. Hy is sonder ruggraat, dis sy moeilikheid. Hy het geen verantwoordelikeitsgevoel nie. Dis dié dat hy rondloop soos 'n bees sonder kraal. Dis omdat jy . . .”

Oom Fanie bly skielik stil. Want toe sien hy iets vreemds. Tant Maryna het opgestaan en doelbewus na die deur gegaan. 'n Oomblik leun sy met haar tenger liggaam daarteen. Dan grendel sy dit, asof sy die nag en alles wat dit inhou, vir ewig wil uitsluit.

ENGEMI FERREIRA :

Blinde Kring

I

*In die silwer sirkel van die maan,
het al die sewe lewens van 'n kat
vaag in my opgestaan en met die
rooigeblaarde paadjie langs gegaan
Totdat dit eindelijk,
onvermyd'lik,
die duister-diepe skag bereik het
waar hul 'n duisend jaar
— met enkel skigte
van spleetgroen ligte —
hul doodgaan moes bewaar.*

II

*Vannag het ek gekom
met die blink van die maan,
verby 'n skag se diep en donker angs
het ek gegaan —
met 'n rooi en uitgetrapte paadjie langs.
Lank het ek daar gestaan
— gedroom,
voor ek besef — ek is vermom,
hy ken my nie, al ken ek hom.*

III

*Met een gedagte net,
een helder woord,
een blink-gevangene blik,
— het ek geval
deur duisend jare heen
en jou gevind,
waar jy die maan se strale
in jou oë vang.
Toe het jy my herken.
Net soos dit vroeër was,
was ek en jy alleen —
net ons twee
teen die maan se blink.*

F. C. FENSHAM:

Die Letterkundige Skoonheid Van Die Bybel

Die Bybel word deur baie mense oor die wêreld beskou as die mooiste boek wat ooit ontstaan het. Daar is enorme somme geld gespandeer om die Bybel keurig te druk en uit te gee. In die Middeleeue het monnike oor 'n lang tydperk met groot moeite elke woord wat in die Bybel staan gekopieer en so pragbybels die lig laat sien. Met groot moeite en geweldige kapitale uitgawe het Gutenberg die eerste Bybel in die helfte van die vyftien eeu n.C. (1456) uitgegee. Hierdie Bybel is onlangs weer uitgegee in fotomeganiese druk vir 'n reusesom geld. 'n Mens kan vra: Waarom al die moeite? Op hierdie vraag kan daar twee antwoorde gegee word: ten eerste is die Bybel gedruk en versprei om die Woord van God aan mense bekend te stel, m.a.w. met die doel om soveel mense moontlik in aanraking daarmee te bring. Die tweede rede is van 'n heeltemal ander soort; die artistieke gevoel van die mens, van die kunstenaar, dryf hom om van hierdie wonderlike boek iets besonders te maak. In die Middeleeue en daarna is daar opgesmukte Bybels gefabriseer, party met pragtige handwerk verfraai. Ons kan hierdie belangstelling in die Bybel gedeeltelik daaraan toeskryf dat die Bybel as die mooiste boek in die wêreld beskou is. In die Middeleeue het die mens in die gees van die Bybel gelewe. Sy denke was hoofsaaklik daarom gesentreer. Dit was die boek van alle boeke.

Met die opkoms van die argeologiese wetenskap en die talle ontdekkings wat daarna gemaak is op die gebied van die ou letterkunde, het dit duidelik geword dat die taal van die Bybel, sy letterkundige vorme nie uniek was in die Ou Wêreld nie. Die Hebreeus waarin die Ou Testament geskrywe is, was deel van Kanaänitiese dialekte wat destyds gepraat is. Die vorme waarin die stof van die Ou Testament vir ons aangebied word, was ook gebruik in die Kanaänitiese letterkunde wat destyds gefloreer het. Die Grieks waarin die Nuwe Testament geskrywe is, blyk die gangbare Grieks te wees wat mense in daardie tyd gepraat het. Trouens, die grammatikale vorm van hierdie Grieks gaan mank aan baie gebreke. So is bv. Openbaring in 'n Grieks geskrywe wat op taalkundige vlak swak vergelyk met

Grieks wat in dieselfde tyd deur profane skrywers gebruik is. Die gehalte is wisselend, want die Brief van die Hebreër is weer in goeie Grieks geskrywe, die beste van die Nuwe Testament.

Die ou uitgediende beskouing wat die Bybel gesien het as 'n unieke boek op letterkundige gebied wat die beste taal van sy tyd gespreek het, is dus te verwerp. Hoe sou eenvoudige herders, vissers en boere dan die Woord van God kon begryp het? Die Woord van God kom tot die mens en wil met die mens spreek aangaande sy verhouding tot God. Indien dit nou 'n verhewe, opgesmukte taal spreek wat nie verstaan kan word deur hulle tot wie dit gerig is nie, dan mis dit sy doel.

Tog is daar in die Bybel letterkunde van hoë gehalte wat uitdrukking gee aan die diepste gedagtes tot die mens. Die Bybel maak gebruik van die letterkundige vorme of genres van sy tyd. In die lig van hierdie vorme moet dit uitgelê word. Ons kennis van hierdie vorme het kort gelede eers begin vorm aanneem. Met die ontdekking van die groot kulture van Egipte en Mesopotamië is gevind dat literatuurvorme van daardie beskawing sterk ooreenkoms met dié van die Bybel vertoon. In 1929 is 'n groot Noord-Kanaänitiese stad in Sirië ontdek met die naam Ugarit. Dáár is 'n Kanaänitiese literatuur blootgelê wat heelwat lig op die literatuur van die Bybel werp. Ons het nou so pas 'n paar sake genoem wat belangrike gevolge vir die bestudering van die Bybelse letterkunde gehad het en nog steeds het. Ons begin nou eers, deur hierdie omlysting, die waarde van die Bybelse literatuur besef. Die moderne studie van hierdie onderwerp is dus betreklik reserw. Die grondlegger daarvan is die Duitse teoloog, Hermann Gunkel, wat in 'n reeks studies vanaf 1895 die aandag op die letterkundige vorme van die Bybel gevestig het. Die resultate van sy ondersoek is verder uitgebou en verbeter deur talle latere geleerdes en word vandag nog voortgesit.

Wanneer ons egter praat van die letterkundige skoonheid van die Bybel, moet ons noodsaaklik aan twee sake dink: in die eerste plek aan die letterkundige skoonheid soos dit op die vlak van die oorspronklike tale te voorskyn tree, bv. Hebreeus en Aramees vir die Ou Testament en Grieks vir die Nuwe Testament. In die tweede plek is daar die vertalingsvlak waar die letterkundige skoonheid van 'n bepaalde vertaling na vore kom.

Die vlak van die oorspronklike tale

Vandat die mens die verhaal- en skryfkuns begin het, het hy hom in een of ander literêre vorm uitgedruk. In oomblikke van hoë vlugte van die gees maak hy 'n gedig. By die vuur voor sy tent vertel die nomadiese vader aan sy kinders die verhale en prestasies van hulle voorgeslagte. Sulke verhale word in vaste vorme gegiet en kan van geslag tot geslag oorgelewer word. Hoe hierdie proses presies plaasgevind het, kan nie met sekerheid gesê word nie. In die ou bronne kry ons egter skielik 'n gegewe voor ons wat moeilik is om terug te volg na sy mondelinge tradisie, hoewel daar veral vandag in die Skandinawiese lande baie gedoen word om hierdie ontwikkeling te verstaan.

In die Ou en Nuwe Testament het ons die geskrewe woord voor ons. Watter vorm neem hierdie woord aan? Dit is 'n uifers belangrike vraag. Dit is net hier waar 'n mens die Bybel reg moet begryp. As ons meer weet van die letterkundige vorme van die Bybel, sal sekere onverstaanbare gedeeltes vir ons meteens in 'n ander lig tree. Kom ons bekyk nou 'n paar van hierdie genres.

1. Die Hebreuse poësie

In die Ou Testament is daar van die mooiste poësie wat in die ou Nabye Ooste bekend is. Ons kennis van die poëtiese vorm het eers maar kort gelede begin vorm aanneem. Die feit dat die meeste poësie in parallelle uitdrukkings staan, is alreeds in 1753 deur 'n Engelsman, Lowth, raakgesien (bv. Spr. 14:11: Die huis van die goddelose word verdelg, maar die tent van die opregtes bloei). Dit was die eerste stap, maar 'n geringe. Hoe moet die Hebreuse poësie geskandeer word? Eers in 1866 het die Duitser, Ley en na hom die geniale Sievers daarop gewys dat Hebreus net soos die moderne Germaanse tale w.o. ook Afrikaans, volgens die aksent geskandeer moet word. Die vorm wat die gedig dan na aanleiding van die skandering aanneem, is vandag nog 'n probleem.

Waar daar egter die grootste vooruitgang gemaak is, is op die gebied van indeling van gedigte volgens verskillende genres wat ontspruit uit die bepaling van die plek wat die gedig in die samelewing ingeneem het. Sekere poësie is bv. gesing by bepaalde feestelike geleenthede. So is daar in ons Psalmboek lofliedere, klaagliedere van die volk en van enkelinge, troonbestygingsliedere e.d.m. Baie

van die liedere het 'n vaste plek in die ou Israelitiese erediens verkry, soos bv. Ps. 24 (dit word liturgiese liedere genoem). Aan die einde van die tweede Millenium v.C. was die maak van oorwinningsliedere aan die orde van die dag. Ons het bv. so 'n lied in ou Egipties waar Ramses II beskrywe hoe hy die Hetiete verslaan by Kades. Ons het in die Ou Testament twee baie ou voorbeelde hiervan wat moet teruggaan na daardie tyd, nl. die lied van Mirjam (Ex. 15) en die lied van Debora (Rigt. 5) Lg. is een van die mooiste liedere in die Bybel veral nadat ons in die afgelope jare, ná die ontdekking van buite-bybelse bronne uit die tyd van Moses, dit beter begin verstaan. Die skitterende spot waarmee die verwagting van die moeder van Sisera in die laaste paar verse beskrywe word, terwyl in die onmiddellik voorafgaande sy dood aan die hand van 'n vrou geskets is, is in die oorspronklike Hebreeus pakkend gestel met die opeenhoping van afwisselende gedagtes.

'n Ander baie ou lied wat maklik kan teruggaan na 'n 1,000 v.C. is Ps. 29. Hierdie gedig is opgebou volgens die beginsel van die trappespreuk. 'n Sleutelwoord word gekies en dan word verskillende gedagtes in 'n stygende lyn daarby gebruik om die gedagtegang tot 'n klimaks te voer. Hierdie styl was alreeds gebruik in die ou Kanaänitiese poësie wat op sommige plekke sterk ooreenkoms met die Hebreeuse toon.

Die lied is vir baie doeleindes in die Ou Wêreld aangewend. Die grootste getal Ou Testamentiese liedere is gebruik in die godsdienstige of het uit godsdienstige beweegredes ontstaan. Ons het ook in die Ou Testament spore van die profanelied. Gewoonlik word hierdie soort liedere alleen aangewend om 'n bepaalde gedagte van die skrywer uit te druk, om bv. te wys op die goddeloosheid van die mense met wie hy in aanraking is. Hier kan Jes. 22:13 vgl. word vir 'n profane drinklied.

Die lied was egter nie die enigste vorm van poësie wat in die Ou Wêreld gegeld het nie. Baie van die profetiese uitsprake van bv. groot profete soos Jesaja, Jeremia en Eségiël is in poëtiese vorm gegiet. Ook onder hierdie uitsprake kan daar verskillende tipes onderskei word. Die profete maak soms van pragtige beelde gebruik om hulle boodskap op 'n duidelike wyse aan die man te bring. Een van die treffendste en mooiste gelykenisse of parabellen in die Ou Testament is dié van Jes. 5:1-2, waar die Here die Beminde genoem word wat Hom bekommer oor sy wingerd.

Wie het ooit gedink dat daar in ons Bybel 'n treffende fabel staan waar bome praat soos mense? In Rig. 9:8 vv. word die spottende en veroordelende woorde van Jotam die broer van Abimeleg opgeteken waar hy die verskillende groot en belangrike gewasse die koningskap laat bedank, maar die steekdoring bereid laat verklaar om dit op hom te neem. Die meesterlike spot waarmee hierdie fabel vertel word, maak dit een van die mooiste van die Ou Wêreld. Dit is 'n fabel met 'n lewensles, nl. dat 'n mens nie te hoog vir jou vlerke moet probeer vlieg nie.

'n Verdere groep of tipe wat in poëtiese vorm geklee is, is die wysheidspreuk. Hier kan ook verskillende tipes onderskei word. Daar is dié wat die wondere van die natuur besing. Daar is andere wat as lewensreël na die mens toe kom. Om 'n behoorlike, opgevoede mens te wees moet jy aan sekere vereistes voldoen en dit word hier beskrywe. Die hele Spreukeversameling van die Ou Testament het sterk gemeenskaplike trekke met dergelike versamelings wat uit Egipte kom. In die ou dae is lewenswysheid beklemtoon en moes 'n jongman wat belangrike werk wil doen, voldoen aan die eise wat die lewe aan hom stel. Baie van hierdie spreuke is dan gegiet in 'n poëtiese vorm sodat dit maklik onthou kan word. 'n Ander belangrike tipe by die wysheidsliteratuur is die verhaal en lotgevalle van iemand wat onskuldig moet ly. Daar word dan 'n lang gesprek tussen hom en sy vriende gevoer waaruit sy wysheid en lewensinsig duidelik blyk bô dié van hulle. Hierdie tipe literatuur het ons in Job voorhande en is ook kort gelede in Mesopotamië ontdek.

Hoewel die verskillende tipes poësie waarvolgens die ou Israeliet hom kon uitdruk, eintlik net tot hierdie groepe wat genoem is, beperk is, staan 'n mens nogtans verbaas oor wat hulle daarmee uitgerig het. Elk van hierdie vorme moet deur die moderne Bybelgeleerde tot in die fynste besonderhede bestudeer word, om dan die boodskap wat dikwels agter die vorm verskuil lê op te diep en aan die moderne wêreld aan te bied.

2. Die vorm van die regsmateriaal

Daar is min mense wat met groot geesdrif die regsmateriaal van die Bybel lees. Dit is dikwels onverstaanbaar en ook opgestel vir die ou Israeliete wat heeltemal in 'n ander wêreld as ons gewoon het. Dit is nie die plek hier om te

wys op die positiewe waarde wat selfs van die droogste wette kan besit nie. Ons doel is om te wys op die letterkundige vorm en selfs skoonheid waarmee hierdie wette opgestel is. Die Duitse geleerde, A. Alt het in 1934 twee soorte wette onderskei wat soos volg ingedeel kan word: daar is die gewoontereg (kasuïstiese wette) wat 'n bepaalde styl het. Byvoorbeeld: En as iemand sy slaaf of slavin op die oog slaan en hy dit beskadig, moet hy hom vry laat weg gaan vir sy oog (Ex. 21:27). Verder is daar die bevelende reg wat as direkte bevel van God kom (apodiktiese reg) wat die volgende styl besit: Jy mag nie doodslaan nie (Ex. 20:13).

Die styl van die gewoontereg kom algemeen in die ou Nabye Ooste voor, bv. al die wette wat in die kodeks van Hammurapi uit 1700 v.C., omtrent 400 jaar voor Moses, kom, is volgens hierdie styl gemaak. Trouens, dit het so algemeen geword dat daar selfs spore van is by die Grieke en Romeine van baie jare later.

3. Die vorm van die vertelling in die Bybel

'n Baie groot gedeelte van die Bybel bestaan uit geskiedkundige en ander vertellings. Ons moet egter nie verwag dat hierdie geskiedenis van die belangrikste in die ou Nabye Ooste was nie. Israel was 'n klein en onbelangrike volk in vergelyking met die magtige ryke van Egipte, Babilonië, Assirië en die Hetiete. Dikwels gaan die geskiedenis in die Bybel oor betreklik onbelangrike gebeurtenisse in die oë van die destydse wêreld. Dit is juis die wonder van Gods Woord dat dit nie deur magtige volke of konings tot ons gekom het nie, maar deur hulle wat vir baie eeue 'n slawebestaan gevoer het.

Ook by die geskiedskrywing in die Ou Testament is daar verskillende vorme voorhande. Daar is bv. lang, uitgerekte beskrywings van bepaalde gebeurtenisse. Laat ons hier die geskiedenis van koning Dawid vergelyk. Dit is betreklik volledig beskrywe deur 'n geskiedskrywer wat nie net die blote feite wou meedeel nie, maar wat veral die verhouding tussen die Here en Dawid wou beklemtoon, daarom word Dawid in sy geestelike triomf sowel as sy diepste nederlaag beskrywe. Die Bybelverhaal stel hom beslis nie voor as 'n supermens wat alles voor hom wegvee en nooit 'n fout kan begaan nie. Hier is die Bybelse geskiedenis heeltal anders as dié van die Nabye Ooste waarin die konings op bombastiese wyse spog met hulle prestasies en nooit 'n neder-

laag vermeld nie. Die kardinale verskil lê by die godsdiens-tige benadering. Die Israelitiese koning kan 'n nederlaag ly in die Bybelse geskiedenis, maar dan is dit as gevolg van sy ongelooft of goddeloosheid.

Uit die oogpunt van geskiedskrywing gesien, is die gedeeltes van Samuel en ander gedeeltes uit Konings van die mooiste in die ou Nabye Ooste. Die realisme waarmee dit beskrywe is, die uitbeelding van die gevoel van die verskillende karakters is onoortreflik. Ons kan maar net die geskiedenis van Joab nagaan om te sien hoe oulik sy tragiese geskiedenis ineengevleg is met die res. Ook in die Rigterboek is daar juwele van vertellings opgeteken. In hierdie boek is daar verskeie humorverhale wat natuurlik vir die oningewyde in die ruwe humor van die ou dae, ongemerk verbygaan. Die geskiedenis van Simson is hier 'n belangrike voorbeeld. Die Here stuur 'n magtige mens om die Filistyne in bedwang te hou. Die Filistyne was destyds 'n sterk volk wat uit die noorde na die suide geëmigreer het en wat moontlik kon geskakel het aan sekere Indo-Germaanse groepe. Die beskrywing van die vertellings van Simson toon 'n paar tendense. Ten eerste wil dit aantoon dat daar tussen sekere Israelitiese groepe en die Filistyne vermenging plaasgevind het. Hierdie vermenging het die volk nie ten goede gekom nie, want hulle geroepe verlosser, Simson is meegesleur en het daardeur sy krag verloor. Die verhaal stel dan vir ons voor oë 'n verslane en verslae Simson wat blind gemaak is en deur 'n jong seun rondgelei moet word. Om nog by te voeg by sy ellende word hy ingeroep om by feesgeleenthede as nar voor die Filistyne op te tree. Op die agtergrond voel ons gedurig, as ons die verhaal lees, dat al hierdie rampe Simson getref het omdat hy nie uit sy eie volk vir hom 'n vrou gaan soek het nie en omdat hy ongehoorsaam was aan die Here deur sy gelofte van sy geboorte, die Nasireër-gelofte, te verbreek. Wanneer ons na die einde van die vertelling gaan, dan staan ons voor 'n bejammerenswaardige wese, 'n reusesterk man wat sy volk tog finaal deur die werking van Gods Gees kon bevry, maar daar is hy nou al voelend en spelend voor 'n spottende skare wat Dagon aanbid. Is Dagon dan nie sterker as die Here nie, veral waar die uitnemende werktuig van die Here nou so 'n spot geword het nie? En dan kom die klimaks, die sterk arms word om die pilare geslaan, 'n gebed word opgestuur na die Here, die gebou kraak en stort uiteindelik in met duisende dood. Ons sê

dit is 'n humorverhaal. Vir die Israeliet wat hierdie verhaal vertel of gelees het, beskrywe dit hoe die Here tog op die ou end sy vyande vernietig. Dink daaraan: duisende van die gevreesde Filistyne het binne hulle eie tempel omgekom. Dit was vir die Israeliete 'n lagwekkende triomf, maar daar is ook 'n tragiese trek te bespeur. Saam met die Filistyne het 'n Israeliet gesterf, 'n man wat as verlosser van sy volk moes geld. Hier het ons 'n ongeëwenaarde vertelstyl wat ver bo die meeste stereotiepe vertellings van die ou Nabye Ooste gereken moet word.

Dit is maar een voorbeeld. So kan mens deur die Bybel blaai en die een vertelling na die ander opnoem wat 'n verryking is van die literatuur van die Nabye Ooste.

Dit is egter nie te sê dat alle vertellings van hoë literêre gehalte is nie. Die doel van die Bybel is nie om letterkunde te bied nie, maar om die Woord van God te bring. So is daar lang hoofstukke oor geslagsregisters met kort kronistiese gegewens. So weet ons bv. omtrent niks van Henog, die vroom man wat na God in die hemel opgeneem is nie. Wat het hierdie man elke dag gedoen? Watter rol het hy in sy samelewing gespeel? Ons weet nie. Ons weet niks van die omstandighede van daardie tyd af nie. Al wat ons het, is so 'n klein ligstraaltjie wat uit daardie tyd tot ons skyn.

In die Nuwe Testament het ons egter ook vertellings en hulle is hoofsaaklik rondom sekere persone opgebou. Die belangrikste sentrale figuur is natuurlik Christus. Uit die vier evangelies leer ons Hom ken. Hierdie vertellings is met 'n bepaalde doel deur hulle skrywers opgestel. Dit vertel ons nie alles wat Jesus gedoen het nie, maar lê die klem dáár waar dit belangrike geestelike waarhede na vore kan bring. 'n Mens kan binne 'n uur die Evangelie van Markus deurlees. Dit is dus duidelik dat in hierdie evangelie net die allernoodsaaklikste uit die oogpunt van die skrywer weergegee is. Die evangelies bied ons nie net geskiedenis nie, maar geskiedkundige gedeeltes word afgewissel met gesprekke, gelykenisse en vergelykings. Ons het bv. almal die Bergrede gelees waar Christus by die aanvang Sy seën uitspreek oor bepaalde groepe. Die vorm waarin dit geskied, is oor baie eeue voor Christus gebruik. Alreeds in ou staatsverdrae wat tot die veertiende eeu v.C. teruggaan, word die korter seënformule aangetref. Wat die seënformules wat Christus uitgespreek het, so treffend maak, is die inhoud daarvan. Dit vertoon 'n visie wat nêrens anders aan-

getref word nie, daarom is die vorm en die inhoud van die mooiste literatuur uit die dae van Jesus.

Die gelykenisse wat Jesus by geleentheid vertel het, is beslis 'n unieke bydrae tot die vertelling. Ons kan maar net die Gelykenis van die Verlore Seun lees, of die van die Barmhartige Samaritaan om onder die indruk te kom van die meesterlike wyse waarvolgens Christus sy verhale vertel en ook 'n bepaalde gedagte by sy hoorders tuisgebring het. Die gelykenisse is met 'n besondere doel vertel wat by die hoorders 'n lewens- of godsdienstige les wil laat ingang vind. Ons kan maar net die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan as voorbeeld neem en sien hoe meesterlik die vertelling opgewerk word na 'n hoogtepunt. Ons sien die beroofde man bebloed lê langs die pad en van ver 'n priester aankom. Ons dink almal dat hierdie dienaar van God tog die ongelukkige man sal help. Maar hy loop verby. Toe sien ons weer van ver 'n Leviet aankom. Hy is ook 'n dienaar van God en sal seker hulp verleen, maar ook hy stap verby. Die een wat die verhaal gehoor en gelees het tot hiertoe, voel nou dat daar seker geen hulp meer sal opdaag nie, want die mense wat moes en kon gehelp het, het dit nie gedoen nie. En toe, skielik, word die koms van 'n Samaritaan beskrywe. Hy is 'n gehate teenstander van die Jode. Dit sal seker onmoontlik wees dat hy sal help. Hoe kan 'n Samaritaan dit doen as eie dienaars van God dit nie wou gedoen het nie? En tog is dit juis die Samaritaan wat hulp skenk en dit ook op 'n behoorlike wyse doen. Ons sien dus in hierdie gelykenis 'n verhaal wat die nodige spanning by die leser skep. Die verhaal word egter nie net ter wille van die verhaal vertel nie, maar daar kom ook 'n lewensles by wat dit 'n gelykenis maak. Naastediens en -liefde moet die grond van ons optrede teenoor andere vorm.

In die Evangelie van Johannes is daar van die mooiste gedeeltes van ons Bybel voorhande. Johannes het gebruik gemaak van vergelykings. Hierdie vergelykings sê wat iemand of iets is. So is daar bv. die „Ek is“-uitdrukkings. Christus sê: Ek is die goeie herder. Om die gedagte herder is daar alreeds 'n reeks gedagtes opgebou. Die herder lê sy lewe af vir die skape. Huurlinge doen dit nie, omdat hulle alleen maar vir 'n loon werk en nie die werklike belange van die skape op die hart dra nie. Trouens, die Evangelie van Johannes laat ons vir Jesus sien as die verteller en redenaar by uitstek wat soms diepgaande gesprekke voer met sy dissiplens of selfs met ander mense soos in die geval van Niko-

demus. Christus praat met hulle oor die verhouding Vader-Seun, oor wedergeboorte, oor die liefde. Die logiese samehang van hierdie redenasies is duidelik, maar dit val beslis nie in die kader van gelykenisse en verhale wat deur Christus vertel is nie. Elke genre moet dus op sigself bestudeer word om dan op daardie wyse die inhoud beter te verstaan.

4. *Die briefliteratuur van die Bybel*

Ons het geen boek in die Ou Testament wat in die vorm van 'n brief na ons gekom het nie. Dat daar wel briewe in daardie dae geskrywe is, weet ons van die ontdekking van 'n aantal briewe wat konings uit Palestina nog voor die intog, aan die Egiptiese koning geskrywe het. Verder is daar by die ruïnehoop van die ou stad Lagis 'n aantal briewe ontdek wat gedurende die tyd van Jeremia ontstaan het. Ons het dan ook voorbeelde uit die Ou Testament van briewe wat geskrywe is, maar dit het beslis nie die omvang en betekenis ontvang wat dit in die Nieu-Testamentiese tyd verkry het nie.

Paulus het van briewe gebruik gemaak om sy standpunt aan gemeentes te stel. Daar is ook nog ander briewe soos die aan die Hebreërs en die van Petrus, Johannes, Jakobus en Judas. Hierdie briewe is almal volgens 'n vaste styl geskrywe wat in daardie dae algemeen gebruik is. Talle gewone briewe wat die verwerping van die eeue deurstaan het, is in Egipte ontdek. Al hierdie briewe toon dieselfde vorm as die van die Nuwe Testament. 'n Nuwe ontdekking wat sommer onlangs gemaak is, het 'n hele briefkorrespondensie van 'n Joodse leier, Bar Kogba blootgelê. Hierdie briewe het 'n merkwaardige feit aan die lig gebring en dit is dat die Joodse leier van verskeie sekretarisse gebruik gemaak het om sy briewe te skryf, hoewel hy self kon skrywe. Dit toon dus aan dat iemand soos Paulus ook van sekretarisse gebruik moes gemaak het soos dit reeds lank deur geleerdes aanvaar is, maar wat nou van hierdie oord bevestiging ontvang.

Die inhoud van die briefliteratuur word ook in verskillende vorme gegiet. Daar is blote historiese feite, lang predikasies oor geloofsake en selfs poëtiese stukke in die vorm van 'n loflied. Hier wil ons die aandag vestig op Rom. 11 : 33-36. Dit is 'n doksologie wat die wonderlike wysheid van God besing. Net so pakkend en uitmuntend is die eerste vier verse van Hebr. 1 beskrywe waarin weinig woorde die

ganse heilsplan van God saamgevat en op meesterlike wyse die Vader-Seun verhouding geskets word. Die styl waarin Jakobus sy stof aanbied herinner weer sterk aan die wysheidsliteratuur van die Ou Testament — 'n genre van letterkunde wat tot laat baie populêr was.

5. *Die apokaliptiese literatuur*

Ons het net een suiwer apokaliptiese boek in die Bybel en dit is Openbaring. Daniël, Eségiël en Sagaria openbaar sekere trekke van hierdie literatuur, maar kan nog nie as suiwer voorbeelde geld nie.

Om en by die begin van ons Christelike jaartelling en ietwat vroeër was hierdie literatuursoort baie gewild in sekere kringe. So het daar talle Joodse geskrifte in hierdie vorm verskyn.

Die skrywer van die Openbaring (Apokalips) maak gebruik van uitheemse en fantastiese beelde om uitdrukking te gee aan sy gedagtes. 'n Volk word bv. voorgestel as 'n dier wat uit die see opkom. Die hele samestelling van die boek word gekunsteld gevorm deur bv. die oopmaak van seëls en die blaas van trompette wat elke keer 'n nuwe gedagte inlui. Christus word voorgestel as die triomferende ruiter op 'n wit perd en die Bose as 'n draak wat in die bodemlose put gegooi is. Deurgaans word van getallessimboliek gebruik gemaak om uitdrukking te gee aan korter of langer tydperke of minder of meer getalle.

Ook hierdie literatuursoort moet in sy eie verband tussen die ander van sy eie soort verstaan word of anders het dit geen sin nie.

6. *Gevolgtrekking*

Uit bogemelde is dit duidelik dat daar wel deeglik erns gemaak moet word met die letterkundige vorme van die Bybel. Eers wanneer ons dit goed begryp, kan ons die letterkundige skoonheid van die Bybel selfs in vertaling waardeer. Iemand wat die poëtiese loflied lees as 'n stuk geskiedenis, sal nooit die Bybel reg kan begryp nie. Iemand wat alles maar net lees met verdeelde aandag, sal nie net die boodskap ontbeer nie, maar ook die skoonheid van die gedeeltes waarmee hy besig is. Daarom is dit noodsaaklik dat ons hulp in baie gevalle sal inroep van bv. 'n eenvoudige uitleg op die Bybel soos die Bybel met Verklarende Aantekeninge of die praktiese uitleg van die Nuwe Testament wat deur die Raad van Kerke uitgegee word.

Deur die bespreking hierbo is dit verder duidelik met watter probleme die Bybelvertaler moet worstel. Ten eerste is daar tussen hom en die geskifte waarmee hy werk, duisende jare. Die opvattings en terminologie verskil hemelsbreed van mekaar, daarom is die eerste vertaling van die Bybel in 'n bepaalde taal nie noodwendig die beste nie. Die terminologie waarmee 'n Bybel in jou eie taal honderd jaar gelede gespreek het, is nou verouderd en moet vervang word. Die Bybel moet dus aanhoudend vertaal word. Dit verg van die vertaler 'n deeglike kennis van die Ou Wêreld en hulle denkrigtings. In die tweede plek moet die vertaler worstel met die vreemde struktuur van die oorspronklike taal. Hy kan nie letterlik vertaal nie, want dan het dit geen betekenis nie. Hy moet dit oorplaas in die idioom van sy tyd. Hy moet dus sy eie taal goed ken, maar beslis nie te verheue en opgesmuk vertaal nie, want dan is dit weer onverstaaenbaar vir baie mense wat dit moet lees. Luther het eenmaal gesê dat hy by sy geniale vertaling die volk na die mond gekyk het. Hy het dus die Bybel vertaal in die taal van die gewone man op straat sonder om dit platvloers te maak. 'n Goeie vertaler moet dus sy uitstekende kennis van die struktuur en betekenis van die ou taal kombineer met 'n gesonde kennis van sy eie taal. Vertalers wat dit gedoen het, het daarin geslaag om pragtige letterkunde in hulle eie taal te lewer. Ons kan maar net dink aan Luther of ook aan die Afrikaanse Vertaling.

Tog kan die vertaling nooit die plek van die ou taal inneem nie. Dit is dikwels maar net 'n skaduwee daarvan. Pragtige gedeeltes in die Bybel wat skitter in die oorspronklike taal, verskyn dikwels maar glansloos in vertaling.

Per slot van sake gaan dit nie om die mooi letterkunde of wat ook al nie, maar om die Woord van God wat op duidelike wyse tot die mens moet spreek en hom die weg van saligheid aandui.

Legio

*Wat het ek met U te doen,
o God se Seun uit Nasaret?
Wil U my bind en gésel in
die ysterkinkels van U wet?*

*My blaf kloof elke vaaldag oop
saam met die rooi kreet van die haan
en as die skaduwees regeer
tjank ek my gramskap teen die maan.
Ek lag hul ordes uitmekaar
en dit waarna die wyse soek
het ek al lank opsy gesmyt.
Dis stink en bitter van my vloek.
Die grafte is my bleek domein
waaroor ek sterk en naak regeer
want hier's ek al wat leef, 'n god
wat leef! Ek leef! En ek is meer
as die wat hier verrot.
Soms kom ons saam, die dooies hier
voor my wat leef. Dan praat ons saam
oor kom en gaan, wat is en was
en wat moet wees. En ons beraam
rebellie teen die lewendes,
teen al wat huigel — die profeet,
die fariseër en leviet
wat slim praat oor ons lot en leed.
Ons sal hul ryk laat tuimel tot
die bleek brokstukke van ons graf
en as daar net gelykte is
sal ek oor hul murasies blaf!
O, hulle sidder vir my stem.
Hul vrees my roep en my gesag
oor hierdie ryk van beendere.
O, hulle weet en ken my krag!
Hul jag my soos die wildehond
en slaan hul kettings om my heen.
Hul klink my polse albei vas
en rem die yster om my skeen.*

Maar soos 'n Simson se gebed
die krag gebring het vir sy wraak,
so sterk my woedevloek die spier.
Hul kettings knars, hul yster kraak
en ek is vry soos 'n orkaan
wat sleur en takel, bloedig skree
sodat die graftes rittelend skeur
en alle dinge stort daarmee.
Dan beur die dodeskare uit
elke spelonk — 'n moederskoot.
Elke graf bult soos 'n buik
en gee geboorte aan die dood.
Hul juig hosannas vir die seun
wat nakend in Gadara woon.
Hul breek die berge op en stapel
elke grafklip tot my troon.
Ons skreeu in 'n doodsjolyt —
gestorwenes, ons almal saam,
maar ek gil harder as die res
en hulle gil my naam.

Maar as die rante vlam vat
bevind ek my alleen
met swaarder ysters om my pols
en dikker kettings aan my been.
Ek kerf my vlees met klippe oop
en skeur my huid met eie hand
op soek na dit wat bitterder
en dieper as die senu brand.
My tande klief my eie buik,
ek slaan die rots met eie hoof,
dan soek ek na 'n ysterklip
om eie polse oop te kloof.
Want in my, in my dawer dit,
'n duisend stemme lag en smEEK,
'n duisend godverlatenes
wat deur my mond na buite breek.
Want elke afgestorwe naam
word in my wese uitgekreet
en elke blinde dwaalgebed
bars uit my huid in dodesweet.
En elke sluwe liefdesleuen,
deur wande van die nag omskans,
tamboer gedurig in my pols.

*Ek sien die vroue nakend dans
wat in die poort gestenig is.
Ek hoor die slagveld hyg.
Ek hoor die spotlied van die wyn.
Ek hoor die hemel swyg*

My naam?

*Hul noem my Legio,
want ons is baie, baie haat
en baie vrees en baie pyn
en baie waan en baie smaad,
veel drijf na wyn en naakte dinge,
na lippe, borste om te soen,
na kuile om te rus, te sink
maar wat het ek met U te doen?*

*Wil U my met die blink lem van U waarheid
en met U vlammewoord kasty?
Moet ek nog luider brul en smeek?
Ek besweer U gaan verby!*

*Wat is dit nou? Wat is dit nou?
Want alles kantel, tuimel, draai.
Die son breek op in skerwe lig
soos dissels deur die wind verwaai!
Die berge tuimel op my af,
die vaste grond skuif soos die see
onder my weg. Dit dreun en druis
soos duisend stuks gehoefde vee
wat stort en storm oor 'n krans
O God, ek skeur! My boesem skeur
soos aardbewings met grafte maak.
Dit borrel, dwarrel gillend deur
die bloedige wande waar U raak!*

*En nou? En nou? Ek voel so . . . lig
en alles staan so wit omstraal
en vormvas . . . My liggaam is
so stukkend en so vuil en kaal
in hierdie lig . . . Vergewe my.
Ek moet my was. Ek moet my klee.
Ek voel so lig, so leeg en lig
soos wind wat oor die vlaktes vee*

*Hoe stil is alles nou, hoe lig,
hoe blink die lied wat uit my wel
soos uit die berg se suiwer hart
wit waters styg tot sonnespel*

*Maar nou . . . nou kom hul sluipend aan.
Ek sien hul fluister . . . Vrees hul my,
deur hierdie stilte meer ontset
as deur my raserny?*

*Nou durf U my nie meer verlaat,
want waar U gaan, daar wil ek saam.
Ek wil die land en see deurkruis
as bedevaarder in U naam.*

*Maar . . . laat U sin met my geskied.
Ek sal U almagsdaad vertoon
solank U stilte deur my suis
aan al wat in Gadara woon.*

JOHAN DAISNE :

De Vierde Engel

Alle wegen leiden naar Rome. En vele naar zee, zelfs wanneer men te Gent woont, over het Patijntje aan de Leie, d.i. op een uur van Knokke met zijn schone villa's, de minder mooie Moeder Siska's, en nog enkele duinen. Eén uur wanneer men zestig rijdt, d.i. één slenterende kilometer per minuut, tussen de rose Japanse kerseboompjes in de lente, en de knotwilgen in de winter.

Het was in de herfst, in de buurt van de heilige tijd van Allerheiligen, die aan de Noordzee zo zielig is, van nevel en nattigheid, en daarom allicht 's anderendaags Allerzielen heet.

— Zijn jullie klaar? vroeg Pa.

Na zijn zondagmiddagdut en wanneer omstreeks vieren de radio alleen nog operamuziek, behalve de gebruikelijke kerkzangen en de eeuwige conferenciers over het laatste boek en de eerste voetbaluitslagen biedt, werd Pa altijd haastig.

Hij was dan steeds ogenblikkelijk klaar. 's Ochtends had hij de wagen zijn wekelijkse beurt gegeven, met regenwater, een schep Brio, spons en zeemlap; daarna nog wat voor zijn schrijftafel gezeten tot zijn zweet was opgedroogd, en verder een „Schots” stortbad genomen, onder de oude-deuntjesmuziek van zijn geliefkoosde langspeelplaat — precies de duur van douche, lotion, scheren en vers lijflinnen. Net op tijd voor de gongslag van de fluwelen soep van geturmixte tomaten, de frites met kip en sla, en het chocolavlaasje, gevolgd door de diepe leunstoel met de kranten en de dut.

Ook Lieverdje was steeds dadelijk klaar. Dat was hij al de hele tijd na het chocolavlaasje, de tijd van die gedempte radio, de leunstoelen en het hopeloos dikke boek van Andersen, waarvan Pa de sprookjes o zo mooi en de taal en stijl zo voorbeeldig vond.

— Trek je sokken op, Lieverd, snuit je neus, berg Andersen mooi op zijn plaats, en waar is je zakdoek en je dasje? Heet je dàt klaar-zijn? Vooruit, en haast je! Straks wordt het al donker aan zee.

Ook Moes was zó klaar, klonk het in het trappehuis. Dat wilde zeggen dat er nog wel een stukje krant kon worden

gelezen vóór haarborstel, poeierkwast, lippenstift en al wat des toiletspiegels is, een bevredigde afscheidsblik hadden gekregen.

Om halfvijf weigerde de Ford '49 een paar keer te vertrekken, vanwege de koude lucht aan het najaars-Patijtje, en raakte dan eindelijk weg, met een blanke pluimstaart aan zijn knalpot.

— Ziezo, zei Pa en stak een sigaret op en presenteerde zijn eeuwige pepermunthuisje.

Lieverdje tastte gretig toe en ook Moes aanvaardde een enkel eentje: reeds in de boulevard werd gestopt om Oma op te laden, dan kon Moes nog eens gauw, want muntjes werken nu eenmaal zo bevorderlijk.

Ook eenzame Oma was al lang klaar, al van lang voor haar eenzame middageten, zonder dutjie — het eind van zijn leven wenst een mens niet te verslapen —, en ondanks haar veel te talloze kranten: zelfs internationale belhamels als Chroesjtsjov en Nasser, zelfs een Hongaarse kwestie kunnen een moeder haar uitgetrouwde kinderen niet doen vergeten, laat staan die voor haar vervangen.

Kwart voor vijven schoot de op temperatuur gekomen Ford weer vooruit, de boulevards af, de brug over en de vaart langs. In de achteruitkijkspiegel zag Pa steeds hoe Oma steeds door het raampje de begraafplaats groette, en in zijn binnenste mummelde hij mee: „Dag Pipa.” De dames zaten achterin, „dat is het veiligste in geval van ongelukken,” verzekerde Lieverdje telkens; hijzelf leefde nog gaarne gevaarlijk, mannelijk naast zijn sturende Pa vooraan.

Aan de bomen langs de vaart staken dor de laatste blaren. De zon, welke niet had geschenen, ging onder in een vale wolkenhemel. Op het instrumentenbord gloeide de rose knop van het kacheltje als een winterroos. Aan Pa's kant flap-perde de wind in het kwartopen raam. En daar verscheen de Bierstal, waar, rechtsaf, de eigenlijke weg naar zee begint. De dames hadden een huishoudelijk gesprek ingezet, dat zelfs de greetoren van Lieverdje verveelde. Hij repeteerde zacht fluitend de noten van zijn blokfluitles, in de hoop dat Pa hem tans de mond zou lijmen met een reepje kauwgom. Toen dat niet dadelijk gebeurde, vroeg hij:

— Pa, langs welke weg rijden we vandaag naar zee?

— Lieverd, berispte Pa, dat is een gesprek om doden aan de praat te houden. We zijn rechts van de vaart, dus gaan we naar Knokke, want de snelweg naar Oostende loopt links. En hoeveel wegen zijn er naar Knokke? Ga in mijn

rechterzak en neem een reepje kauwgom om wijs te worden. En laat de blokfluit nou rusten.

—Dank je, Pa, haastte de jongen zich zo wijs mogelijk.

Lacht hij nu ook in zijn binnenste, gelijk Pa? Hopelijk niet, want Pa's binnenlach bleef niet lang guitig. Ineens speelde nu in hèm de blokfluit en het waren vreemde flarden van wijsjes, weemoedig door- en uiteengewapperd door de wind. Nee, een kindermond stelt nooit gekke vragen. Zoals alle wegen naar Rome leiden, lopen er niet één maar vele van de Bierstal naar Knokke, al is het steeds over hetzelfde dek, tussen dezelfde Japanse kerseboompjes en dezelfde knotwilgen. De seizoenen mogen telkens op elkaar gelijken, aan alle zitten herinneringen die maar van één keer in dit leven zijn. Een gesprek om doden aan de praat te houden . . . Ja, daar hoorde Pa weer hun stemmen, triest-speelse noten van een kinderlijke blokfluit in de wind, in het zoeven van gummibanden op het asfalt, terwijl een jongetje met zeeblauwe ogen op gom kauwde, en een oude en een jonge vrouw onverstaanbaars over de jaarbeurs babbelden.

En zo chronologisch mogelijk begon Pa de wegen van de Bierstal naar de Lippenslaan te Knokke op te tellen, die hij in dit leven reeds had afgelegd, die niet meer bestonden maar waarop hij steeds reed, als op zijn eigen hart, een psychologische stratificatie van herinneringen.

Er was eerst, heel heel verre, de weg van voor zijn tijd, doch waarvan hij de trouwe erfgenaam was geworden en gebleven: tans, na een halve eeuw, vormde ze niet alsnog zijn héérbaan? Dat was de weg die zijn vader, de idealistische onderwijzer, eens met zijn vacantieleerlinge gegaan was, voor hij Oma had getrouwd. In die tijd was Knokke nog een dorp van vissershutten, een rij van duinen, grassen en vlinders. In een duinpan stond een villa, waar na Wereldoorlog I een Engels kerkje zou oprijzen, dat tijdens Wereldoorlog II weer werd verwoest. Daar toog de arme onderwijzer 's zomers heen met enige dozijnen van de armste Gentse citékinderen. Ze baadden er, botaniseerden en sliepen als duinrozen, terwyl de onderwijzer bij hun bed zijn vredespijp rookte en nog even in het maanlicht op een duin klom, om daarna, onder de lamp, zijn dag te beschrijven. Hoe dikwijls had Pa hem later niet herlezen, in Pipa's schone natuurboeken; zo dikwijls dat hij hem thans van buiten kon lezen . . .

De tweede, gelijktijdige weg naar Knokke was die van Oma geweest, toen ze ook nog niet gehuwd was, maar als

arme, ernstige, blijde kleuteronderwijzeres mee-idealiseerde met andere jongelieden uit verschillende standen, in een groepje dat droomde van wereldverbetering en intussen alvast een beter wereldje op zichzelf vormde. Celine Dangotte, de rijke dochter van de Gentse self-made kunsthandelaar, inviteerde op haar vaders villa te Knokke de dichter Raymond Limbosch, die ze later zou huwen, Oma, de toekomstige professor Van Oye, de jonge geleerde George Sarton, de broze Engelse schilderes Mabel Elwes, later Mrs. Sarton, de Pools-Joodse student, Viktor Alter, die voor het socialisme zou sterven, het naaistertje Tantelle wier postume verzen Gustave dela Croix zou uitgeven, en Melanie Lorein, tans weduwe Viktor Alter, — Pa kende ze allen, of hij bij hen daar eens met Kerstmis op die blijde villa was geweest, in de heerlijke ijskou, onder hun warme capes en lange rokken . . .

Een lange tijd was verstreken tussen die twee wegen en de derde. De onderwijzer en de onderwijzeres waren getrouwd en woonden Einde Were, dat toen nog Akkergem heette. Ze vormden een gelukkig en dus nederig gezin. Pa was soms ziek en dat kostte geld, bovendien gaf hij veel weg aan zijn door Wereldoorlog I nog verarmde volksschoolkinderen, en Oma spaarde stillietjes om later eens een eigen huis te laten bouwen verder op de boulevard, waar Pipa vreedzaam zijn laatste boeken zou kunnen schrijven. Zo was Pa tien of twaalf jaar geworden en hoorde hij af en toe eens van die blauwe blanke blonde Noordzee, maar had hem nog nooit dan in zijn verbeelding gezien, in de jeugdherinneringen van Pipa en Oma.

En toen, tijdens een schoolreisje, stoomde hij met de trein de derde weg op. De opwinding was zo groot dat hij er zich niets van herinnerde, dan een rokerige coupé, een bende jongens die alsmaar boterhammen aten, en kastige raapjes waarlangs wollen halsdassen van damp fladderden om zovele stukken verkouden landschap. Want het was een grauwe, nattige dag. De jongens rumoerden tegen het geratel der wielen en het gedaver der sporen op, en de onderwijzers stonden in een hoek sigaartjes te roken, dat je alleen nog hun pince-nez zag flikkeren.

Maar het einde van die derde weg zou Pa nooit vergeten. Een der pince-nez had het trouwens trouw aan Oma overgebracht. Plotseling stonden de jongens op de top van een duin en kon je de bries in het spaarzame gras horen, van hun verbouwereerde stilte. „De zee!” had Pa ten slotte het

eerst geroepen, en als een bezetene was hij het duin afgelopen recht de plas in, gevolgd door de hele bende, onder een Indiaans gehuil.

Toen hij weer voor het ouderlijke huis stond, was Pa's broek nog net droog, ofschoon hij hem in de trein had uitgetrokken en onder de bank te drogen had gelegd op de vuile verwarmingsbuizen. De bende had geloeid van de lach, maar voor een keer had het Pa niet gedeerd: hij had de zee gezien, gevoeld, gehàd — en hij vreesde het onthaal thuis.

Ouma was inderdaad zo geschrokken dat ze er niets van aan Pipa had durven vertellen. Ze had Pa hete drankjes met siroop doen slikken en twee wollen halsdassen om buik en nieren geknoopt alvorens hom in bed te stoppen. 's Ochtends was ze nog heviger geschrokken. Pa voelde zich als een hoen — de zon scheen dubbel voor gisteren en vandaag — maar in Pa's nachtspiegeltje meende Oma een gekorrelde neerslag te bekennen. God, heel zeker van een kou op de nieren! En zij met de bengel aan de ene hand, en de mooi ingepakte spiegel onder haar andere arm naar de Rabotstraat, bij dokter Desmet, die alleen maar hartelijk had gelachen: die korreltjies waren zand, mevrouw, het zuiverste zand van het Noordzeestrand, waarvan Pa's broekje nog volzat! . . .

En weer verliepen jaren. Oma had het huis gebouwd, en daarin zat de vroegere bengel te blokken, van de herfst tot de lente. Geld besteedde hij alleen om boeken te kopen, de eerste grammfoonplaat met Marlene Dietrich's stem, en een kaart van lidmaatschap in de eerste filmclub. Maar daar was in zijn hart een vlam geslagen voor een ietwat oudere studente, en na twee jaar besloot hij in de zomervacantie haar een bezoek te brengen aan zee, waar ze bij familie logeerde op een villa onder Knokke. Het geld dat hij had gespaard, gaf hij voor de aankoop van een verblindend ruitjeshemd. De weg naar zee moest hij nu maar met de fiets afleggen.

Het was een smoorhete dag en Pa kwam meer dood dan levend in Knokke aan. Het ruitjeshemd was immers alras ondraaglijk gebleken, van een winters flanel en als met thermogene watten gevoerd. Hij kon het niet uittrekken, want eronder droeg hij een versteld lijfje. En weldra zat het pronkstuk verwelkt, verslonsd, als een druipe zweetdoek om hem. Reeds van lang onderweg had hij besloten van zijn bezoek af te zien, en alleen even de zee te groeten,

er even de lucht in te ademen die Suzanne hier geurig had uitgeademd.

Maar hij had in het hemd al zijn geld gestoken. Niets bleef er hem over om zelfs op een goedkoop terras een slok water en een stoel lommer te betalen, waarmee hij in rustige weemoed even van de geliefde had kunnen dromen. Het was een echte dagmerrie die hij beleefde. Overal stond de zon. Hij was op een kosteloze straatbank neergezegen, de ellebogen op de knieën en het dampende hoofd in de handen; doch hoe roerloos hij zich ook hield, het hemd wilde maar niet drogen.

— Dag Marrek, zong het ineens en daar stond, schoon en koel, als uit het schuim der branding gebeeldhouwd, Suzanne voor hem.

Hij sprong overeind, de ene hand op zijn fiets, de andere op de open borst van zijn hemd, te stamelen en te stotteren, terwijl hij het zweet van zijn voorhoofd op de rug van zijn hand voelde leken.

De slanke, rijzige strandnimf stelde hem allerlei lieve dingen voor, die hem al maar erger deden brabbelen. Hij dorst niet mee naar de villa, noch naar de plage, noch naar een terras, en met een vreemde filmclubglimlach verwijderde zich ten slotte de Atlanta, en trapte Marc terug naar Gent, bibberend van verdriet in de lijkwade van dat ellendige hemd . . .

Dat was de vierde weg geweest, de lijdensweg van elke schone adolescentie, en pas na jaren dorst Pa er opnieuw aan denken hem weer over te doen. Suzanne was toen getrouwd en Marc als vrijgezel even de huisvriend van het echtpaar geworden tijdens de sombere jaren der bezetting. Oma had, net voor de 10de mei, bij het huis ook een kleine garage laten bouwen achter in de tuin, en, tweedehands, een kleine wagen aangeschaft. Maar slechts heel zelden kon die eens buiten komen, wanneer er genoeg benzinscheine bij elkaar waren gespaard voor een dienstreis van Luc, Pa's oudste en toen ook nog ongetrouwde broer, die schoolinspecteur van de provincie was.

Op een keer lukte het dat Pa met vrijaf thuis was en kon deelnemen aan zo 'n tocht. Luc stuurde, Oma zat naast hem, en Pipa met Pa achterin. De weg langs de boulevards, de brug over, voorbij de begraafplaats . . . Vanwege Pipa's zwakke hoofd en de slechte straatstenen stuurde Luc heel langzaam, zo langzaam dat het ondanks de vier versnellingen kinderlijk makkelijk leek.

— Laat mij het ook eens proberen, vroeg Pa kinderlijk. Oudste broer scheen het niet gehoord te hebben en begon iets over „die Duitsers”, waarvan juist een colonne voorbijdreunde.

— Toe, smeekte Pa ondanks zijn dertig jaar.

Luc draaide het raampje toe.

— Is 't zo beter voor je hoofd, Pipa? informeerde hij in de achteruitkijkspiegel.

— Ja, zuchtte Pipa stilletjes, die Duitsers daveren nog meer dan in 14-18.

— Wat vroeg jij ook, Marc? kwam Oma zachtjes haar jongste ter hulp.

En goede Pipa van de weeromstuit:

— Gusta, kom een beetje naast me zitten achterin; dan kan Marc Luc eens aflossen.

— Straks, talmde Luc, hier zijn de stenen te slecht.

Maar aan de Bierstal werden die plotseling prachtig. Daar ontrolde zich Pa's vijfde weg zo brandhelder schoon, alsof hij hem voor het eerst aanschouwde: „He!” zuchtte hij van genot, en het klonk als een echo, twintig jaar na dato, van zijn „de zee!” uit de tijd der kleine school, der pince-nez en van de natte broek.

De weg was inderdaad nieuw, van juist voor de oorlog, nog eens zo breed als vroeger, van glad macadam, gelijk een sierlijke kromme de einder tegemoetsnellend. Het leek haast of je reeds aan zee was: dat macadam zo blond als duinzand, en daarboven zulk een wijde hemelkoepel als de omgekeerde oceaan zelf. Alleen de bloeiende Japanse kerseboompjes aan weerszijden — mei was in het land — maakten die akwarel wat te rose voor een marine.

— Le chemin du paradis, mijmerde Pipa en drukte Oma's hand.

Die zaten nu inderdaad achterin, en Pa aan het stuur naast Luc. Maar gelijk twintig jaar geleden was Marc te opgewonden: hij reed le chemin du paradis op zoals hij eens van het duin recht de zee was ingehold.

— He, voorzichtig aan met de versnellingen! pince-nezde Luc.

Te laat. Er kraakte iets in de versnellingsbak, de auto bleef schokkend stilstaan — ze hadden geen tweehonderd meter gereden. Pa verstond er niets van, hoe kribbig Luc het ongeluk ook zat, stond en liep uit te leggen. Kleine Marc gevoelde zich plotseling tien jaar ouder, weer twintig gelijk

de fietsstudent die in een lijkhemd terugdroop van zijn ontmoeting met een al te schone aphroditê atlantikê.

Oma stamelde excuus in zijn plaats, voor haar wagen, tot de nerveuze Luc. En Pipa haalde een brief uit zijn zak en legde hem in Luc's handen: het hem toegezegde honorarium voor een wetenschappelijke verhandeling. Meer zou de reparatie wel niet kosten. Luc weigerde beslist die opoffering te aanvaarden, stak de brief in zijn zak en was verzoend.

En met vereende krachten duwden ze nu de wagen, bestuurd door Luc, terug tot de Bierstal, Marc badend in zijn boetzweet, Oma met een zorglijke zijblik naar hem, en Pipa dat hij zijn baard bijna in de wielen vastwerkte. In de Bierstal werd een stal gevonden die de Imperia wilde bergen, Pipa bood een oorlogsbiertje aan en toen ze met de buurttram weer huistoe reden, keerde hij zich nog eens om op het balkon, prevelend „le chemin du paradis”, naar de zeeblauwe hemel, het macadam en de Japanse kersebomen, blond en rose als zijn knaapjes in het vacantiehuis, een halve eeuw geleden . . .

Het geraas der Duitse colonnes was sinds lang verklonken, het imperiaatje sedert jaren verkocht, en Pipa voor altijd le chemin du paradis opgegaan, toen Pa Marc's leven zich een zesde weg naar zee baande, naar Knokke het Zoute of het Zoete — gelijk men dat uitspreken wil. Want Pa was intusen Pa geworden; hij woonde op een hoge verdieping in een verdere boulevard, met een Ma en een Lieverdje. Het gezin was niet rijk, maar wie kan tegenwoordig geen kleine Renault kopen, gedeeltelijk contant en dat krijg je geleend, en de rest op afbetaling, ook wanneer de vier paarden of pony's reeds naar de eeuwige grasvelden zijn?

Pa had eindeloze lessen genomen en ten slotte zijn vrees voor versnellingsbakken zoverre overwonnen, dat het gezinnetjie van de hoge verdieping, nog gauw voor het eind van de zomer een weekendtocht naar zee had geprojecteerd. De hele zaterdagochtend had Ma de koffer gepakt en broodjes belegd, en van twaalf uur af stond ze met Lieverd op het stoepad te wachten. Tien over twaalfven verscheen Pa van zijn werk. En de tocht begon, langs de boulevards, de brug over, voorbij het kerkhof en aan de Bierstal de macadamweg op. Deze was al niet meer zo blond, maar Pipa had geen tijd om het te merken; hij reed in het zweet zijns aanschijns.

— Een beetje meer naar rechts, hielp Ma.

— Ja, zei Pa, maar let jij liever op de snelheidsmeter. We moeten stipt inrijden, heel gelijkmatig traag.

— Ja, zei Ma, precies dertig . . . nee, nu wat trager, je bent een verdelinkje te hoog . . . Wil je niet even rusten?

Maar Pa hield stoer vol, tussen 29, 30, 31 kilometer het uur, tot zijn lange been op het gaspedaal beefde van het hangen en Ma haar hand als een kussentje onder zijn dij schoof. Zelfs Lieverdje, die aanvankelijk had gekraaid, wrocht mee door zoet te zwijgen.

Toen ze over de helft van de weg waren, begonnen ze zich als buitenlandse toeristen te voelen: ze hadden een halve dagtaak achter de rug en keken uit naar een plekje om te picknicken. Na twee derde van de weg was het gevonden. Plotseling, zij het met alle voorzichtigheid, stopte Pa.

— Hier? vroeg Ma.

— Ja, zei Pa met een Sinterklaasgezicht en Lieverdje begon weer te kraaien.

En als een koninklijk paar stapte het gezin met die kleine prins en de grote proviandzak de eenzame herberg Tivoli binnen, links aan de weg even voorbij Maldegem, — Café Tivoli dat Ma voortaan Frivoli heette, wegens de halve fles rode wijn waarop Pa hen toen had gefoven.

Toen ze Knokke-Het Zoete bereikten, had de zon reeds de avondglans van de laatzomerse namiddag, maar ook het laatste derde van de reis was voorspoedig verlopen . . .

Helaas, geen geluk is duurzaam. Een paar jaren later, toen het renaultje nog niet was afbetaald maar wel reeds zogoed als afgereden, viel ook Pa in duigen. En de zevende weg was een lijdensweg, — tussen een rustoord aan zee en een Gents doktershuis, — waarop Pa en Ma zich telkens vol nieuwe hoop en nieuwe radeloosheid heen en weer bewogen. O die knotwilgen van toen, als gebalde vuisten, als hoofden vol angsthaar! Nooit zou Pa eraan terug kunnen denken zonder een griezelig krassende grammofoonplaat te horen uit het Duitse lesuur van zijn atheneumtijd: Wer reitet so spät durch Nacht und Wind ? . . .

En toen na weer een paar jaar Pa eindelijk aan de betehand was, trof hem een ander ongeluk. Voortaan reed de Morris Minor, die de Renault had vervangen, alleen tussen Gent en Het Zoute-Knokke; alleen, d.w.z. met een Marc die zich in dapperheid probeerde te oefenen, elke zondagnamiddag tussen 4 en 7. Soms zat Lieverdje naast hem, als die geen zondagschool had, en Oma, wanneer zij niet in de kliniek lag. En zo drie jaren lang, elke zondagnamiddag,

des zomers om te baden, 'n winters om voor de meeuwen brood te strooien op de ijsschotsen benedendijks, en in de tussenseizoenen om de rose Japanse kersboompjes te zien bloesemen of een warme kop melk in Frivoli te drinken.

Van lieverlee ging Pa helemaal op in die kinder- en ouderliefde, die hem zoet was, hoewel hem daarnaast het gevoel knauwde, tot geen andere liefde ooit meer in staat te zijn. Vierenveertig, en oud. Zelfs in de dromen van zijn herinnering bleef de schone zoenimf Suzanne vaak ondergedoken . . .

Maar niets is zo erg als men het zich voorstelt. Op een vacantiereis met Oma, Lieverdje en Luc en diens vrouw, ontmoette Pa aan een andere See een Marika en ogenblikkelijk ontstak hij in een driedubbele jubel: om wat hij voelde, omdat hij het voelde, en om wat zij terugvoelde. In de herfst brak Marika haar pols in Midden-Europa en met het geld van ziekenfonds en verzekering kwam ze veertien dagen in Het Zoete-Knokke doorbrengen. Pa had voor haar het hotel uitgekozen: modern fris en ouderwets knus, en in zijn tweede Morris Minor, blauw en met roodleren kussens, bezocht hij haar twee keer in de week, op zijn vrije weekdag en zondagsnamiddags. Ze wandelden arm in arm tegen de koude, spraken in haar warme vreemde taal over de warmte van villa's en van huizen met gezinshaarden überhaupt, terwijl ze naar de meeuwen keken, de blank schuimende golven, het stuifzand op de plage, en in de winterzon zaten achter de hotelramen bij een glaasje slivovitz . . .

Dat waren de achtste en negende weg geweest. En toen — veel te ingewikkeld om het uit te leggen — was ook dat uit. Pa hilde toen hij een prentkaart met een oceaanoort ontving waarop Marika had gehuild: ze zou de Noordzee nooit vergeten . . .

En zo legde Pa thans zijn tiende weg af, weer elke zondag, in een grote, zwarte, tweedehandse Ford, met een nieuwe Moes, en de oude Oma en steeds Lieverdje van welcer.

Tien wegen — hoeveel zouden er nog volgen, zou het ooit tot een dozijn worden? Een wijs mens mag daar niet naar vragen, laat staan het te wenschen. En Pa wendde zijn blik van de achteruitkijkspiegel in zijn ziel, naar die in de wagen.

* * *

Oma en Moes praatten steeds huishoudelijk. Lieverdje droomde van blokfluit, pepermuntjes of kauwgom. En Pa zei om iets te zeggen:

— Ziezo, Eeklo.

— Jawel, Eikenbos, zei Lieverdje zijn les op, allicht met de hoop hiervoor aldaar beloond te worden.

Want in die stad was het weer eens kermis, voor de zoveelste maal van het jaar, en ook met gesloten ramen had je de geurige poffertjeskramen kunnen ruiken. Maar Pa zag op tegen het gewoel en trouwens begon het net te miezelen.

— Doorrijden, zei hij, slipgevaar. Aan zee op de Lippenslaan krijg je een dubbel stuk taart.

— Dank je, Pa, blokfloot Lieverdje alweer.

Maar toen ze het laatste verkeerslicht voorbij waren — het stond op groen — riep de jongen:

— He, hoe vreemd mooi: hier regen en ginds zon! en hij wees naar een kapel in de verte, rechts aan de weg.

Daarop vlijde hij zich tegen zijn Pa aan en fluisterde nadrukkelijk:

— Onze kapel! Ik doe gauw mijn drie wensen. Jij ook?

Pa knikt. De voorgevel van die kapel, haaks op de weg, was versierd met drie haast levensgrote figuren van blonde zand- op dofrode baksteen: gevleugelde engelen met zwevende tabberden en lange bazuinen. En Pa of Lieverdje hadden bedacht in de jaren van de achtste weg, dat je in het voorbijrijden telkens gauw drie wensen moest en mocht doen. En Pa haastte zich ook nu, met al de listigheid van een kind gebleven volwassene: de eerste wens was voor Oma, immers de oudste trouwe; de tweede voor Lieverd en Moes, die nu samenhoorden; de derde voor allen van goeden en zelfs van kwaden wille, uit ieders en speciaal uit Pa's levensverleden van Knokke het Zoete of Zoute: Suzanne, Ma, Marika . . . En heel stilletjes voegde hij daar heel nederig een vlugge vierde wens „hors série" voor zichzelf aan toe: voor zijn nog altijd wankele gezondheid, voor het beetje geluk dat vrede heet . . .

Maar in zijn haast om te wensen, had Pa volgens een psychosomatische wet tegelijk op het gaspedaal gedrukt en plotsklaps, net voorbij de kapel, in het uitwijken voor een baldadige tegenligger, slipte de ford.

Een paar seconden later stond hij stil aan de weg. De vier inzittenden keken elkaar vragend aan. Het was alles zo snel toegegaan, dat ze niet beseften wat of er eigenlijk gebeurd was. De baldadige tegenligger, die over de witte middenstreep had gereden, had zich schuld bewust uit de voeten gemaakt. Een oude boer op zondagsklompen strom-

pelde naderbij, spuugde zonder zijn pijp uit de mond te nemen en zei:

— Jullie moog van chance spreken! Gat over kop gegaan, en niets, geen scharte, zelfs geen ruite gebroken! 't Es een mirakel, da maar ene keer gebeurt.

Pa nam zijn hoed af, de dames begonnen een opgewonden erkentelijk gesprek, de ford reed langzaam verder in de gulden novemberzon. Toen viel het Pa op dat Lieverdje zo zwijgzaam zat. Hij glimlachte hem kameraadschappelijk toe. Het kind antwoordde vansgelijken, met glanzend peinzige zeeblauwe ogen. Toen stak hij plots zijn hoofd naderbij en begon aan Pa's oor te fluisteren:

— Niet zeggen aan Oma of Moes, hoor! Maar terwijl het ongeluk — of liever het geluk — is gebeurd, had ik de indruk niet drie maar vier engelen aan de kapel te hebben gezien. De vierde stond heel even in de gesloten poort, en is dadelijk verdwenen. Hij zag er anders helemaal uit zoals de andere. Hoe zou dat kunnen, Pa? Hebben zij ons samen gered?

— Heel waarschijnlijk, Lieverdje. Ons vieren en ook de tegenligger . . . Zie je, ik heb eigenlijk vier wensen gedaan, een beetje gulzig maar toch heel nederig. En God heeft de bazuinen van die engelen uit Eikenbos willen verhoren. Dank hen en Hem nu eens heel stilletjes en diep.

En Lieverdje knikte in hartelijke verstandhouding, sloot zijn ogen dat niemand het zag, ook Pa niet, want die sloot ze ook heel even, met en stille, stille glimlach en een zoetzoute smaak in de mond.

En hoofdschuddend en spugend keek de boer nog eens om naar de wagen die zich op le chemin du paradis verwijderde:

— Die mogen van chance spreken, miljarde!

En bij Roze ging hij een grote dreupel in zijn kloefen gieten.

P. A. DE W. VENTER :

Meeue

*Julle wat aan die lugstrome
hang tot dit afbuig in die see,
wat rein is van die stof se wee
maar afval het in jul drome,*

*wie roep julle so weemoedig
as jul kringsweef oor die riffels
of wie vloek jul so verskriklik
as julle stry oor opdrifsels?*

Sketse van die Baai

- Buitelyn Die see skud ewig haar kantrok reg
teen die nat sand van die Baai se arms;
bloutes verf die bergekneukels weg.*
- Karkas Krane knik besige
koppe oor skepe,
gryp diep met gretige
hande in hul splete.*
- Arbeid Swaar bote trek diep
aan hul dik toue
wat kraak en floue
kreune sug verdiep
in bitter arbeid.*
- Skip Sleepbote raas hom wakker
in die hawe waar hy droom,
mense waai en speel musiek,
hy onthou nou die blou verskiet
en breek die see met eie stoom.*
- Straatwerker Hy hang rooi lanterns in die straat;
ek ruik stukkies suurpap wat hy
eet uit swarte blik aan 'n draad
en bruin gekookte vleis en rook
wat rimpels om sy oë sny;
sy dowwe brein trek aan sy oog
om dinge beter deur te laat.*

ANDRÉ DEMEDTS :

Nederlandse Letterkunde

EINDEJAARSOVERZICHT

Met de verlofperiode in juli-augustus valt de bedrijvigheid van onze uitgeverijen volledig stil. Er bestaat daarom geen betere gelegenheid tot een overzichtelijke terugblik over hetgene er, sedert ons artikel in de maartaflevering van dit tijdschrift, op literair gebied gebeurd en verschenen is.

Laten wij vooreerst de aandacht vestigen op de groeiende belangstelling, die in België voor de Afrikaanse letterkunde merkbaar is. Een der belangrijkste uitgeverijen (Desclée de Brouwer te Brugge) kondigt, van de hand van Prof. Dr. A. Coetzee, het verschijnen van een geschiedenis van de Afrikaanse letterkunde aan. Het mooie tijdschrift „West-Vlaanderen” zal toekomend jaar een bijzonder nummer aan Zuid-Afrika wijden. In het leidend dagblad „De Standaard” (Brussel) en het maandschrift „De Periscoop” (Brussel) werd over Afrikaanse schrijvers gehandeld en in het jongerenorgaan „Ons Erfdeel” werden gedichten van N. P. van Wyk Louw, vergezeld van een Franse vertaling, opgenomen. Op de boekententoonstelling die te Kortrijk naar aanleiding van de Taalfeesten plaatsgreep, werd door de Zuidafrikaanse ambassade een stand van Afrikaanse boeken en tijdschriften ingericht. Bij de plechtige opening werd door J. C. Lötter, die te Brussel het ambt van inlichtingsattaché vervult, in het Afrikaans het woord gevoerd. Dat was in het begin van de maand juli, die verder gekenmerkte werd door een initiatief van de heer Burger, ambassadeur van Zuid-Afrika te Brussel, die aan de universiteiten van Gent en Leuven een verzameling Afrikaanse boeken overhandigde. Tenslotte zond de Gewestelijke Omroep Kortrijk van de Belgische Radio en Televisie op 3 Juni j.l. een „Afrikaans Programma” uit, waarop woord en muziek met elkander afwisselden om de luisteraars een ruimer bekendheid met uw land bij te brengen.

Gedurende de jongste maanden zijn ons talrijke voor-
aanstaande schrijvers ontvallen. In februari overleed Joris
Vriamont (°1896), een libertijnse en zeer intellectuele geest,
die o.a. in „De Exploten van Tabarijn” met alle idealistische
betrachtingen van de mens de draak gestoken heeft. Niet

lang daarna bezweek Prof. Dr. Jozef Muls (°1882) aan een slepende ziekte, die hem de laatste jaren aan zetel en bed gekluisterd hield. Hij had als essayist over schilderkunst een grote naam verworven. Van 1905 tot 1930 leidde hij het tijdschrift „Vlaamsche Arbeid”, dat voor de ontwikkeling van onze letterkunde van belang geweest is en na 1924 alleen in leven gehouden werd om Paul Van Ostaijen toe te laten vrijuit aan het woord te blijven. Sedertdien zijn ook Prof. Dr. Franz De Backer (°1891), auteur van het verhaal „Longinus” en Prof. Dr. André De Ridder (°1888) ter ziele gegaan. Laatstgenoemde was medestichter van „De Boomgaard” (1909-1911) en schrijver van een lange reeks romans en studies over letterkundigen en schilders. De voorlaatste dag van juli is ook dichter Firmin Van Hecke (°1884) naar de eeuwigheid gegaan. Tot zijn nalatenschap behoort een essay over Karel Van de Woestijne en sensualistische poëzie in klassieke vorm, waarin een vage metafysische hunkering het langzamerhand op een erotische aardgezindheid gewonnen heeft.

Ondertussen werd de hoogste letterkundige onderscheiding die in Nederland bestaat, de P. C. Hooft-Prijs, aan Victor E. van Vriesland toegekend. Hij heeft als hoofdredakteur van „De groene Amsterdammer”, als essayist en samensteller van onovertroffen bloemlezingen een voorname rol in de vorming van de openbare mening en de literaire smaak vervuld. Laten wij vooral niet vergeten, dat hij ook als dichter van wijsgerig bezielde poëzie een verdiende faam geniet. Zijn bekroning werd op algemene instemming ontvaard. Minder geestdriftig werd de toekenning van de Van der Hoogt-Prijs aan Bert Schierbeek ontvangen. Zijn pogingen tot het scheppen van een eksperimentele romankunst worden weinig gewaardeerd. Daarbij komt dat de eerder ongelukkige formulering van de redenen waarom de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde hem onderscheiden heeft, de bezwaren tegen haar uitspraak niet uit de weg geruimd heeft.

Het voornaamste scheppend werk kwam van de ouderen. Theun De Vries bracht in „Het Motet voor de Kardinaal” de roman van een vondeling uit de XV^e eeuw, die kunstenaar wordt en het langste deel van zijn leven in Italië doorbrengt. Dat bood de schrijver de gelegenheid om in wijsd geborstelde taferelen mensen en zeden uit die tijd zo uit te beelden, dat er een diepe indruk van blijft. Zijn held, een hartstochtelijk en vereenzaamd man, is op zoek naar een

geluk dat slechts in zijn dromen bestaat. In zijn geheel is het een indrukwekkend boek geworden, dat in het verzameld werk van De Vries een hoogtepunt uitmaakt.

Daarentegen is het vervolg dat Gerard Walschap onder de titel „Nieuw Deps” op zijn vitalistisch meesterstuk „Houtekiet” geschonkel heeft, minder geslaagd. De kritiek vond zijn taal en zelfs de verbijsterend vlugge handeling tamelijk eentonig. Het lijkt erop dat de schrijver door zijn onderwerp nie sterk aangegrepen werd. In de roman wordt verhaald hoe de zoon van Houtekiet in het dorp van zijn vader de industrie en de geest van de nieuwe tijd binnenbrengt. Onder een sterker bezieling ontstaan, lijkt de novel-lenbundel „De Diaspora” van Marnix Gijsen, die nog altijd als hoofd van de Belgische inlichtingsdienst te New York verblijft. De zes verhalen uit dat boek behoren ongetwijfeld tot het rijpste dat wij van hem bezitten. Niet om de gegevens. Die zijn veeleer zo gewoon, dat ze een kleiner talent tot een mislukking zouden geleid hebben. In „Pleidooi voor de Monogamie” b.v. gaat het om niets meer dan de jaloezie waar twee meisjes elkanders leven mee vergallen. Maar wat Gijsen met die banaliteiten gemaakt heeft dwingt bewondering af voor zijn wereldwijze belezenheid, meesterlijke psychologie en verhaaltechniek.

Er bestaat geestelijke verwantschap tussen Gijsen en Simon Vestdijk, schepper van een onoverzienbare reeks romans, die nochtans een ietsje te cerebraal zijn om het werk van de Vlaming te overtreffen. Waar wij hem onverminderd bewonderen is in zijn essay's, voorbeelden van diep peilende intelligentie, nauwkeurige ontleding en situering van de tijdsachtergrond. Al die eigenschappen zijn verenigd in de studies, die hij in „Voor en na de Explosie” bijeengebracht heeft.

Onder de letterkundigen van de tweede generatie, die nu tussen de veertig en de zestig zijn, werd het belangrijkste boek door Jos Panhuysen geleverd. Het is de roman „De Pornograaf”. In het midden van de handeling staat de joernalist Henk Verlet, die zich tegen een ongegronde beschuldiging moet verdedigen. Gelukkiger dan gewoonlijk gebeurt, gelukt het hem zijn geval op te helderen. Hij doet het op humoristische manier, hoewel de ondertoon van het verhaal, vooral waar Verlets echtgenote optreedt, veeleer tragisch is. Onlangs kwam aan het licht, dat Panhuysen het boek geschreven heeft omdat hem verweten werd dat hij onder schuilnaam pornografische geschriften uitgegeven

had. Een aantijging die louter kwaadwillig, want volledig onwaar was.

Van Adriaan Van der Veen vermelden wij de psychologische roman „Doen alsof”. Ida is een moderne, ontwrichte vrouw, die nog moeilijk kan oordelen over wat goed of slecht voor haar is. Zij heeft een verhouding met Dolf, maar ook dat laat haar innerlijk leeg, zodat hij haar aanraadt in het buitenland afleiding en herstel van haar geestelijk evenwicht te zoeken. Daarop reist zij naar Rome, waar zij na allerlei erotische avonturen de man ontmoet, die jaren ouder is en haar zal helpen om weer een normaal mens te worden. Het boek is in de eerste plaats opmerkenswaard om de atmosfeer van lusteloze vermoeidheid, die door de stijl van Van der Veen gesuggereerd wordt.

Dichter Hans Andreus, die sedert enige tijd ook verhalen publiceert, trachtte met „Valentijn” een groter publiek te boeien dan over het algemeen met een zielkundige ontleding bereikt kan worden. Daarom sloeg hij een lichte, bijna gek-scherende toon aan, die zijn eerder triestig gegeven voor velen gered heeft, maar anderen de vraag deed stellen of men op die manier over zulk een onderwerp mag spreken. Het lijkt op een vernietiging van de waardenschaal, die als ze verdween, naar een volstrekt relativisme zou voeren. Mooier dan die roman lijkt ons zijn verzenbundel „Luisteren met het Lichaam”. Zijn innige poëzie, teder en tegelijk weerbarstig, verplicht de lezer tot een wijs beschouwen van werkelijkheid en leven. Uit die geboeide aandacht, moge zijn geluk ontluiken. „Ik hoop dat het voor alle mensen in de nacht op een goede wijze morgen zal worden. Morgen: dat is rustig zijn en eindelijk ontwaakt.’

De schoonste poëzie van het jaar werd ten andere door dichters van deze leeftijdsgroep in het licht gegeven. Wij denken inzonderheid aan „Ogentroost” van Karel Jonckheere, een lang, over verschillende afdelingen verdeeld belijdenisgedicht, waarin hij spreekt over alles wat zijn ogen voor hem betekend hebben. Een zeer schrijnend gedicht voor wie ervan op de hoogte is, dat het zoontje van de auteur niet over het gebruik van zijn gezichtsvermogen beschikt. Johan Daisne, wiens vorige verzenbundel uit 1953 dateert, is met „De Nacht komt gauw genoeg” — gedichten uit en voor het leven — tot de poëzie teruggekeerd. Tenslotte zette Ferdinand Vercocke met „Land aan het Zwin” zijn hymnische verheerlijking van eigen land en verleden voort.

Overgaande naar de jongeren, mogen wij aandacht vragen voor twee debutanten, die grote verwachtingen gewekt hebben. Boeli Van Leeuwen, schrijver van „De Rots der Struikeling” is uit de Nederlandse Antillen afkomstig. De waarde van zijn suggestief en vlot gestelde roman ligt niet in zijn gegeven (de geschriften van een overleden kennis, die hij ter inzage gekregen heeft), maar in de intelligente wijze waarop hij zijn wijsgerige opvattingen over de zin van het leven en de verhouding tussen mens en bovennatuur ontwikkelt. De tweede beginneling, Herman Vos, is een Vlaming, die een deel van zijn jeugd in Argentinië doorgebracht heeft. Daar haalde hij de stof voor zijn prachtige naturalistische novelle „De Zonen van Pepe Gimenez”, een gewoon geval van broedervete dat op doodslag eindigt, en zijn roman over het bouwen van een stuwdam, die hij „Een Man kwam van de Cerro” geheten heeft. Waar Vos het leven zelf aan het woord laat, is bij Van Leeuwen diens oordeel over het leven het zwaarste element.

Frank Liedel die vroeger reeds met verhalen en gedichten aan tijdschriften medegewerkt heeft, behaalde een overtuigend sukses met „Maiden-Trip” en „Kevers onder een Steen”. In de eerste novelle handelt hij over een episode uit de strijd van het verzet tegen het Duitse leger; in de verhalen uit het tweede boek is het hem gelukt de goedheid van mens tot mens als hoogste deugd aan te prijzen, op zulk een moderne en fijnzinnige manier, dat zijn lezers geen ogenblik aan opzettelijkheid of betweterij gaan denken. Een moraliserende inhoud ligt ook in „De Kater van Orfeus” van Bernard Kemp. De vrienden van een zelfmoordenaar, een jongen en een meisje, pogen te achterhalen om welke redenen hij zijn daad mag gesteld hebben. Het blijkt dat hij gestorven is, omdat het leven geen zin voor hem had. Door hun leed om hun gestorven vriend, komen de jonge mensen nader tot elkander. Hun genegenheid wordt liefde en in die liefde weten zij dat het leven wel zin heeft. Want, zoals Goethe zei, alle liefde wil eeuwigheid.

En laatste gedachte gaat naar „Zon op de Weg” van Chris Yperman. Zelden hebben wij een verhaal gelezen zo onverhelpbaar triestig, als deze bekentenis van Kreekje, een jonge vrouw, die eigenlijk geen enkel houvast in haar leven heeft. Geloof, traditie, volk, gemeenschap, thuis, het zegt haar allemaal niets. Zij leeft alleen voor de hartstocht die zij liefde heet en haar nochtans onbevredigd laat, omdat de man aan wie zij met alle vezels van haar wezen gehecht is,

niet trouw kan zijn. Het boek wordt aanvaardbaar gemaakt door zijn poëtische stijl. Anders zou het door zijn sentimentele inhoud een onmogelijke indruk maken. Verschaeve verzekerde dat wij niet mogen wanhopen om een jeugd, die het leven zwaar opneemt. Want juist die ernst leek hem het bewijs dat zij het met leven meent.

ROY LE ROUX :

Gebed

Laat my nou sterf, o God:

*Nou, hier, terwyl ek in die marteling is,
terwyl geen ander lot die wroeging van 'n eenling kan oortref.*

Maak my die vangs vir hierdie dag:

*die vis wat uitgelig word in sy angs
en spartelend, maar sonder lis, moet sterf.*

Maak my die môremis

*wat luidloos-ongemerkt verdwyn in't niet
en wegskuif vér en hoog: 'n ongesiene waas wat net voor U
bestaan.*

*Breek my, die riet wat beef. Of val my toe
met al U eeue wat moet kom.*

*Laat daar geen wete in my bly bestaan hoedat ek skromelik
gefaal het in my taak: val my net toe.*

Bediendelose Huise

In 'n vooraanstaande Amerikaanse tydskrif lees ons dat die lewenstandaard van die blankes op die Rand die hoogste ter wêreld is. Die Amerikaners behoort goed in staat te wees om vergelykings in dié verband te tref, want hulle word algemeen beskou as 'n volk wat hulself niks wat as weelderig lewend of sinnestrelend beskou kan word, ontsê nie.

Die skrywer van die genoemde artikel het egter een belangrike feit uit die oog verloor, te wete dat ons hoë lewenstandaard nie net tot Johannesburg en sy omtrekke beperk is nie maar dat dit op die hele land van toepassing is.

En helaas, niewers elders in die wêreld is die sedelike ontaarding en verkankerung wat as 'n natuurlike konsekwensie van 'n te grote stoflike welvaart beskou kan word, meer kennelik geword as onder ons volk nie.

Mens kan trouens te gemaksugtig word om reggeaard en welskape te bly.

Daar word bv. vandag nouliks nog 'n huisgesin gevind wat tevrede is om maar net een motor te besit: Pa moet een motor hê, ma moet een hê en ouboet moet een hê en bowendien nog 'n motorfiets vir geval hy dit dalk nodig kry. Ons sit vandag in die moeras van vadsug vassegal.

Drankpartytjies word as die toppunt van maatskaplike genieting beskou. Geen geselligheid mag sonder dronkenskap verloop nie. Per persoon verswelg ons die hoogste persentasie alkohol in die wêreld.

Negentig persent van die 100,000 alkoholiste in ons land wat in die registers van psigiatriese klinieke opgeteken staan, is aan brandewyn verslaaf.

Daar bestaan geen behoefte meer om te meet en pas nie, want die moeras loop oor vanweë die toevloei van koninklike inkomstes. Daarom leef pa en ma soos 'n koningspaar, en sus en boet word groot, verwend, onvolgroeid, onvoorbereid en onbevoegd tot ouerskap en sonder oorleg om met geld te werk.

Dit is geen wonder dat een uit elke drie huwelike wat op Johannesburg en buurstede voltrek word, in die egskeidingshof ontbind moet word nie.

Ons is so geneë om die Romeinse ryk as die klassieke voorbeeld van maatskaplike verwording te beskou en ver-

loor die feit uit die oog dat ons vandag by verre na nie 'n vergelyking met die sedelike peil van die Romeine in die Stoïsynse periode van hulle geskiedenis kan deurstaan nie.

Alvorens die Romeinse ryk holus-bolus te veroordeel, behoort ons daarop te let dat keiser Augustus 'n wet laat promulgeer het waarvolgens owerspel met die dood strafbaar was.

Dit is 'n wet wat reeds in die strafbode van die veel belasterde Babiloniërs voorkom.

Toe die dogter van Augustus haar aan 'n geslagsvergryp skuldig gemaak het, het haar vader haar uit die land verban.

Dit staan vas en seker dat daar vandag geen vader, vorstelik of uit die burgerstand, gevind sal word wat op 'n dergelike wyse teenoor sy dogter sal optree nie.

Volgens Gibbon was die tweede deel van dié Stoïsynse tydperk die voorspoedigste en gelukkigste tydperk in die hele geskiedenis van die mens.

Fridlaender tipeer dit as „an age which roused itself by its own effort to higher and purer views of morality than all the ages which preceeded it.”

Die toestand waarin ons volk vandag verkeer, kan sketsmatig soos volg beskryf word:

Wanneer die objektiewe dinge dominant is in die lewensbeskouing van 'n volk, is die psigiese resessief en dis dan dat hy vasval in die modder van hebsug en plesier.

Omdat so 'n volk se gedrag deur die uiterlike dinge bepaal word, hang hy alles as wetmatig aan wat normatief is en verder word alles as mooi, reg en goed gevind wat in toon met sy omgewing is.

Dit spreek vanself dat die siel daaronder ly as die liggaam uitermatig onderworpe aan 'n objektiewe standpunt is.

Sondae loop die kerk vol omdat dit die mode is om kerk toe te gaan. Dit doen hy nie omdat hy uit en uit oneerlik is nie maar omdat dit die aanpassingswyse is van dié wat oorwegend deur uiterlike dinge georiënteer word.

Die waarheid van die sielkundige stelling dat as die primêre subjektiewe drange voortdurend onderdruk word, hulle op 'n gewelddadige wyse tot uitbarsting kom, word op aanskoulike wyse bewys deur die roekelose slagting van hulle medemens deur motorspoedmaniakke op die pad.

Dit is die oorbenadrukte objektiewe standpunt met sy patologiese afhanklikheid van wat stoflik is en die gevolglike spanning tussen gees en vlees wat miriadevorme van

neuroses kan laat ontstaan, en so dikwels alkoholisme ten gevolg het.

Dit is hierdie selfde patologiese afhanklikheid van sy omgewing wat die vader is van die seun wat indien hy hom nie by sy kring op sy manier en tot sy bevrediging kan aanpas nie, sy andersheid probeer regverdig deur dit op ramshoringwyse uit te blêr in eendsterdrag en -gedrag.

Hierdie egoïs by uitnemendheid, verdien ons medelye, dog dit ontvang hy nie omdat sy pogings om die aandag op hom te vestig so aanstootlik kan wees. In sy geval, sowel as in dié van sy vader, is die aforisme ‚Arbeid macht gesond’, spesiaal toepaslik.

Arbeidsterapie is gesondmakend, nie slegs in die geval van individue nie maar ook in die geval van ’n hele volk.

Om die waarheid van ons bewering te staaf, hoef ons hier slegs die geval van Finland te noem:

Die Finne is ’n volk wat *sisoe* besit. *Sisoe* is die soort moed wat jou in staat stel om die skynbaar onmoontlike taak aan te pak en te volbring. Dit is die soort moed wat dr. Adenauer, volgens hy self verklaar, tot die hoogste pos in Wes-Duitsland gevoer het.

Volgens die voorwaardes van die wapenstilstand tussen Rusland en Finland in 1944 moes Finland skadevergoeding in die vorm van swaar nywerheidsgoedere ten bedrae van 300 miljoen dollar tussen 1944 en 1945 aan Rusland lewer. Die inflasie wat op die wapenstilstand gevolg het, het die bedrag wat Rusland van Finland geëis het, twee keer groter gemaak as wat dit oorspronklik was. Finland het so te sê geen metaal- of swaar industrieë besit nie. Die Finne moes bygevolge byna al die benodigde grondstowwe aankoop en daarbewens die nodige fabriek oprig en geskoolde arbeiders oplei alvorens hulle hulle skuld kon begin betaal. Maar almal, man vrou en kind, het aan die werk gespring en voor die einde van 1945 het hulle die laaste betaling aan Rusland gemaak.

Vandag beskik Finland nie net oor ’n florerende binne-landse en buitelandse handel nie, maar oor ’n volk wat besiel met *sisoe* is.

As ons maar net vandag ons hande uit die mou wil steek, ons met ’n voorskoot omgord en self die werk doen wat tans deur bediendes gedoen word, sal ons weldra geestelik en liggaamlik net so gesond wees as die Finne wat ten gevolge

van hulle hardwerkendheid vandag as die gesondste volk ter wêreld beskou word.

Waar haal ons die wilskrag vandaan om die werk van bediendes, waaraan ons nou so 'n renons het, oor te neem?

Wilskrag is slegs lewensaandring, lewensenergie wat konstant en onveranderlik bly, wáártoe dit ook al aangewend word. Die wilskrag wat dan aan produktiewe arbeid bestee word en dié wat in 'n weelderige selfbevrediging gaan, is derhalwe nie twee aparte en van mekaar verskillende dinge nie, maar een en dieselfde lewensdrang wat vir twee aparte doeleindes aangewend word.

Elke individu of volk kan dus 'n ander koers inslaan sonder om enige ekstra wilskrag daartoe te monster: Dit is slegs 'n geval van 'n regsomkeer uitvoer en in die teenoorgestelde rigting op te trek.

Wat 'n bediendelose huishouding betref, sal daar deur inagneming van die volgende aanwysings die nuweling heelwat verdriet en onkoste bespaar word.

Die vernaamste twee vrae waarop antwoorde gevind moet word, is die volgende: ingeval oorgeskakel word na 'n bediendelose huishouding, wie en wat sal dan die plek van die eertydse bediendes kan inneem en welke huishoudelike pligte wat ons tans as noodsaaklik beskou, kan verminder of desnoods heeltemal afgeskaf word?

Ons persoonlike antwoorde op die twee vrae word verderaan verskaf. Indien van die volgende inligting gebruik gemaak word, sal veel onkoste en teleurstelling voorkom kan word deur diegene wat 'n nuwe huis, hetsy in die stad of op die plaas, wil laat bou; ook deur die wat met die oog op groter arbeidsbesparing die nodige veranderings aan hul reeds bestaande woonhuis wil laat aanbring, sowel as deur dié wat in huurhuise woon maar besluit het om voortaan sonder bediendes klaar te kom.

In ons berekening met betrekking tot die voorgenome veranderings is die insluiting of weglating van sekere meubelstukke — veral met die oog op werkbesparing — 'n probleem wat ook ernstige aandag sal moet ontvang.

Henry Thoreau het sy lesers aangeraai om hul behoeftes tot drie te beperk, want — so het hy beweer — al wat meer is, sal tog net uit rommel bestaan.

Hou Thoreau se raad in gedagte wanneer u u huis meubeleer. Skaf net die onontbeerlikste meubels aan. Indien die huis wat u moontlik sal betrek, ryklik met muurkaste beedeel is, sal u met betreklik min meubels kan klaarkom.

Indien daar moontlik van u meubels uit ou erfstukke bestaan en u dit nie broodnodig het nie, plaas dit dan in bewaring van 'n museum alwaar u hele nageslag en volk daarna kan gaan kyk. Onthou bowendien dat u daardeur vir u 'n gedenksteen nou al sal oprig, terwyl u nog hier in die lewe verkeer.

Veel van u gerief en gevolglik geluk hang af van die huis waarin u woon, hetsy dit alreeds gebou is of nog gebou moet word. Onthou dus wanneer u laat bou dat die begane grond — die grondplan van u woonhuis, die vlak waarop u woon en waardeur die afmetings van die kamers en hulle ligging onderling tot mekaar bepaal word, 'n faktor van die grootste belang is.

Ten einde dan harmonie tussen die uiterlike voorkoms van u woonhuis en die begane grond te verkry, moet laasgenoemde met die grootste voorbedagsaamheid beplan word.

In dié opsig sal die grootste bevrediging verkry word as die meeste kamervensters aan die noordoostelike kant van u woonhuis aangebring word.

Om die sonlig wat die vertrekke binnedring te reguleer, moet daar sorg gedra word dat die geutrand van die dak so ver oor die mure staan as wat maar moontlik is, want op dié manier sal daar dan in die somer verhoed word dat die sonstrale die huis te diep binnedring. In die winter wanneer die noordoostelike muur meer dwars deur die son getref word, sal die sonlig die huis diep ingeslaan kom en meer warmte verskaf, wanneer mens daarna die meeste verlang.

Om die grootste tevredenheid uit 'n woonhuis te verkry, moet die vertrekke daarin, soos die inwendige organe van die liggaam, reggeplaas wees.

Die werklike bevredigendste woonhuis en meubelrangskikking daarin, is egter dié wat die meeste aan ons persoonlike behoeftes en smaak voldoen.

Wanneer 'n mens wil laat bou, het hy alreeds die plan hoe dit moet wees in sy hoof. Tog sal dit maar nog die beste wees om die hulp van 'n argitek in te roep — die persoon wat 'n deskundige op die gebied van die boukuns en beplanning is.

Om begryplike redes kan hier slegs sekere leidrade aan die hand gedoen word wat op alle woonhuise en huishoudings van toepassing is — maar wat tewens ooreenkomstig individuele vereistes gewysig kan word. Of u nou laat bou, in u eie huis woon, of die dak wat oor u hoof is moet huur,

die voorligting wat hierin gegee word sal eweneens van toepassing op u besondere geval wees.

Diegene van ons wat 'n nuwe woonhuis vir ons kan laat bou, kry moontlik net een keer in ons lewe die geleentheid daartoe. Daarom verdien die geleentheid dit dat mens jou gedagte baie daarvoor moet laat gaan. Want dan is dit die geleentheid om van ons woonhuis 'n droomhuis te maak:

My woonhuis moet bo-op 'n berg staan:
'n klipkolos vaal teen die maan;
ander nagte sal sy vensterlig flonker
soos 'n moesie op die vel van die donker.

Steeds die laaste gesel van sononder;
'n baken vir almal daaronder.

Oho, jy wat die harbaskruid asem
en 'n dooie Outenikwaland wasem,
korhaan van die sonop: klop aan!

Selfs dié wat vir lief moet neem met die bestaande huis wat deur hulle gehuur of as hulle eie eiendom bewoon word, sal veel kan doen deur hier iets weg te neem en daar iets by te voeg om hul woonhuis meer in ooreenstemming te bring met die vereistes van 'n bediendelose huishouding. As die nood aan die man kom, sal 'n ieder gou weet welke veranderinge in die opsig gedoen kan word.

Selfs dié wat in 'n reeds bestaande huis woon, kan dit ook nader aan hul ideale huis omskep deur 'n herindelings van meubels te probeer.

Vir diegene wat op die punt staan om te laat bou, is ons advies: wees 'n kind van u tyd, in positiewe sin. Wees tydgenootlik. Onthou, om 'n nuwe huis te laat bou in 'n outydse styl en daarin te woon, is om in outydse kleredrag te maskeer.

Bowendien kan ons nie in die boukuns te nuwerwets wees nie. Al sou ons ook in die allernuwerwetsste styl laat bou, sal ons woonhuis tog nog ouderwets in die oë van ons kinders en kleinkinders wees.

Dit behoort ons oogmerk te wees om ons woonhuis só gerieflik te laat bou dat elke lid van die huisgesin sal voel dat dit volledig aan haar of sy behoeftes voldoen. Die ideaal moet wees dat die woonhuis die hele huisgesin moet pas soos 'n skoën.

Nog nooit in die geskiedenis van die mens was daar so 'n groot verskeidenheid boumateriale en huishoudelike benodigdhede tot die beskikking van boumeester en huisvrou soos vandag nie. Die gebruiklikste materiaal waarvan mure van eenverdiepinghuise maar nog altyd gebou word, is die aloue baksteen. Staal en beton word meer in veelverdiepinggeboue gebesig.

Daar is ook in ons land 'n begin gemaak met die bou van houthuise wat glo tussen 10-20 persent goedkoper is as steenuise en sommige verdienstelike eienskappe besit wat nie by steen aangetref word nie.

Die monterwoning sal veel bydra tot die vermindering van boukoste en as daar brandwerende materiale soos asbes en gips in die samestelling van die mure voorkom, is dit aan te beveel. Daar is geen rede waarom dié tipe huis nie hier net so populêr sal word as wat dit in ander lande is nie.

Daar moet besonder veel aandag aan binnehuis-beplanning geskenk word: die noodsaaklikheid daarvoor sal geredelik deur die huisvrou ingesien word, veral as sy geen bediendes aanhou nie.

Mens kan 'n kleinerige kamer laat groter voorkom deur 'n muurhoë venster in die buitemuur te laat inbou. Daardeur sal die skyn van kontinuïteit gewek word met die aangrensende grasperk, tuin of ander ruimte daarbuite en die kamer heelwat groter laat lyk. Plaas ook elke ander venster so dat dit 'n mooi stuk landskap daarbuite omraam.

'n Vertrek wat vol meubels en ander mooimaakvoorwerpe geprop is, mure wat meer prente as muur is, muurpapier met ingewikkelde patrone daarop en opgestopte meubels laat 'n vertrek kleiner voorkom as wat dit werklik is. Buitendien sal dié dinge geensins bydra tot die kalmering van die oorspanne senuwees en spiere van die mense van vandag nie.

Met die oog op groter werkbesparing is dit wenslik om die woon- en eetkamer aaneen te hê, wat by die kombuis aansluit. Laat 'n muurkas tussen hierdie dubbeldoelkamer en die kombuis inbou, met deure aan weerskante daarvan.

'n Gerieflike eetplek word in die hoek van die vertrek ingerig. Verdere ameublement word streng volgens behoefte bygevoeg. Vermy alle onnodige ornamente. Een vaas is genoeg, met blomme daarin, wat beurtelings deur 'n ander lid van die gesin gerangskik moet word.

Daar moet besef word dat die vrou nie gebore is om net huiswerk te doen nie. Die vrou is nie van nature handiger

met huiswerk as die man nie. Maar vaardigheid is die gevolg van oefening. Die man kan net so handig word met huiswerk as die vrou. In Europa word selfs arbeiders met pik en graaf vooraf geleer hoe om dié stukke gereedskap op die doeltreffendste wyse te hanteer. Alhoewel die leeu-aandeel vir die bestuur van die woonhuis op die skouers van die vrou as eggenote en moeder rus, moet elke lid van die huisgesin, met die oog op 'n ekonomieser en eweredige arbeidsverdeling, ingespan word om van 'n bediendelose huishouding 'n sukses te maak.

Die doelgerigtste en ekonomiese handeling is trouens die mooiste. Die eenvoudigste stukkie werk ontvang ekonomiese en estetiese waarde al na gelang van hoe dit uitgevoer word en die estetiese aanvoeling neig van nature na dit wat meer esteties is.

Le Corbusier, die wêreldberoemde argitek en stadsontwerper, sê dat 'n huis net so doelmatig as 'n masjien ontwerp moet wees om die beste aan sy doel te beantwoord.

Elke kamer behoort dan beplan te word nie volgens konvensionele voorskrifte nie, maar streng volgens die behoeftes van die huisgesin. Die werklik bevredigendste woonhuis en meubelrangskikking is dié wat aan ons persoonlike behoeftes die beste beantwoord.

Doeltreffende en werkbeparende huishoudelike apparaat is mooi mits dit doeltreffend is. Skoonheid en dienlikheid is onherkenbaar met mekaar vervleg. 'n Meubelstuk, kookpot of pan is mooi mits hulle doelmatig is. Kuns is kuns, hoog of laag.

Hulle vertel dat elkeen in Bali, sowel prins as koelie, 'n kunstenaar is, of ten minste, dat elkeen handewerk doen wat so doelmatig is dat dit 'n kunswerk is . . .

Die huisvrou lê lang afstande in haar huis af met die uitvoer van haar huishoudelike pligte. Die kombuis is veral die plek waar daar baie rond en heen en weer geloop word.

'n Opname van die afstand wat 'n huisvrou afgelê het met die bak van maar één koek toon dat dit op 281 tree te staan kom. Met 'n bietjie herbepanning is die getal treë tot 45 verminder. Ons kan dit nog verder verminder deur alles in die kombuis só te laat inrig dat alles wat ons daar nodig het, so te sê binne ons bereik en op gelyke hoogte met die stoof is.

Moenie werk staande doen as dit sittende gedoen kan word nie.

Die ouers se slaapkamer hoof slegs uit 'n divanbed, of twee divanbeddens te bestaan, indien daar gesorg word dat daar plafonhoë muurkaste ingebou word. Bring ook 'n spieël teen die muur aan waar die lig die gunstigste is, en daar- onder 'n toilettafelrakkie met een ry laaitjies in, en 'n bankie daaronder. En verder, twee stoele of twee lae bankies, een langs elke bed.

Waar 'n gemeenskaplike muur twee slaapvertreкке van mekaar skei, kan 'n dubbelkas wat die hele dikte van die muur diep is, ingebou word om in die behoeftes van twee aparte bewoners te voorsien. As muurkaste plafonhoogte aangebring word, sal die hoogste dele daarvan, met aparte deure, die bêteplek van koffers ensovoorts kan wees, anders sal die ruimtes net stofvergaarplekke wees.

Slaapvertreкке vir die dogters van die huis kan net soos dié van hulle ouers ingerig word. In die geval van slaapvertreкке vir die seuns, kan wel die muurspieël ook aangebring word, dog in stede van die toilettafelrakkie sal een of meer tafeltjies met stoele daarby moontlik beter aan hulle behoeftes voldoen.

As meubels hoof mens in die badkamer slegs 'n stoel te hê, maar sorg dat daar 'n wasbak in is en dat die seepbakkie vir die bad half lengte van die bad aangebring word en nie by die koppenent daarvan nie. Sorg ook dat daar 'n was-en-strykkamer by u beplande huis ingesluit word.

Hoewel die outydse vuurherde nie alleen sentimentele waarde vir ons besit nie maar 'n noodsaaklikheid mag wees, sal elektriese verwarmers ons net so goed verwarm. Dan bied hulle nog die bykomende gerief dat hulle, mits daar in elke vertrek voorsiening gemaak word vir kragpunt-aansluitings, van kamer na kamer geneem kan word.

Hier volg 'n lys van huishoudelike hulpmiddels wat werkbesparend is en die hulp van bediendes in 'n groot mate oorbodig maak:

Vloerbedekking ten opsigte van bestaande of nuwe woonhuise: Rubberteëls op badkamer- en kombuisvloere. Die teëls word slegs af en toe afgevee om sindelik te bly en hoof nie gepoleer te word nie. Ten opsigte van die vloere van ander vertreкке of in die geval van bestaande woonhuise met blokkiesvloere of plank: linoleum of plastiese vernis. Dit hoof nie gepoleer te word nie, slegs met 'n besem gevee te word om die stof te verwyder.

Muurbedekking: Plastiese muurpapier of plastiese verf wat slegs deur 'n klam of droë lap afgevee hoof te word

om sindelik te bly. Stoepbedekking: vir nuutgeboude woonhuise: Leiklip of sementkomposisieteëls wat nie gepoleer hoef te word nie.

Ten opsigte van bestaande huise: verwyder bestaande politoer van die stoep en verf met spesiale sementverf. Doen dieselfde met vensterbanke.

Vir die tuin: Elektriese of petrolaangedrewe grassnyer.

Elektriese toestelle: vir sowel bestaande of nuutgeboude woonhuise: Stofsuiers, poleerders, wasmasjiene, deegmengers, stryksters, eierklitsers. (Daar is selfs nou 'n elektriese toestel verkrygbaar om skoene mee te poets!) Skottelgoed-wasmasjiene wat skottelgoed was en deur middel van warm lug afdroog. Toestel wat ertappels skil.

Toestelle vir die woonhuis sonder elektriese aansluiting: Paraffienstryksters, -yskaste en -kookstowe; wasmasjiene wat slegs 'n primusstofie nodig het om warm water te maak (dit „borrel” die wasgoed skoon). Stowe en warmwatertoestelle wat van gassilinders werk. (Gas is tans vryelik beskikbaar dwarsdeur die land).

Vir algemene gebruik: Nuwe reinigingsmiddels in kombuis vir skottelgoed en wasgoed. Maak gebruik van plastiese tafeldoeke en gordyne wat nie hoef gewas te word nie; van vleklose staal-eetgerei; 'n toestel wat met die hand werk om brood en slaai te sny; handmasjientjies wat groenbone afhaar en kerf . . . Mens kan baie, baie lank so aanhou om werkbeparende hulpmiddels op te noem, maar genoeg om u te oortuig dat 'n bediendelose huishouding moontlik is.

Die verminderde arbeid wat sal oorbly na die reorganisasie van die huishouding moet dan onder die huisgesin — almal, oud en jonk — verdeel word. Dit sal die huis vir elkeen van hulle volwaardiger maak, te meer daar hulle dan sal voel dat hy of sy 'n deel in die huishouding het, en dat hulle in die hoedanigheid van mede-huishouders die huishouding nader kan bring aan hulle ideaal.

Dit is opvallend dat die kultuurstukke uit die outyd wat van die hoogste doelmatigheid en beste smaak getuig, nagelaat is deur volke wat handarbeid — selfs op elementêre vlak — so hoog gestel het dat dit 'n deel van hulle opvoedkundige stelsel gevorm het. Maar geen wonder nie, want die kuns wat in 'n werkstaak beliggaam is, hang af van die bedrewenheid waarmee dit voltooi is, al is dit ook handarbeid van die nederigste soort. Ons kan ook 'n kunswerk van ons huishouding maak deur dit as huisgesin so doelmatig moontlik te beplan en uit te voer.

Bediendelose huishoudings staan reeds op ons drumpel en weldra sal die hele huisgesin eendragtelik moet saamhelp huishou, soos die hele volk in die middeleeue — koning sowel as kind — in tye van nood saam moes help bou het aan stadsmure, kastele en katedrale.

B. LE ROUX :

Die Venyn Is Uit Die Angel

Gloobaal gesproke is die venyn uit die angel: daar is 'n kentering, ten goede, in ons kritiek-procédé. Dit is wat 'n mens konkludeer by die aandagtige deurlees van resensies wat die afgelope paar jaar in ons koerante en letterkundige tydskrifte verskyn. Met opset gebruik ek die woorde *globaal gesproke*; ek is bewus van die feit dat die venyn sy kop nog hier en daar probeer uitsteek. Maar hierop kom ek later terug.

In hierdie beknopte oorsig kan ek slegs een kant van ons belletristiese oeuvre belig, nl. ons poësie, omdat dit die fokus is waarop die soekligte van ons kritici die meeste gerig is. In verband hiermee sien ek veral twee gesonde rigtings waarop ek my betoog wil toespits: eerstens die suiwere, wetenskaplike benadering van ons kritici by die beoordeling van ons poësie; tweedens die ontledingsproses van enkele uitstaande gedigte.

1

Dit het al aksiomaties by die moderne kritikus geword om nie die mens in of agter sy werk te soek nie, maar liewers soos J. C. Meij dit uitdruk: *Oordeel my aan die hand van wat ek is*. ("Proe-proe aan Klipwerk," *Tydskrif vir Letterkunde*, November 1960). Hierdie versoek verg heelwat van die kritikus: daar moet 'n sekere subjektiewe belewenis wees van die magiese fluïditeit van so 'n gedig, om daarna uit te styg en sy kritiek objektief te lewer; ook nie heeltemal nie, want hy gee dit nie soos hy dit self sien, maar liewers soos God dit sien. Op hierdie wyse word die persoonlike element tot 'n minimum beperk. Die digter word nie langer soos van ouds deur een venynige angelsteek genadeloos die lewe uit gehelp nie, of deur een swart streep deur die mond gesnoer nie. 'n Ware kunstenaar openbaar nie sy persoonlikheid in sy werk nie; intendeel, hy versteek hom daarin. As hy dan iets openbaar is dit nie sy *ie-ek* nie, maar liewers die *alter ego*. Hierdie oupersoonlikheids-gedagte druk Keats pertinent in die volgende woorde uit: *A Poet is the most unpoetical of any thing in existence; because he has no identity - he is continually filling some*

other Body - the Sun, the Moon, the Sea and Men and Women . . . (*The Letters of John Keats*, M. B. Forman, Oxford University Press 1952, bl. 226-227). Vir Yeats was die poësie 'n ontvlugting: *From the hot-faced bargainers and money-changers* (*The Personal Principle: Studies in Modern Poetry*, D. S. Savage, bl. 74). In verband met hierdie nuwe procede het ons 'n paar vooraanstaande, normatiewe kritici. Ek wil graag volstaan met verwysings na 'n paar van hulle.

Ek wil begin met verwysing na die resensies gelewer oor Barend Toerien se *Gedigte*. Van al die kritieke wat ek oor hierdie bundeltjie gelees het, bevredig dié van dr. A. P. Grové in *Die Huisgenoot* (datum my ontglip) my die meeste. Hy is 'n kritikus wat sy woorde weeg en sy *teregwysings* stel hy saaklik en glashelder, toegelig deur voorbeelde, m.a.w. sy slaankrag is op die man af, sonder die venyn in die angel. Wat 'n mens onmiddellik tref is die opskrif bo-aan sy resensie: *Poëtiese Dagboek van 20 Jaar* wat die gebrek aan artistieke eenheid soos Grové dit uitdruk, sommer tot 'n paar woorde reduceer. Ek meen Barend Toerien het dit self besef; daarom noem hy sy bundeltjie eenvoudig *Gedigte*. Verder praat Grové in die inleidende paragraaf oor die digter se eksperimentering na vorm en inhoud wat niemand, selfs die digter, seker kan betwis nie. Verder wys hy die digter op die voos plekke in sy bundel: daar is bv. die *kleurprobleem* (*Waarom as ons 'n naturel sien lees?*) en sy satiriese gedig: *Just a Smack at Elisabeth Eybers* wat die digterstalent nie pas nie, omdat hulle nie slim en effektief genoeg is nie. Grové benadruk die tegniese gebreke in die gedigte, o.a. *gedwonge taalaanwendings, ongemotiveerde omsettings, onbeholpe ryme en onoortuigende woordkeuse*.

Maar gedigte wat in ons toonaangewende tydskrifte verskyn, o.a. *Standpunte*, waarvan dr. Grové self een van die redakteurs is, sal tog seker nie blote prulwerk aan sy leserskring opdis nie. Dit besef die kritikus heel waarskynlik; daarom slaan hy nou natuurlikerwyse oor na die goeie eienskappe wat Toerien se gedigte inhou. Hy praat o.a. oor die mooi siening in Herfs-lullaby:

'n geel hand op my skouer
gefladder van die eik
laat my verward en sagter praat.

In *Matrose op Straat* sien Grové die vermoë van Toerien om 'n beeld in 'n woord te verberg, en in *Die Digter en die Daneïng Girl* sien hy hoe treffend die doodsbesef gesuggerer word in: *hoek vlak die been gebêre is*. Sy resensie lei op na 'n klimaks met die aanhaling van Toerien se beste gedigte uit die bundel, nl. *Die Bul*. Dit sê Grové alles met die grootste piëteit, sonder enige pretensie. By hom is daar nie die ewige rondtastery in die duister na moontlik *plagiaatpleging* nie; hy oordeel die gedig soos hy gevra word om beoordeel te word.

Lê ons nou die resensie van Ernst van Heerden (*Tydskrif vir Letterkunde*, Maart 1961) naas dié van Grové, vind ons in werklikheid min verskil. Van Heerden se benadering is miskien simpatieker as dié van Grové, juis omdat dit Toerien se eerste bundel is, want hy sê: *Miskien moet 'n eerste bundel meer volgens potensialiteit as werklike realisering beoordeel word*. Ernst van Heerden bepaal hom by meer gedigte as Grové, maar die wese van beoordeling is min of meer dieselfde: die gaafheid en gebreke is byna identies. Maar nou begaan Van Heerden in sy bespreking daardie een groot fout om Toerien te beskuldig dat sy *Jeug II* feitlik 'n parafrasering van gedeeltes uit Van Wyk Louw se *Beeld van 'n Jeug: Duif en Perd* geword het. Hierteen het Toerien in *Tydskrif vir Letterkunde* (Junie 1961) beswaar gemaak. Hy sê o.a. dat sy gedig: *Beeld van 'n Jeug* voor 1950 dateer. In 1951 het hy dit aan *Standpunte* gestuur, maar dis nie geplaas nie. Van Wyk Louw se gedig het hom eers veel later bereik. Dis om sulke en dergelike gevalle dat ek aan die begin van my opstel die woorde *globaal gesproke* i.v.m. ons nuwe kritiek-procédé gebruik het.

Die neiging bestaan nog om alles waaraan 'n reukie of 'n geurtjie van Opperman of Van Wyk Louw kleef as 'n *navolging* of iets dergeliks te bestempel. Van Heerden sê dat Toerien se gedig 'n parafrase is uit gedeeltes van Van Wyk Louw se gedig, maar hy sê nie spesifiek watter gedeeltes nie. As ek persoonlik beïnvloeding buite Toerien in sy gedig moes soek, sou ek liewers wil sê dat hy sy *ingewing*, tog nie *navolging* of *parafrasering* nie, uit die gedig van Roy Campbell *The Zebras* gekry het, 'n gedig waarin 'n gelyksoortige hings besing word. Vergelyk die fierheid, trotsheid en die dierlikheid in die onderstaande versreëls wat in 'n groot mate ooreenstem:

Campbell:

*Engine of beauty volted with delight,
To roll his mare among the trampled lilies.*

Toerien:

*Runnik rou die hings bo die merrie-vul
'n Reus! 'n Zeus! voor hy grond toe val.*

As die grondgedagte eenders is, het Toerien tog syne in iets oorspronklik omskep.

Nou wat van dr. Rob. Antonissen se kritiek oor Toerien se *Gedigte in Standpunte* (Nuwe Reeks 32)? Nou ja, teen die tyd ken ons hom al. Hy is soos Campbell se *engine of beauty*; wat nie voldoen aan die maatstaf van Opperman, Van Wyk Louw en Blum nie, wil hy te pletter loop. En tog voel ek dat daar selfs in *sy* kritiek-procédé die afgelope tyd 'n merkbare kentering gekom het. As hy die digter-tekortkominge met felle houe tuisgebring het, kom hy tot bedaring en hy kan dan met groter piëteit die kaf van die koring skei. Aan die begin word daar sommer 'n klomp dinge gesê waarmee Toerien lelik oor die vingers getik word, o.a. *geen enkele gedig is gaaf nie; die gedigte is vol gemiste kanse; bestanddele uit uiteenlopende en onderling irrelevante ervarings en waarneming word met opset by-gesleep of maak sommer hul volmaak-oorbodige verskyning, ens.*

As hy nou genoeg oor Toerien se foute en die simptome van 'n gebrekkige selfdissipline uitgewei het, gaan hy tog oor tot die gaafheid van die gedigte met die woorde: *Maar genoeg oor die foute . . . Hy (Toerien) lewer genoeg bewyse dat hy kan dig as hy wil* (nogal 'n toegiffie aan die kant van Antonissen), en dan noem hy 'n paar gedigte op wat hom tref. Wat my persoonlik opvallend in hierdie resensie is, is die ontleding van een van Toerien se gedigte wat ek in die tweede gedeelte van my opstel wil bespreek.

Ek is bewus van die feit dat ek my eerste bewering beperk het tot een spesifieke digter, miskien ten onregte van ander, en wat verder miskien nie 'n genoegsame bewys is van 'n veralgemening nie. Maar in so 'n kort bestek is 'n volledige bespreking net onmoontlik; dis werklik 'n studie op sigself. Ek het slegs gepoog om 'n sekere rigting aan te dui.

Vir my altans is die noukeurige ontleding van uitstaande gedigte seker die vrugbaarste rigting in ons kritiese procedure; dis juis waarom dr. A. P. Grové se werk *Woord en Wonder* so 'n waardevolle werk is vir diegene wat meer van ons poësie wil weet. Die afgelope tyd het daar sulke ontledende resensies in ons twee letterkundige tydskrifte verskyn, o.a. *Herfs die Stroper* van Z. J. Pretorius (*Tydskrif vir Letterkunde*, November 1960). Die stuk handel oor die vertikaal- en horisontalisme in Van Wyk Louw se sonnet *Vroegherfs*. Of die digter sy werk so geometries aangevoel en gesien het toe hy dit geskep het, is 'n desputante vraagstuk; en of ons met Pretorius saamstem al dan nie, maak geen saak nie. Een ding is egter van belang: Pretorius is 'n skerpsinnige waarnemer wat, soos ek aan die begin gesê het, deurgedring het tot die *magiese fluïditeit* van die gedig, dinge daar ontdek het waarvan die digter miskien self nie bewus was nie, wat hy glashelder stel, want as ware kritikus gaan sy siening nie verlore onder 'n vloed van neologie nie.

In dieselfde *Tydskrif* verskyn *Proe-proe aan Klipwerk* deur J. C. Meij, waarin hy die eenheid in Van Wyk Louw se werk *Klipwerk* bespreek. Dis 'n insiggewende stukkie werk. Hy benader die gedig met die grootste agting vir die digter, want hy weet Louw is nie sommer 'n prulpöet nie, maar het seker ook sy limitasies. Meij gaan veral in op die digter se woordgebruik, die formulering van sy gedagtes en die aanwending van leestekens wat by Opperman en Van Wyk Louw 'n verneme iets is. Aan die end van sy bespreking kry 'n mens Meij se samevattende slot in sy gevolgtrekking: *By die lees van Klipwerk voel 'n mens enersyds verheug oor die brokstukke poësie, maar voel 'n mens andersyds teleurgesteld dat die Klipwerk nie tot 'n sterker eenheid uitgegroeï het nie.* (*Tydskrif vir Letterkunde*, November 1960). Hier is dit ook die geval: *stem saam as jy wil of verwerp dit*, maar vir my persoonlike kunssmaak het Meij 'n nuwe faset in die gedig laat glinster, waarvoor ek hom dankbaar bly.

In *Standpunte* (Nuwe Reeks 32) verskyn die ontleding van Rob Antonissen oor Barend Toerien se *Eendvoël-jag*. Moontlik val hierdie bespreking buite die kader van die twee bogenoemdes, maar dis tog nodig; dit toon hoe effektief en insiggewend Rob Antonissen se resensie oor 'n een-

voudige gedigge kán wees. Toerien se gedig bestaan uit twee strofes van vyf verse elk en die sentrale gedagte is die *jag*. Die kritikus dui aan hoe die allooï van Toerien se gedigte alte dikwels deur 'n valse woord of beeld geskaad kan word. Hy praat o.a. van die aanskoulikheid en senioriteit in die eerste vier reëls, maar dan word dit bederf in die vyfde reël waar die gewonde voël soos 'n *swerm bye* na benede tuimel, wat seker nie 'n vergelykingsterm is nie, veral as ons die sesde reël toepas op die *swerm bye*:

Dit spartel lelik, klap die lug . . .

Die sewende en agtste reëls is vir Antonissen onaanskoulik omdat dit pure prosa is. In die negende en tiende reëls kom die gedig weer eens op dreef:

*Toe 'k weer daar jag die middag, later
dryf 'n pluim rooi vere op die water.*

In hierdie twee verse word die twee strofes mooi saamgebind deur die herhaling van die woord *jag* en die tydsvervaging in *later* om daarna mooi uit te loop in 'n vers *vol versweë aandoenings onder die louter beskrywende mededeling* in die laaste versreël.

Hier het ek slegs 'n kort samevatting, gemaklikheids-halwe, van Antonissen se kritiek gegee. Persoonlik het ek nog altyd Antonissen se resensies met 'n tikkie weersin gelees, omdat sy gedagtes alte dikwels verlore gaan onder sy neologie en lang, ingewikkelde sinne sodat dit 'n mens wil laat uitroep: *Wat wil die man nou eintlik sê!* Maar sulke kritiek-procédé sal enigee seker verwelkom.

Die *proestukkie* het ek vir die laaste gebêre, nl. *Aantekeninge by die Vakansiebrief* van D. J. Opperman deur S. Strydom (*Standpunte*, Nuwe Reeks 31). Hierin gee Strydom die nodige oplossings wat 'n mens konfronteer by die lees van die gedig. Hy behandel die gedig trapsgewyse op so 'n wyse dat 'n mens 'n wonder in 'n wonder aanskou, want Opperman is bepaald nie 'n digter wat 'n mens van die blad kan afspeel nie. Uiterlik lyk *Vakansiebrief* heel eenvoudig, maar innerlik is daar 'n hart wat *broei oor die stad: glas, sink en beton*. Strydom behandel op doeltreffende wyse die struktuering van die gedig; o.a. is daar die knap ontleding van sekere taalsituasies, Opperman se gebruik van interpunksies ('n vername aspek in sy gedigte), die knap samevoeging van sy strofes deur sy rympatrone, en sy strakke beelde wat soos 'n inlegkaart die

een strofe met die ander saamvoeg. Dan sy treffende klimaks; die rustigheid van die natuurlewe wat gedagtes wek van die futiliteit van die stadsbestaan, soos Strydom dit min of meer uitdruk. Dis sulke rustige ontledings wat die liefhebber van ons Afrikaanse poësie aanspoor om meer van een van ons grootste digterfigure te wete te kom.

Dit moet teen dié tyd vir die leser duidelik wees dat ek slegs een kant van die saak aangeraak het, soos ek heel aan die begin gesê het, maar ek is bewus van die gistings wat daar ook in die ander genres is, sodat die soekligte geleidelik op daardie aspekte van ons letterkunde gedraai word waarmee rekening gehou sal moet word; maar meer hieroor later. Een ding blyk seker te wees: resensies wat daar onlangs oor ons prosawerke verskyn, is sonder die venyn in die angel. Mag dit altyd so bly!

P. D. VAN DER WALT:

'n Steekproef Uit Streuvels

Stijn Streuvels wat op 3 Oktober vanjaar sy negentigste verjaarsdag gevier het, word deur vele kenners beskou as die grootste prosakunstenaar wat Vlaandere nog opgelewer het: dit is immers deur sy omvangryke oeuvre (sy versamelde werk beslaan twaalf dele) van 'n hoë gehalte dat die Vlaamse prosa vir die eerste maal wêreldaansien verwerf het.

Stijn Streuvels is die skrywersnaam van Frank Lateur, 'n susterskind van die groot Vlaamse digter, Guido Gezelle. Reeds vroeg wy hy hom gheel en al aan die skryfkuns en word hy die begaafdeste prosaïst van *Van Nu en Straks*, 'n literêre tydskrif wat sedert 1893 in Vlaandere verskyn het en waarvan daar vernuwende krag op die Vlaamse letterkunde uitgegaan het. En baie jare lank, sedert die einde van die negentiende eeu tot die dertiger jare van ons eeu, beheers Streuvels saam met Felix Timmermans die literêre prosaterrein met sy groot aantal kortverhale, sketse, romans en romans.

Streuvels beeld die Vlaamste volksmens en plattelandse lewe, die Vlaamse natuur in sy geweld en grootsheid, sy skoonheid en verskeidenheid uit, en hy doen dit met al die rykdom van 'n sterk gewestelik getinte taal. Hy beeld by voorkeur die landelike mens uit, die mens wat weerloos en nietig soos 'n stippel is in die raamwerk van die magtige natuurgebeure. Hy sien die onafwendbare voortgang en werking van die natuur as 'n noodlot — self noem hy dit die *Fatum* — wat die mens, en dan veral die boer, voed en koester, maar wat hom ook blindelings, meedoënloos, kan vernietig. Hierin lê vir Streuvels die tragedie van die menselewe: die weerloosheid daarvan teen dié groot natuurmag.

Die styleienskappe van Streuvels: die kragtige, breë vaart van sy prosa, sy monumentaliteit, blyk bv. uit die sobere en bondige verhaal, *De Oogst* (1900), en uit sy eerste breedopgesette roman, *De Vlaschaard* (1907), 'n werk wat 'n hoogtepunt vorm. Die landelike bedryf, die Vlaamse natuur, die hartstogte van die boerebevolking leef in hierdie werke waarvan die taal kragtig is, die ritme meeslepend en breed.

Die hoogtepunt van sy werk bereik Stijn Streuvels myns insiens in die lang novelle wat in sy boek *Werkmensen* (1927) opgeneem is, nl. *Het leven en de dood in den ast*.*

Dit is 'n besonder kunstig gestruktureerde verhaal hierdie en speel binne die kort tydsbestek van een nag af in 'n suikery-droogoond. Met sy groot skuifdeure lyk die ast (droogoond) soos 'n reusetoneelverhoog waarop 'n drama hom afspeel, en dit dan in die wisselende gloed en donker van die oondvure, sodat die hele toneel iets fantasties-boeiends kry, op 'n grootse Rembrandt-skildery gelyk met sy dramatiese lig-en-duisternis-effekte.

Dat die skrywer hom hiervan ten volle bewus is, blyk uit die feit dat hy die droogoond telkens met 'n toneelverhoog vergelyk, dat hy van verskillende bedrywe in die werkverrigting praat, dat hy die arbeiders vergelyk met geroetineerde toneelspelers, dat hy selfs 'n intermezzo invoer wat op dramaties-ironiese wyse die betekenis van hierdie gebeure onderstreep; ook die besoekers, die ander plaasarbeiders wat in die droëry kom skuiling en warmte soek, word gesien as toneeltoeskouers.

Die invoering van hierdie element van die toneelmatige is allermins blote versiering; dis 'n vindingryke middel om die noodlottige, onafwendbare afloop van die nag se gebeure te beklemtoon: 'n groter orde waarin hierdie arbeiders blote medespelers is, onderganers van 'n noodlotswerking is, voltrek hom — „een schouwspel dat in een tyd- en ruimte-looze afspint”.

Dit is reeds aand wanneer die verhaal aanvang. Meganies, swygend, geroetineerd verrig die vyf arbeiders: De Maf, Lot, Blomme, Hutsebolle en Fliepo, hulle taak, afgesonderd hier in die ast, terwyl buite die elemente tier: gietende reën, striemende wind en koue.

Die eerste bedryf van die gebeure is aan die gang: een man skeep die wortels in die draagbak, twee dra dit na die snymasjien waar een aan die slinger staan, terwyl die vyfde die gemaalde wortels op 'n hoop werk.

Op 'n stom teken van Hutsebolle, die opperdroër, hou hierdie bedryf op, die manne klim op na die eintlike droogkamer, en die tweede bedryf begin: die reeds gedroogde wortels word in sakke geskep en weggedra: ordelik, vlug, ritmies.

* *Stijn Streuvels' volledige werken*, Deel X, bl. 335; Wêreld-Biblioteek, Amsterdam MCMLVI.

Dan begin die derde bedryf: die manne klim weer af in die skuur, skep die nat, gemaalde wortels in sakke en dra dit met die trap op na die droogkamer — nog steeds swygend, geordend. Nou begin ook die eerste toeskouers opdaag, arbeiders van die plaas en omgewing wat hier kom afleiding en geselskap soek. Wanneer die droogvloer vol is, verskuif die toneel na die oondkamer, en die vierde bedryf begin. Wanneer die oondvure goed gestook is, is hierdie bedryf ook afgeloop en breek 'n ruspoos van vier uur aan. Nou is De Maf en Lot onthef van hul aandeel aan die werk en vertrek hulle om elders plesier te gaan soek. Hutsebolle, Blomme en Fliepo moet die nagwaak waarneem.

In die warmte en geheimsinnige skemering van die oondkamer heers daar nou geselligheid — onder meer word die liedjie van die mosselman gesing — totdat die ou boer onverwags sy verskyning maak, die klomp pretmakers verjaag en dan 'n rukkie lank met die drie manne gesels voordat hy hulle verlaat.

Wanneer die eensame nagwaak begin en elk van die drie besig is met sy eie gedagtes, hoor hulle die jong boer wegry op sy vurige hings om sy luste te gaan botvier. Dit bring koers in elk se gedagtegang. Hutsebolle dink oor die volkswraak die vorige somer na aanleiding van die jong boer se willekeurige optrede met diensmeisies; Fliepo dink met wellus oor die jong boer se awonture, voed so sy eie begeertes; Blomme begin vertel van sy eie jeugawonture en liefdesprestasies. Elkeen herleef in sy gedagtes die atmosfeer van sy eie jeug, toe hulle die lewe nog geniet en nie op die drumpel van die ouderdom en die nakende dood gestaan het soos nou nie. En elkeen dink op sy eie manier aan die wese en betekenis van die menslike bestaan, sy eie lewe.

Die nag weeg swaar op hul gemoed; hulle is stil. Maar wanneer hul op die punt is om in te slaap, skuif die swaar deur van die oondkamer oop en die landloper, Knorre, oud en verwaarloos, skuifel binne op soek na 'n bietjie hitte. Sonder 'n woord gaan lê Knorre in 'n hoek en begin luid en lelik snork, asof hy 'n doodsroggel het.

Nou speel ook die groteske intermezzo hom tussen die slapende manne af. Maise maak hul verskyning, en net soos mense speel elk 'n eie rol, het elk 'n onderskeie karakter en optrede. Maar bo op die hanabalke sit die uil, onheilspellend met sy pieringoë — „gelijk het beeld van het Fatum, de ‚Deus ex machina‘ die de ontkenping brengen

zal, zit de uil daar onbeweeglijk als een afgod . . . ” Skielik val die uil geruisloos uit die hoogte, gryp met kloue en snawel drie slagoffers; die res van die muise vlug, en die tussenspel is uit.

Hierdie skynbaar betekenislose en toevallige intermezzo tussen die bedrywe van die menslike drama wat besig is om hom te voltrek in die ast, is 'n projeksie op 'n ander vlak van die lot van hierdie mense: die noodlot, die dood wat oor hulle kom, sy slagoffer gryp en die oorblywendes sterk onder sy indruk bring. Dus 'n sinvolle tussenspel binne die verband van dié „toneelstuk” — 'n aanduiding en beklemtoning van die diepste betekenis van die gebeure wat nou in die slotbedryf gaan plaasvind. Dis 'n onverwagte perspektiefverskuiwing, funksioneel, struktureel verantwoord, en van sterk dramatiese krag.

Knorre se eienaardige gesnork laat by elk van die ander die vermoede ontstaan dat hy (Knorre) sterf, maar elkeen is te vreesagtig om sy vermoede uit te spreek of om vas te stel of Knorre wel sterf: daarvoor het hulle 'n te sterk instinktiewe vrees vir die dood, daarvoor is die nag te swart en stormagtig. En hulle slaap maar, 'n onrustige en onderbroke slaap, en elkeen droom 'n droom waarin sy diepste en heimlikste lewensideaal byna verweselik word; juis dít wat elkeen voel het hom in die lewe ontglip, maar tog worstel elk in sy eie droom met die rondloper Knorre.

Blomme droom hy het, soos hy nog sy lewe lank gehoop het, 'n klomp geld gevind in 'n voëlne in 'n boom, en nou kan hy die notaris betaal vir die stuk grond wat hy nog altyd begeer het om sy eie boerderijtjie mee te begin. Tog is die som nie voltallig nie, en die laaste muntstuk wat hy uit die sak haal, is 'n perdekeutel! Dan weerklink 'n geweldige skaterlag — die notaris is Knorre wat hom uitlag.

Die onbeholpe, simpele Fliepo — allemanspot — se lewenswens was nog altyd om die onbekende vertes in te trek, om die verre streke, stede en mense waarvan Knorre so dikwels vertel het, te sien. In sy droom geraak Fliepo saam met Knorre in luilekkerland, maar net as hy 'n gebraaide varkskop van 'n boom wil pluk om te eet, begin Knorre hom pla en hou hom aan sy broek vas. In dié worsteling word hy gewek deur Hutsebolle.

Op sy beurt droom Hutsebolle dat sy spogposduif van 'n wedren terugkeer, maar dit gaan nie dadelik in die hok in sodat hy die tydskuur van die vlug kan vasstel nie. Soos die minute verbygaan, raak hy al hoe ongeduldiger, en dan

verskyn daar nog boonop 'n mosselman met groot geraas, wat die duif verskrik, sodat Hutsebolle hom van woede en teleurstelling aan die keel gryp en hom die kop inslaan. Dan sien hy die mosselman is Knorre.

Onwillekeurig konfronteer die teenwoordigheid van Knorre elk van hierdie drie mense met hul diepste self. So bv. besef Blomme half-wakend dat hy net vir homself geleef het; hy droom verder dat hy voor die heilige Petrus in die hemel verskyn, dat die verwyt hom gemaak word dat hy in sy naartstige arbeid en skraapsug om genoeg geld bymekaar te kry om die begeerde stukkie grond te koop, alle ander gawes van God verontagsaam het: „Hij zou willen smeeken om voorspraak, om tussenkomst, goedertierenheid inroepen, maar hij staat er met den mond vol tanden, als een botterik, beschaamd om met zijn boerenvlaamsch voor den dag te komen, en kan geen enkel stadhuiswoord vinden om Sint-Pieter op ordentelijke manier aan te spreken.”

Na die dag se kant toe, besef al drie dat Knorre dood is, want hy snork nie meer nie; al drie voel hulle op een of ander wyse betrokke by die dood van Knorre, en daarom hou hulle hul onwetend en laat dit aan De Maf en Lot oor om die ontdekking die volgende môre te doen.

Maar die drie voel dat dit 'n besondere nag was, asof hulle dié nag in 'n ander wêreld geleef het, en daardeur het hulle 'n nuwe insig in die werklikheid van die hiernamaals gekry, 'n insig tewens in hul eie bestaan en die verhouding van die waardes van die lewe. Wanneer die dagtaak begin en die lyk van Knorre deur die boer laat verwyder is, word die dubbele poortdeure van die skuur oopgemaak soos die gordyn van 'n toneel. Nog 'n dag begin. Die nagtelike drama is verby.

Diepgaande sielkundige indringing en ontleding vind ons gewoonlik nie by Streuvels nie — hy beoefen wat hy noem „handelende psigologie” in die uitbeelding van sy karakters. In hierdie opsig is *Het leven en de dood in den ast* 'n uitsondering, want veel handeling in die sin van optrede is daar nie — dis juis 'n drama van die menslike gees op die vlak van die onderbewuste van hierdie drie arbeiders wat hom manifesteer in die drome.

En dan word daar ook nog 'n bykomstige, geheimsinnige element bygebring: in hoeverre is hierdie drome juis veroorsaak deur die aanwesigheid van die dood (die uil van die intermezzo) in die droogoond in hierdie noodlotsnag? Dis 'n spel van lewe en dood in hierdie groteske toneel van lig

en donker. In hierdie opsig is dit 'n merkwaardige verhaal, ook in sy heel buitengewone en knap struktuur; daarby is die mense en die werklikheid wat Streuvels skep so konkreet en reëel.

Hierdie klein steekproef uit die werk van hierdie groot Vlaamse prosakunstenaar gee 'n mens enigsins 'n aanduiding van die grond waarop die waardering vir sy bydrae tot die bloei van die Vlaamse literatuur berus — 'n waardering wat in die hele Dietse wêreld bestaan, ook hier te lande waar sy werk diepgaande en heilsame invloed uitgeoefen het, o.a. op die werk van ons eie C. M. van den Heever.

By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

ELLA C. CLAASSEN :

Josefskleed

*Ineengestrengel die kleure
oor somber grond van donkergroen.
Vlekke; spatsels, rooi en geel
en soms ook perlemoen.*

*Dag na dag stort nog 'n spatsel —
Ons voltooi ons eie Josefskleed
ons kies self die kleure
volgens elke dag se lief of leed.*

By 'n Sterfbed

*Sy's oud en te swak om nog te lewe
haar gelaat is bleek soos die haelwolk se wit.
Haar oë is dof en diep in haar hoof gedolwe
en hul is soos sy self siek en uitgeput.*

*Dis of die speeksel in my mond wil stol
soos bloed uit 'n wond wat al swakker bloei
Want hier sien ek 'n mens wat byna geen mens is,
wat nie weet dat daar nog lewe in haar vloei.*

*Sal ook ek eendag so moet wag om te sterf —
Ek wat glo aan lewe en liefhê?
Kan dit wees dat die liefde verdwyn met die jare
dat ons almal op laas slegs hartseer sal hê?*

*Ek, met die polsende jeug in my are,
kan ek vir 'n oomblik by haar sterfbed staan
en saggies fluister: „Moedertjie, wees sterk;
langs groen velde sal Hy met jou gaan.”*

W. F. MEYER :

Modelvliegtuig

*Ek wil vlieg --
oor hierdie goue velde,
berge vlaktes, woude,
oor die see na vreemde lande.
Maar jy, my maker,
hou my vas
met 'n lyn,
dat ek om jou
punt
moet sirkel.*

*Ek wil vlieg —
deur die newelwolke,
om hulle te deurvors —
die aardse sublimasies.
Maar jy my skepper,
op die aarde
staan jy stil,
en laat my aan
'n lyn
net rondvlieg.*

*Ek wil vlieg —
na die hoë sterre,
wat enkel, sterk en vry is,
soos hulle wil ek wees.
Maar tog, my moeder,
liewe moeder,
aan 'n dun
breekbare bandjie
sirkel
ek om jou.*

Skoot In Die Spieël

*'n Spieël —
'n Skuldige man.
Verwyte flits
heen en weer.*

*'n Skoot —
'n Skuldige man
Alleen.*

J. C. COETZEE :

Wraak

*Waar die sterre se ruim,
en die wolke se skuim,
saam oor die aarde troon;
waar die sterre se dans
in die melkweg se glans,
hul trou aan die aarde verloën:
 Stil is die dag,
 en donker die nag.*

*Boor 'n ligstreep sy baan,
reg rondom die maan,
tot in stiltes van verre.
Die maan gryns gedweë,
met die vuurstreep verleë;
dán waarsku die sterre:
 Stil is die dag,
 maar stiller die nag.*

*In die vuurpyl se neus,
in die stilte, vol vrees,
sit 'n wese wat swyg;
deur benoudheid wat styg
skreeu hy in smaad:
„O God, dis te laat!”
 Ver is die dag,
 en donker die nag.*

*Die vuurpyl word mal,
en bars met 'n knal;
'n knal wat die gees,
laat inkrimp van vrees,
en alles word lig.
Die sterre wat wag,
verdwyn in die nag
na hul wraak op die mensegeslag.
Lank is die dag,
En vreeslik die nag.*

Oor Boeke

Die etiek van GEKNELDE
LAND

Frans Venter se roman *Geknelde Land* begin op 'n hoë noot, met mooi kunsprosa en 'n groot konflikstelling. 'n Gespieerde Voortrekkerboer, die romanheld Rudolf Dreyer, wat sy plaas op die Grens met bloedsweet opgebou het, word deur 'n bevooroordeelde rassebeleid, en deur die moord op sy seun en die plundering op sy besittings, gedwing om weg te trek. Dit bring mee dat hy hom van die grond wat hy liefhet, en die Britse regering wat hy vertrou het, pynlik moet losseur.

Kort voor die Groot Trek het hordes egter die grensplaas van die ou kolonie geplunder, huise afgebrand, gesinne vermoor, swart bediendes uitgemeor, ossewaens verbrand en al die vee geroof en weggevoer. Die held van *Geknelde Land* was op daardie stadium totaal uitgeroei. Hy kry egter by 'n privaatteldskietter geld te leen, om weer mee te begin boer. Daarmee koop hy o. m. 'n nuwe wa en osse. Hy begin weer boer, maar dadelik volg nuwe strooptogte van die deur die regeringsbeleid bedorwe barbare; en teen sy sin, besluit hy om saam met die ander mense te trek.

Dan eis die geldskietter dat hy die geleende geld eers moet terugbetaal, voordat hy met die bates wat daarvoor gekoop is, oor die grens trek. Hierdie natuurlike eis skep 'n situasie wat met innerlike en uiterlike konflikte belaa is, en die vraag of Rudolf Dreyer 'n moontlike of onmoontlike romanfiguur is hang daarvan af hoe hy reageer. Sal hy die wa en osse terugbesorg aan die geldskietter, wat tog die wettige eienaar daarvan is? Sal hy by 'n vriend wat saamtrek, geld leen? Sal die Voortrekkergemeenskap, onder leiding van Piet Retief, hom bystaan? Sal hy met vrou en

kinders te voet trek? Sal hy sy trekplanne uitstel? Of ... sal die geheimsinnige karakter, Meester, sy spaargeldjies uit sy sak tower en sy koppige, hom vyan-diggesinde beskerming se skulde betaal? Die bates sou dan sy eiendom wees, en Dreyer sou wettiglik daarmee mog trek, terwyl Meester tóg saam met die familie trek.

Die leser weet dat eerlikheid met sulke transaksies 'n spesiale aspek van die Voortrekker-etiek was. Dit was 'n tradisionele eer, 'n Christelike plig, wat meer sekuriteit gebied het as 'n skriftelike skuldbewys vandag. Vir wie die lewensbeskouing en die godsdiensoopregtheid van die Voortrekkeremense ken, was dit dus nie net skuld nie, maar nasionale ereskuld. En vir 'n skrywer wat 'n historiese roman oor die Voortrekkers wil skryf, is die etiese agtergrond net so onontbeerlik as 'n doek vir 'n skilder. Onkreukbaarheid is vir die Christelike estetika wat die donker agtergrond vir Rembrandt-skilderye is. As Rudolf Dreyer 'n Voortrekkerfiguur is, dan moet hy voorvader wees van die Afrikanernasie in die algemeen en van die Dreyer-familie in besonder. 'n Stout literêre kritikus kan hom maklik afvra of die beroemde dominees Dreyer hom as hulle prototipe erken.

Die romanheld is dus 'n Voortrekker, met al die figuurlike en letterlike betekenisrykdom waarmee die geskiedenis die Voortrekkerfiguur bedeel het. Hy behoort dus gebeld te gewees het soos Van Wouw se Boerewagte by die Krugerstandbeeld, of, soos 'n Retief deur Preller, of 'n Hertzog deur Van den Heever. Daarin het Venter nie geslaag nie. Pleks van 'n beginselvaste, vrome, stoere, sobere, strenggereformeerde baanbreker, beeld hy 'n koppige, siel-sieke swakkeling uit wat herinner aan die vuisvegterhelde van

die ontspanningslektuur. Dit word gedoen in 'n onrealistiese avontuurverhaal, waarin 'n Deus-ex-Machina drie keer die logiese motivering versteur.

Pleks daarvan om uit die uiterlike konflik met imperialisme en barbarisme, en die innerlike konflik met die verknogthede, vrese, drange, trots en vooroordele van die eie siel, 'n eties-estetiese harmonie te skep, laat Venter die situasie in 'n growwe familietwis ontaard. Dadelik word die heldin, m.a.w. die beeld van die Voortrekker-vrou, met skinderstories van egbreuk beklad. Om aanneemlik te gewees het, moes so 'n Voortrekkerverhaal 'n epos gewees het. Om epies te wees, moes dit verheve en statig gewees het. Venter dobber egter van die laagste banaliteit tot die heiligste verhevenheid. Die leser weet nooit of die held en die heldin edelmense, kranksinniges, woestaards of skelms is, wat met geleende goed wegloop nie. Soos sy gedagtegang is ook sy taal en styl: hier verheve en skoon; suiwer; daár goedkoop en grof; vals.

Dis bitter jammer dat die skrywer deur sy verarring van ware kuns met sensasielektuur, sy verbandlose mengelmoes van goed en kwaad, en deur sy gebrek aan onderskeid tussen heldedaad en misdad, die goud wat hy in sy hande hét in koper laat ontaard.

Die jammerste is egter dat hierdie boek, wanneer dit in vreemde tale vertaal word, die volkslasterlike indruk sal versprei dat die Voortrekkers misdadigers was, wat hulle wettige skuldeisers met wapens aanhou, en koolsambokspan, totdat die skuldenaars, met die gesteelde bates, ver oor die grens gevlug het. Namens alle bewonderaars van die Voortrekker-etiek, namens alle kenners van die wetlike aspekte van die Groot Trek, vra ek Frans Venter om sy roman, voordat dit vertaal word, oor te skryf, en die internasio-

naal-volkslasterlike implikasies te sensureer.

A. ALBERTS

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL, Deel IV, H—I (Staatsdrukker, Pretoria, 1961, 730 bl.)

Op die bekende trant van die voorafgaande drie dele het nou ook die vierde deel van WAT verskyn. Daar is baie geredeneer en getwis oor hierdie trant. Ek wil nie daaraan deelneem nie. Dit sal nie help nie.

Deel IV (ook die ander dele) bevat woorde wat in horisontale (geografiese) dimensie waarskynlik ons hele taalgebied dek, bv. die *hardeklap(s)* van die Swartland, die *hardehoed* van N.W.-Kaapland en die *houbok* van die Kalaharistreek.

In die vertikale dimensie strek die woorde en uitdrukkings van plat (*ingat*), familiër (*van die honger blaf* onder *honger*) en sentraal (die kernwoorde van 'n taal) tot deftig (*hoof* teenoor *kop*), tegnies (*ingangstroom*), wetenskaplik (*hyperkeratosis*), geleerd (*imprimatur*), verheve (*inbeier*) en eksoties (die hele rits woorde soos *ipil* en *istle*).

Ook ons sosiale groepe se taal is ruim in ag geneem. Die boer, die visser, die jagter, die Kleurling — almal praat in die bladsye van WAT.

In die tydsdimensie is daar woorde wat van argaïes-verouderd (*inbaker*, *impetiek*) tot die heel modernes loop.

Die toeloop na WAT se dam is dus baie wyd gestel. Die enigste moeilikheid is natuurlik dat die slikvanger nie altyd goed gewerk het nie. Dit kan een punt van kritiek wees, nl. dat die sentrale woordeskat 'n bietjie verstik geraak het onder die periferale.

Die tweede punt van kritiek kan die wyse wees waarop die opgenome woorde behandel is — en hier moet die beoordelaar sommer alle vakke ken. Die linguïst sal veral na die kernwoor-

de van die taal kyk en dan bv. verneem dat 'n hoender 'n „hoenderagtige” voël is met „geskubde loopbene” en „'n opgerigte, dakvormige stert”. Dit alles en die mooi prentjies daarby is vir hom minder insiggewend, hoewel dit ander mense kan interesseer. Hy lees dus maar haastig verder tot by die uitdrukkings, waar hy vind wat hy wil hê of dit nie vind nie.

Verder sal die linguïst na die woorde en uitdrukkings van sy vak soek. Hy vind hulle ook, bv. *Hoogduitse klankverskuiwing, homorganies, hiperkorrek, idiolek (amper vergeet — dis in die supplement opgeneem)*, ens.

Sowel by die kernwoorde as by die linguïstiese vakwoorde en by die hele linguïstiese behandeling van die stof sou ek lank wil stilstaan, maar in 'n kort aankondiging kan 'n mens geen reg daaraan laat geskied nie. Net een greep: onder *intensief* staan: „*Hik* is 'n intensief van *hyg* en *wik* van *weeg*.” Wanneer sal ons ophou om 'n taaltrap van die gryse verlede te beskryf asof dit nog bestaan?

So sal elke mens in *WAT* kry wat hy soek: kennis, inligting, wysheid, stigting, prentjies en formules, maar hy sal nog steeds self daaruit sy eie beeld van die Afrikaanse taal moet maak.

Een ding is seker: die Afrikaaner kan maar sy ore deur ons hele taalgebied en by alle soorte mense en vakke oopmaak en hy kan die ganse Dietsland en Wes-Europadom deurkruis, en alles wat hy hier hoor, sal hy tien teen een netjies verklaar vind in *WAT*.

M. J. POSTHUMUS

J. van Melle: *VERSPEELDE LENTE*, Nasionale Boekhandel, Kaapstad 1961.

Jare gelede, net na die verskyning van die toneelstuk *Die Huwelik van Pop Le Roux* (1935), het ek aan die skrywer gesê:

Dis jou beste roman. Sy flegmatiese antwoord was: Bes molik.

Daarby het dit vir eers gebly. Hy het hom toe gewy aan *Bart Nel* (1936 — Nederlands), en dit omgewerk in Afrikaans — *En ek is nog hy* (1942), wat gaandeweg van bevoegde sy erken word as een van die grootste romans wat dusver in Afrikaans geskep is. Wat dáár opval is die verbete proses van vereensaming wat gebore is uit die hoofkarakter se stryd teen die bestanddele in die samelewing wat hom anders wou maak as wat hy was. Dis 'n geslote, harde werklikheid, geslyp soos 'n diamant met baie fasette, deursigtig, wat angs om jou hart laat slaan oor die eensaamheid van die mens.

En tog het Van Melle in dieselfde tydperk die volmaakte keerbeeld van daardie roman geskep: *Verspeelde Lente*, wat teen ongeveer 1940 geskryf is, verskyn het as vervolgstuk in *Die Huisgenoot*, en nou as aparte boekwerk gepubliseer is deur die Nasionale Boekhandel, sewe jaar na die dood van die skrywer.

In *Bart Nel* het ons die beeld van die groeiende eensaamheid van die mens. In *Verspeelde Lente* die geloof in die goeie in die mens, die beeld van die mens wat met die regte gesindheid teenoor sy medemens, weier om die kwaad die oorhand te laat kry en wat daarom gaandeweg al hoe stewiger ingebou word in die draad van die samelewing sodat hy uiteindelik sterk staan onder en in sy mense, een van hulle, 'n gelukkige enkeling.

Hierdie twee romans is 'n tweeling, nie identies nie, maar onafskeibaar. Hulle moet saam gelees word, liefes saam in een bundel verenig wees. Met dié tweeling staan Johannes van Melle se naam onuitwisbaar geskryf in die ontwikkeling van die Afrikaanse romankuns.

ABEL COETZEE

KADETTE — „Klein" en „Groot".

Met die koms van die Republiek het iets onverwags gebeur: Afrikaans, ons moedertaal, wat in die ou Angelsaksiese gemeenbestelike verband 'n minderheidstaal was, word nou in republikeinse verband buite die gemeenbes van state 'n meerderheidstaal. Ons bly natuurlik in die nuwe bedeling nog beskiet oor die uitstekende diens- te van Engels, maar nou word dit meteens duidelik dat ons uit gegroei het bokant wat Engels alleen kan bied, en dit beteken dat ons op eie wieke moet staat- maak om elders te vind en aan te vul wat kortkom aan dié dinge waarmee die gees gevoed word. Buitekant die wêreld van Engels geskied daar heel veel wat vir ons van betekenis is, en ons sal moet toesien om wat dáár gebeur tot ons voor- deel binne te haal.

Dit verg in die eerste plek onder- nemingsgees van ons boek- handelaars en uitgewers en dit verg tweedens uitgebreide tale- kennis. Dat ons veel meer tale sal moet bestudeer as wat tot nog toe die geval was, staan seker nou al bokant alle kyf verhef, maar so iets gebeur nie met die dagwisseling nie. Omdat ons talekennis nog lank nie toe- reikend sal wees nie, moet ons veel en in toenemende graad in Afrikaans vertaal uit ander tale, stelselmatig en volgens plan, indien ons ingesluit wil bly in die stroom van die wêreldgebeure.

Om al hierdie oorwegings by- mekaar is dit met besondere ge- noë dat ons ons lesers bekend wil stel met 'n besonder prikke- lende onderneming van Tafel- berg-Uitgewers met die uitgee van twee reekse jeugboeke: *Klein Kadette* (vir outjies onder 11 jaar) en *Kadette* (11 jaar en ouer). In die twee reekse is van die beste opgeneem uit die letterkundes van die Westerse kultuurlande, met die uitsonde- ring van Engels — omdat die taal geredelik maklik vir ons

toeganklik is. Sodat alle wer- ke wat in die twee reekse tot dusver verskyn het, is bekroon met nasionale of internasionale toekennings.

Die vertalings is goed versorg en die gekose werke is van so 'n aard dat daar eintlik werklik geen ouderdomsgrens aan die le- sers is nie. Die werkies kos al- mal R1.25, en eintlik behoort geen huisgesin sonder hulle te wees nie.

Kadette 2.

Tot dusver het verskyn:

Kadette: Nicholas Kalashni- koff: *Tojon, held van die Noord- land*, uit Duits; Hertha von Geb- hardt: *Die dogtertjie van érens*, uit Duits; Olle Mattson: *Die seil- skip Drie Lelies*, uit Sweeds; Miep Diekmann: *Die skuite van Brakput*, uit Nederlands; Eda en Richard Crist: *Die geheim van Kalkoenberg*, uit Amerikaans; Jean Deneys: *Die krete sterf weg*, uit Frans.

Klein Kadette:

Harry Kullman: *Die geheime reis*, uit Sweeds; Babbis Friis Baastad: *Die woord van eer*, uit Noors; Jeanne Loisy: *Die blou papegaai*, uit Frans; Edith Un- nerstad: *Somer by Ouma*, uit Sweeds; Finn Havrevold: *Maren se uiltjie*, uit Noors; Heinrieh Denneborg: *Jan en die wilde perd*, uit Duits.

In aansluiting by hierdie ver- taalde onderneming verskyn by dieselfde firma 'n vertaling vir volwassenes uit Duits van 'n werk waarin 'n wêreldberoemde sjirurg op pakkende wyse ver- tel van die Ongesiene wat altyd bystaan waar siekte en operasie is, t.w. Hans Killian: *Een staan by* (R1.80).

Ook vir die heel kleintjies is daar die mooi gekleurde Duitse kinderboek van Reiner Zimnik en Hanne Axmann: *Die uiltjie in die standbeeld*, in Duitsland gedruk en besorg deur Tafel- berg-Uitgewers (R1.35).

JOH. L.

Chris Barnard: DIE HOUT-
BEELD, A.P.B., Johannesburg
1961 R.120

Die debuutbundel van hierdie jong skrywer het verlede jaar verskyn onder die titel *Bekende Onrus*, waarmee hy allerweë lof ingeoos het.

Die huidige bundel, 'n novelle: *Die Houtbeeld*, is volgens mededeling van die uitgewer op die skutomslag, geskryf vóór die novelles in die debuutbundel, nl. op agtienjarige leeftyd. As ons dit in aanmerking neem, stel ons vas dat hierdie novelle 'n sterk belofte inhou, alhoewel daar ook nog spore van jeugdige onrypheid in voorkom, bv. die geharwar met die hofszaak waarin 'n persoon van moord verdink word. Ons regsproses werk nie só nie.

Tog is dit reeds verdienstelik en dit sal belangstelling in die skrywer se loopbaan prikkel.

A.J.C.

Jac. J. Brits: SEUN VAN VER-
TROOSTING (Afrikaanse
Pers-Boekhandel, Johannes-
burg en Kaapstad. Prys R1.10)

Dis met gemengde gevoelens dat mens hierdie drama deurlees. Dit bestaan uit drie bedrywe, speel hom af tydens die Groot Trek — om presies te wees: die jaar 1837 — en dit beeld in hoofsaak die swaarkry van 'n moeder uit wie se eerste drie seuns reeds gesneuwel het, daarna haar man, en wat oplaas haar enigste oorblywende seun eiehandig doodskiet omdat hy 'n papbroek is en op die vlug geslaan het in stede daarvan dat hy sy sterwende vader bygestaan het. Martha (die moeder) is in alle opsigte die toonbeeld van die edele, fiere Voortrekkervrou, vir wie geen offers te groot is nie, wat die dwarstrekke onder die mans oorreed om 'n nuwe leier te kies, maar wie se hoop op Paul sodanig beskaam word dat sy tot dié uiteerste stap oorgaan.

Paul is daarenteen, volgens die kantstrokie, die „held” van die drama, heel waarskynlik die „tragiese” held, want hy kwel hom oor sy eie swakheid, sit opgeskeep met 'n wroeging wat

hom óf wil laat wegvlug van die laer af (Natal toe, of Kolonie toe om ander Trekkers die roete aan te dui!), óf wat hom telkens laat afsit rivier toe met selfmoordgedagtes. Hy verbeur in dié proses die liefde van Anna, asook die respek van sy laergenote (daar vind selfs 'n lewendige vuisgeveg op die verhoog plaas) en as Anna in 'n skielike ommeswaai van gevoelens weer haar liefde teenoor hom verklaar en hom ompraat om sy lafhartige daad aan sy moeder te bieë, gryp laasgenoemde 'n roer wat, gerieflik byderhand en gelaai, teen 'n wawiel staan en sy „stuur hom weg”. Want (die dood) „maak nie verskil tussen mense nie. Jy sal net so rus soos jou vader en jou broers...”

Tussen hierdie hooftrekke deur is daar veel wat ons kan waardeer, veral vir diegene wat die visier nie so hoog stel nie of wat minder verwagtinge gekoester het. Daar is voldoende botsing en teenstelling; 'n voldoende verskeidenheid figure om die „sosiale” samestelling van 'n Voortrekkerlaer te weerspieël; voldoende handeling — uiterlik en innerlik — om die leser, of toehoorder, van verveling te vrywaar. Ons word ingelig omtrent die Trekkers se beweegredes en motiewe, hul doelgerigtheid en ideale, ook hul daaglikse leefwyse. (Net jammer dat Willem se wa as 'n „sy” bestempel word — feitlik 'n anachronistiese Anglisisme!) Die skrywer mág dalk die agtergrondmusiek, sowel gewyd as jolig (laasgenoemde by die „vleisbraaie”) oordryf het, maar die hoofspanning oftewel die eintlike rede vir Paul se eienaardige gedrag word volgehou tot die onverwagte einde.

Opvoerbaar is die stuk bepaald. Uit hoofde van die temakeuse en strekking, die rolleverskeidenheid en die moontlikhede wat dit bied ten opsigte van musiek, sang en kostumering — en mits die regisseur oordeelkundig snoei — behoort dit veral onder hoërskoolleerlinge byval te vind.

J. KROMHOUT

Boeke Ontvang

- Paul Giniewski: *Bantustans, a trek towards the future*; Human en Rousseau, Kaapstad 1961; R2.10
- Jac. J. Muller: *Uitgesoekte silwer*, sestig jeugboodskappe gekeur uit die weeklikse rubriek van die skrywer in die naweekuitgawe van Die Burger, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1961; R1.75.
- Hélène Pienaar de Klerk: *In 'n ou Kaapse tuin*, 'n toneelstuk in een bedryf vir klein en groter kinders; Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1961; 87 sent.

Elata-Handelsdrukkery (Edms.) Bpk., Johannesburg.

